# Beknopte Kerkgeskiedenis vir Katkisasie

**Deur**

dr. B. Spoelstra

**(Tweede, hersiene uitgawe)**

**INHOUDSOPGAWE**

**INLEIDING**

VOORWOORD VAN DIE DEPUTATE VIR KATKISASIE
WOORD VOORAF BY DIE TWEEDE DRUK

**DEEL I**

**ALGEMENE KERKGESKIEDENIS VANAF PINKSTER TOT IN NEDERLAND 1892**

Hoofstuk 1: WAT IS KERKGESKIEDENIS?
Hoofstuk 2: DIE BEGIN VAN DIE KERKGESKIEDENIS
Hoofstuk 3: DIE TYDPERK VAN VERVOLGING VAN DIE KERK (65 tot 324 n.C.)
Hoofstuk 4: DIE INWENDIGE TOESTAND VAN DIE KERK VOOR DIE ROOMSE KERK
Hoofstuk 5: DIE OPKOMS VAN DIE ROOMSE KERK
Hoofstuk 6: DIE ROOMSE KERK EN SY LEER
Hoofstuk 7: DIE KERKHERVORMING
Hoofstuk 8: DIE UITBREIDING VAN DIE KERKHERVORMING EN DIE ROOMSE REAKSIE DAARTEEN
Hoofstuk 9: DIE KERK IN NEDERLAND, DIE LAND VAN JAN VAN RIEBEECK
Hoofstuk 10: DIE GEESTESTROMINGE IN EUROPA
Hoofstuk 11: DIE GESKIEDENIS IN NEDERLAND, 1619-1892

**DEEL II**

**SUID-AFRIKAANSE KERKGESKIEDENIS**

Hoofstuk 12: DIE KAAPSE KERK IN DIE TYD VAN DIE KOMPANJIE
Hoofstuk 13: INGRYPENDE VERANDERING VAN DIE KAAPSE KERK ONDER DIE BATAAFSE REPUBLIEK, 1804
Hoofstuk 14: DIE ONTSTAAN VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK, 1843
Hoofstuk 15: DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE EN DIE HERVORMDE KERK IN DIE REPUBLIEKE
Hoofstuk 16: "DIE DOPPERS"
Hoofstuk 17: DIE STRYD OP KERKLIKE VERGADERINGS VAN DIE NEDERDUITSE GEREEORMEERDE KERK
Hoofstuk 18: DIE STRYD OP KERKLIKE VERGADERINGS VAN DIE NEDERDUITSE HERVORMDE KERK VAN TRANSVAAL, 1853-1859
Hoofstuk 19: DIE KOMS VAN DS. POSTMA, 1858.
Hoofstuk 20: DIE GEREFORMEERDE KERK WORD HERSTIG, 1859.
Hoofstuk 21: DIE UITBREIDING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKVERBAND
Hoofstuk 22: DIE GEREFORMEERDE KERK IN S.A.
Hoofstuk 23: DIE ONDERWYSINRIGTINGS

**DEEL III**

**DIE SEKTEWESE**

Hoofstuk 24: KERK EN SEKTE
Hoofstuk 25: SEKTES WAT DIE APOSTELAMP OORSKAT
Hoofstuk 26: SEKTES WAT DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS OORDRYF
Hoofstuk 27: PERFEKSIONISTIESE SEKTES
Hoofstuk 28: GODSDIENSTIGE STROMINGE

## VOORWOORD VAN DIE DEPUTATE VIR KATKISASIE

Ons katkisasie het 'n chroniese tekort aan studiemateriaal veral aan handboeke oor die verskillende terreine van die werk. In hierdie verband is die gebied van die kerkgeskiedenis geen uitsondering nie. Vir die onderwyser en die gevorderde katkisant bestaan daar 'n handleiding maar vir die jonger kinders glad nie, en omdat ons daarvan oortuig is dat hulle ook hierdie kennis moet ontvang, het die Deputate vir Katkisasie 'n tyd gelede 'n beroep op belangstellendes gedoen om 'n poging aan te wend om 'n handboek vir hierdie leerlinge saam te stel.

As antwoord hierop het dr. B. Spoelstra die manuskrip van hierdie boek aan die Deputate voorgelê. Dit het die lede bevredig, omdat die skrywer in heel eenvoudige taal op onderhoudende wyse die breë verloop van die kerkgeskiedenis meedeel. Daar word nie bloot by die chronologiese volgorde van die feite gebly nie maar deurgetas na die rykdom van die volle geloofslewe.

Die Deputate vir Katkisasie wil hierdie boekie by ons Katkisasie van harte aanbeveel en die hoop uitspreek dat daarvan uitgebreide gebruik gemaak sal word. Mag dit in ruime mate bydra tot die behoud van ons jeug vir die Gereformeerde leer.

H. J. J. Bingle (Voorsitter)
M. J. Booyens (Skriba) April 1960.

## WOORD VOORAF BY DIE TWEEDE DRUK

Die eerste ontmoeting van die kind met kerkgeskiedenis maak 'n eenvoudige handboekie onmisbaar.

Op die oproep van die Deputate vir Katkisasie het die opsteller in 1960 geprobeer om in die behoefte te voorsien. In alle beskeidenheid is hierdie werkie aangebied. Op versoek van die Deputate is 'n geringe uitbreiding by die tweede druk en 'n inleiding op die Sektewese aangebring.

Dit is bedoel *vir die kinders*. Daar is getrag om 'n draad deur die verskillende hoofstukke vas te hou. Tegelykertyd is, met die oog op die so noodsaaklike verbreding van kennis by die onderwyser en die belydeniskatkisant, aan die einde van elke hoofstuk 'n beperkte literatuurlys geplaas. Daarin word deurgaans aangetoon hoe die omvattender *"Handleiding vir die studie van kerkgeskiedenis"* deur prof. S. du Toit en *Dwaling en waarheid* deur prof. S. P. v.d. Walt by die derde deel hiermee saam gebruik moet word. Die literatuurlys kan ook gebruik word om opstelle te laat skryf oor hoofstukke waaraan meer aandag gegee moet word. *Dit is egter baie noodsaaklik dat die onderwyser van die literatuur gebruik sal maak.* Die onderwyser moet oor meer kennis beskik. Dit sal die behandeling van die hoofstukke ten goede kom. Vir groter doeltreffendheid is 'n aantal vrae aan die einde van elke hoofstuk geplaas.

Ons is ons bewus van baie gebreke wat hierdie poging aankleef. Mag die Here dit egter gebruik om liefde en belangstelling vir die suiwere openbaring van sy kerk op aarde by katkisant en onderwyser wakker te maak. Dit is die opregte bede van die opsteller.

B. Spoelstra
Bellville, 1963.

# DEEL I

# ALGEMENE KERKGESKIEDENIS VANAF PINKSTER TOT IN NEDERLAND 1892

# Hoofstuk I
# WAT IS KERKGESKIEDENIS?

Kerkgeskiedenis is die *geskiedenis* van die kerk. Die woord *kerk* beteken presies dieselfde as die woord *gemeente.* Dit is twee woorde van verskillende stamwoorde afgelei (bv. soos *munisipaliteit* en *stadsbestuur* dieselfde beteken). Ons Bybel vertaal die woord altyd met *gemeente*, bv. gemeente van Efese, van Smirna, ens. (Openb. 2 en 3). Dit kon ook met *kerk* vertaal gewees het.

Die kerkgeskiedenis beskryf die pad waarlangs die georganiseerde kerk op aarde beweeg het.

*Wat is die kerk of gemeente?*
Die woord *kerk* of *gemeente* het in die Bybel tweërlei betekenis, naamlik 'n algemene en 'n plaaslike kerk.

***(i) Die heilige algemene Christelike kerk.***
In die eerste plek maak die Bybel gewag van die *gemeente* (kerk) en bedoel daarmee die Liggaam van Christus, sy Bruid, sy Tempel van lewende stene gemessel. Hierdie gemeente (kerk) is wêreldwyd en word deur die lang eeue heen deur die ware gelowiges uit alle volke, tale en nasies gebou. Dit is die gemeente (kerk) van die uitverkorenes, soos God dit ken. Die mens kan nie oor alle eeue en lande heen kyk nie. Vir die mens is hierdie kerk daarom *onsigbaar.* Lees nou eers Sondag 21, vraag 54, in die Heidelbergse Kategismus en art. 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. (Lg. word verder tot N.G.B. afgekort.)

***(ii) Die plaaslike kerk.***
In die tweede plek noem die Bybel ook die vergadering van gelowiges op 'n sekere plek en tydstip 'n gemeente of kerk. Hierdie plaaslike *gemeente* is 'n kerk wat gesien word. Dit bestaan uit gelowige broeders en susters (klein en groot) en word deur God regeer onder leiding van ampsdraers. So spreek die Bybel van die gemeente (kerk) van Korinthe, van Efese, van Antiochië, ens. Dit is die *sigbare kerk* op 'n bepaalde plek en in 'n bepaalde tyd. Dit is die kerk *soos ons dit sien* en waaraan ons behoort, nl. ons gemeente.

***Die verhouding van die algemene tot plaaslike kerk.***
Die plaaslike kerk (gemeente) moet so suiwer moontlik die *onsigbare* of heilige algemene Christelike kerk openbaar. Die plaaslike kerk moet 'n portret wees van die Bruid van Christus. Dit moet in die klein wees wat die heilige algemene Christelike kerk in die groot is. Die Here werk die geloof deur sy Woord en Gees in die gelowiges. So word ons in die *eerste plek* lidmate van die ware kerk, die onsigbare Liggaam van Christus. Maar nou spreek dit in die tweede plek vanself dat almal wat op 'n bepaalde plek dieselfde geloof het, ook bymekaar moet kom. So word die plaaslike kerk dan gevorm. Die onsigbare kerk (die uitverkorenes) is eerste; die plaaslike gemeentes vloei daaruit voort.

Die plaaslike kerke (gemeentes) gaan verby, en by die voleinding sal dit net die algemene Christelike kerk wees wat dan uit alle volke en tale voltooi en klaar gebou sal wees. Hierdie algemene kerk, die Liggaam van Christus, beërf dan die nuwe aarde.

***Die Kerkverband.***
Gelowiges wat dieselfde geloof het, verenig met mekaar om 'n gemeente te vorm (vgl. Kategismus, vraag 55; N.G.B., art. 28). Net so vorm die gemeentes weer 'n *kerkverband* met

die gemeentes (kerke) wat met hulle *één* is in geloof en kerkregering. So ontstaan dan klassisse en sinodes (die kerkverband). Ons dink baiemaal die sinode is die eintlike *kerk* waaraan ons behoort. Dit is nie so nie. Ons behoort aan 'n gemeente, 'n plaaslike kerk. Omdat ons daaraan behoort, kry ons gevolglik deel aan die kerkverband, waar die kerk-raad saam met ander kerkrade regeer.

***Konklusie.***
'n Kerk (gemeente) is daarom *altyd* (sigbaar of onsigbaar) 'n *vergadering* van *gelowiges.* Dit is 'n vergadering wat die Here deur sy Woord en Gees vergader, regeer en bewaar. Sodra 'n kerk (gemeente) nie meer aan die Woord en Gees gehoorsaam is nie, word dit 'n valse kerk of kerkver-band. Dit maak art. 29 van die N.G.B. duidelik. (Gaan die kenmerke van die ware en valse kerke in die artikel na.)

***Die verskil tussen die kerk en 'n genootskap.***
In art. 27 en 28 van die N.G.B. en vraag 54 van die Kategismus het ons gesien dat die kerk 'n vergadering van gelowiges is wat die Here deur sy Woord en Gees vergader. Die bestaan van die kerk is daarom gegrond op die *wil van God* en nie op die *wil van mense* nie.

Daarom kan ons die kerk of gemeente nie as 'n *genootskap* of *vereniging* van mense beskou of so van die kerk praat nie. Mense stig 'n landbougenootskap of musiekvereniging, maar die *Here vergader sy kerk.* Hiermee neem ons Gereformeerdes sterk standpunt in teen alle valse kerkbegrippe.

***Die kerk kan dwaal.***
Dit is egter in hierdie sondebedeling so dat die sigbare kerk nog nie die onsigbare kerk *volkome* kan openbaar nie. In die sigbare kerk kan mense wees wat nie waarlik tot die onsig-bare kerk behoort nie. Omdat hulle in die mode wil wees of ter wille van vriendskap, hulle werk, hulle man of vrou behoort hulle aan die kerk, maar nie omdat hulle waarlik in God glo en aan sy Woord gehoorsaam is nie.

Sodanige mense kan soms *doelbewus* hulle eie opvattings in die kerk invoer, direk teen die voorskrifte van die Woord in. Aan die ander kant kan goeie gelowiges, vanweë hulle sonde, ook *onbewus* die waarheid verloor en dwaal.

Daarom kan die sigbare kerk of gemeente *dwaal.* Net soos elke mens hom elke dag na die waarheid van die Woord moet bekeer, moet ook die gemeente, as 'n liggaam, hom gedurig bekeer (reformeer) om gereformeerd te bly. 'n Liggaam moet die kwaad uitwerk, anders word dit siek.

1. *Die kerkgeskiedenis is daarom belangrik, want dit leer God se werk met sy kerk op aarde.* Teenoor soveel swakheid en sonde by die kerk leer ons God se genade, barmhartigheid, lankmoedigheid en trou ken, soos Hy die swakke kerk beskerm, bewaar en hervorm.

2. *Ons leer ook baie dwalinge, kettery, sonde, ens. ken,* waarmee Satan die kerk deur die eeue van die waarheid wou aftrek. Hierteenoor het die kerk deur die eeue uit die Woord, onder leiding van die Heilige Gees, die *waarheid* gesoek. So is die Geloofsbelydenis deur die kerk geformuleer.

3. *Ons leer ook die eenheid van die onsigbare kerk bo die aardse verdeeldheid ken.* Soos Abraham 'n groter geloofsheld was as Lot, so verskil die kerke ook in hulle begrip en

uitlewing van die *waarheid.* Lot mag nooit ons ideaal wees nie.

Ons is geroepe om te stry vir die volmaakte — so is dit met kerke ook. Sommige dink hulle vorm 'n kerk, terwyl dit miskien glad nie die geval is nie. Ander het soos Lot maar 'n flou sin van die waarheid. Die ware kerk moet vierkantig op die Woord van God staan. Dan is dit suiwer en tot eer van God.

***Die roeping tot reformasie***

Al weet ons dat geen volmaakte kerk op aarde kan bestaan nie, moet ons altyd ons eie kerk aan die Skrif toets, sodat dit in belydenis en in kerkregering so suiwer moontlik in ooreenstemming met die Woord van God kan wees. As die kerk dwaal, moet ons met krag daarteen getuig. Dit gaan om God se eer, nie om menslike opinie nie.

Wanneer 'n kerk egter hardnekkig weier om hom na die Skrif te hervorm (bekeer), word dit vals. Dan is dit nodig om so 'n kerk terwille van die waarheid te verlaat. Dit moes Luther met die Kerkhervorming, De Cock in Nederland in 1834 en ook die Gereformeerdes in Suid-Afrika in 1859 doen.

Die kerklike verdeeldheid op aarde is daarom 'n gevolg van die sonde. Die mens in die kerk is soms te swak om deur te tas na die volle waarheid en soms te hardnekkig om sy verkeerdhede te bely en daar van af te sien. Dan moet so 'n kerk ter wille van die gewete voor God verlaat word om tot 'n *suiwere* kerkformasie oor te gaan. Die wat afskei, kan egter ook sonde doen indien hulle nie deur die waarheid gelei word nie. Om 'n kerk te verlaat is 'n gewetensaak voor God.

As die verskille egter verdwyn, d.w.s. wanneer die ander hulle ook na die Skrif en belydenis hervorm het, dan *moet* die *kerklike* eenheid herstel word. Kerklike eenheid of lidmaatskap van 'n kerk mag egter nooit ten koste van die waarheid gesoek word nie. Dan onteer ons God.

Ons glo dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die *suiwerste* openbaring van die Liggaam van Christus is; daarom behoort ons daaraan. Ons behoort nie daaraan omdat ons glo dat dit die alleensaligmakende kerk is nie. Ons behoort daaraan omdat ons glo dat dit die eer van God die suiwerste dien. Dit moet ons uit die kerkgeskiedenis leer.

***Opmerking:***

Die katkisante moet art. XXVII tot XXXII uit die N.G.B. opsom. Veral art. XXIX is baie belangrik. Daarmee saam moet vrae 54, 55 en 123 van die Heidelbergse Kategismus geleer word. Ons uitgangspunt is die geloof wat ons bely.

***Literatuur:***

S. du Toit: *Handleiding vir die studie van kerkgeskiedenis,* hoofstuk 1.

**VRAE:**

1. Wat is kerkgeskiedenis?
2. Met watter twee betekenisse word *gemeente* (kerk) in die Bybel gebruik?
3. Wat is die kerk volgens vraag 55 van die Kategismus en art. 27 van die N.G.B.?
4. Hoe kom die kerk volgens vraag 54 van die Kategismus tot stand?
5. Hoe kom die plaaslike kerk volgens artt. 27 en 28 N.G.B. tot stand? Is dit 'n menslike genootskap of vereniging?

6. Wat is die verhouding van die heilige algemene kerk tot die plaaslike kerk?
7. Hoe kom die kerkverband tot stand?
8. Wat is die kenmerke van die ware kerk en van die valse kerk volgens N.G.B. art. 29?
9. Hoekom kan die kerk dwaal?
10. Wat leer die kerkgeskiedenis ons?
11. Watter roeping het God ons t.o.v. die kerk gegee?
12. Waarom bestaan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en waarom behoort ons daaraan?

# Hoofstuk II
# DIE BEGIN VAN DIE KERKGESKIEDENIS

Die kerkgeskiedenis begin in die paradys met Adam en Eva. Daar lees ons reeds van die *kinders van Set* of *seuns van Gad* teenoor *die kinders van Kain* of *seuns van die mense,* waarmee die ongelowige wêreld bedoel word (Gen. 6:2).

Later vleg die kerkgeskiedenis van die Ou Testament in by die geskiedenis van die Joodse volk, omdat die Christus uit Abraham gebore sou word en in Hom *al die geslagte* (volke) van die wêreld geseën sou word (Gen. 12:36). Reeds die Ou Testament leer ons dat gelowiges uit ander nasies ook in die kerk betrek is: die vroue van Moses, van Josef e.a., Ragab, Ruth, Naäman ens.

Eindelik is Christus gebore. Hy vorm sowel die afsluiting van die Ou-Testamentiese kerkgeskiedenis as die begin van die Nuwe-Testamentiese kerkgeskiedenis. Deur die roeping van sy dissipels het Hy die nuwe kerkgeskiedenis voorberei, maar Jesus het nie gemeentes of kerke gestig nie. Dit was die werk van die apostels onder leiding van die Heilige Gees.

*Pinkster.*
Die kerkgeskiedenis van die Nuwe Testament *begin dus eintlik* op die Pinksterdag met die uitstorting van die Heilige Gees. So lees ons in Handelinge 2 van die eerste sigbare gemeente op aarde. Die kerkgeskiedenis van die Nuwe Testament, waaraan ons ook deel het, begin met Pinkster en loop deur na die voleinding by die wederkoms van Christus.

Hierdie feit is baie belangrik. Dit beteken dat die vroegste kerkgeskiedenis in die Bybel beskrywe word en wel in die Handelinge van die Apostels en in die Sendbriewe. Die boek Openbaring belig die hele tydperk van die Nuwe-Testamentiese kerkgeskiedenis.
Daarom gaan die Gereformeerde Kerk selfs vir die beginsels van sy kerkregering altyd weer terug na die Woord van God. In die geskiedenis van die eerste gemeentes (kerke) word die kerkregeringsbeginsels voorgeskrywe (vgl. die Formuliere vir bevestiging van predikante, ouderlinge en diakens; art. XXX—XXXII van die N.G.B.).

Die kerk en ons kerkorganisasie berus daarom op ons geloof in die Heilige Skrif (die Bybel).

***Die planting van die oudste Kerk.***
Die Nuwe-Testamentiese kerkgeskiedenis begin dus met die Bybelgeskiedenis in die boek Handelinge.

Die eerste kerk was die *gemeente van Jerusalem.* Almal wat tot die geloof gekom het, moes eers gedoop word. Hierdie kerk was deur onderlinge liefde eendragtig saam verbind. Dit was waarlik 'n liggaam, 'n kerk. Dit was 'n sigbare portret van die onsigbare heilige algemene Christelike kerk. Die innige geloofsgemeenskap deur die Heilige Gees met Christus het die kerk 'n hegte gemeenskap gemaak.

Hieruit leer ons die *organisasie* van die kerk ken. Aan die begin, toe die fondamente gelê moes word, het die Here *buitengewone* ampte soos die apostels en gawes soos gesondmaking (Hand. 3:6) en talewonders (I Kor. 14) gegee.

Die buitengewone *ampte* en *gawes* het verbygegaan, en daarop moes voortgebou word deur

die *gewone ampte.* So het lerende ouderlinge (predikante), regerende ouderlinge en diakens die ampsdraers geword. Die Here gebruik *die gemeente* om die ampsdraers aan te wys (Hand. 6:2, 3; 14:23). Sodra hulle in die *amp* bevestig is, is die Here in hulle *amp* by die gemeente verteenwoordig (Hand. 20:28). Hulle moet daarom die gemeente alleen volgens God se Woord regeer, en nie soos dit vir hulle goed lyk nie, en is aan God verantwoording skuldig.

Ons lees dat daar in die eerste kerk van Jerusalem reeds sonde was (Annanias en Saffira). Satan laat geen kerk met rus nie. Die sonde moes uitgeroei word.

Toe Jerusalem in 70 en 132 na Christus deur die Romeine verwoes is, het die gemeente opgehou om te bestaan, en die lidmate is verstrooi. Met die verwoesting in 70 n.C. het die Romeinse generaal Titus honderde Jode rondom die stad gekruisig. Mattheüs 27:25 is so feitlik letterlik vervul.

***Die uitbreiding van die kerk.***

Die Here Jesus het dit uitdruklik aan die apostels en evangeliste opgedra om die kerk uit te bou van Judea af, in Samaria, tot aan die eindes van die wêreld (Matth. 28:19; Hand. 1:8).
Daarom het die Here gesorg dat die wêreldtoneel reg was om die evangelie te ontvang. Die Romeine het in daardie tyd oor die hele toenmalige beskaafde wêreld regeer. Die apostels kon daarom maklik van een land na 'n ander beweeg. Dit was een groot *wêreldryk.*

Almal, selfs die Romeine, het Grieks gepraat. Dit was die *wêreldtaal* van daardie tyd. So is die Nuwe Testament ook in Grieks geskrywe en kon almal dit verstaan.

Die *heidense geleerdheid* van die klassieke tyd het enkele eeue voor Jesus se geboorte sy toppunt bereik. Die mense het toe besef dat daar in die baie heidense gode, die klassieke kuns en wetenskap — kortom, in die hele geestelike prestasie van die mens — geen blywende vastigheid te vinde is nie. Hulle het almal soos Pilatus gevra: "Wat is waarheid?" Juis toe die klassieke grootheid voor sy geestelike bankrotskap gestaan het, kon die evangelie uitgedra word. So was dit beskik. Daarom het die kerk van Jerusalem na Samaria en Klein-Asië uitgebrei.

Dit was veral die kerk van Antiochië wat Paulus en sy helpers op verskillende sendingreise uitgestuur het. Sodra daar op 'n plek genoegsaam gelowiges was, is 'n selfstandige kerk met die instelling van die ampte georganiseer.
*Die kerk na Europa uitgebrei.*

Vir ons is Handelinge 16:19 en die volgende verse van groot belang. Deur die gesig van die Macedoniër het die Here Paulus oorgestuur na Macedonië, 'n provinsie van Griekeland. Toe is die evangelie uit Klein-Asië oorgebring na Europa.
Ons voorouers was toe nog onbeskaafde, heidense Germaanse stamme wat oral rond in Europa in barbaarse heidendom geswerf het. Hulle was die nakomelinge van Jafet, wat in die tente van Sem moes woon.

Die Here het dit dan langs baie weë en op baie maniere gedurende die lang tyd van die Middeleeue beskik dat ons voorouers deur sendingwerk Christene geword het. So het die Westerse beskawing ontstaan, wat volgens die Raad van God met die koms van Jan van Riebeeck in 1652 ook in Suid-Afrika geplant is.

***Literatuur*:**
S. du Toit: *Handleiding vir die studie van kerkgeskiedenis*, hoofstukke 2, 3, 4.
P. J. S. de Klerk: *Handboek vir gewyde geskiedenis*, hoofstukke 35 tot 46.

**VRAE:**
1. Waar begin die kerkgeskiedenis?
2. Watter plek neem die Here Christus in tussen die Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese kerkgeskiedenis?
3. Waar begin die Nuwe-Testamentiese kerkgeskiedenis?
4. Waar vind ons die oudste geskiedenis van die kerk na Pinkster beskrywe?
5. Hoe het die oudste kerk volgens Handelinge 2 ontstaan?
6. Watter opvallende kenmerke het die kerk volgens Handelinge 2 tot 6?
7. Wat was die *buitengewone* en wat was die *gewone* ampte?
8. Hoekom is die kerk doelbewus van Jerusalem af uitgedra?
9. Hoe het die Here die wêreldtoneel vir die uitbreiding van die evangelie voorberei?
10. Hoe is die kerk uitgebrei?
11. Wanneer hou die kerk van Jerusalem op om te bestaan?
12. Wanneer en hoe het die evangelie van Klein-Asië na Europa gekom?

# Hoofstuk III
# DIE TYDPERK VAN VERVOLGING VAN DIE KERK (65 tot 324 n.C.)

In die eerste jare na Pinkster moes die kerk al kennis maak met die wrede magte van Satan, wat hom wou vernietig. Ons lees daarom op verskillende plekke in die Nuwe Testament van vervolging in die dae van die apostels.

***Hoe het die wêreld in daardie tyd gelyk?***

***Die Jode.***
Tydens die aardse lewe van Jesus het die Jode en veral hulle leiers, die Fariseërs en Skrifgeleerdes, Jesus gehaat, omdat Hy aangetoon het dat hulle die Ou Testament verkeerd verklaar. Die Jode en Christene het albei in die Ou Testament geglo. Maar die Jode wou nie die genadeboodskap van Jesus aanvaar nie. Hulle het hulle heil in die Wet gesoek. Die Fariseërs wou met hulle eie werke die geregtigheid verdien. Hulle het geglo die Wet is 'n muur rondom die vrome Jode. Daarom het hulle nie ingesien dat hulle genade nodig het nie.

Aan die een kant het die Jode daarom die kerk met geweld vervolg, soos hulle met Stéfanus en ander gedoen het, of hulle het die heidene aangehits. Aan die ander kant het sommige (Judaïste) gedurig met die Christene geredeneer en uit die Ou Testament probeer aantoon dat hulle die godsdiens soos die Jode moes beoefen. Die gedeelte van die Jode wat gepoog het om op hierdie wyse Christendom en Jodedom saam te smelt, word Judaïste genoem. Die Judaïste wou dan eintlik hê die bekeerde Christene moes Jode word, die besnydenis ontvang, die Joodse vasdae en Joodse feeste onderhou, die wet van Moses soos die Fariseër onderskryf, ens., ens. Die Brief aan die Galasiërs is in besonder teen die Judaïste gerig.

Afgesien van die harde stryd wat die kerk na buite teen die swaard en gewelddadige vervolging moes stry, het dit ook 'n swaar *stryd na binne* beteken om die leer suiwer te handhaaf en om Joodse kettery onder die lidmate uit te hou.

***Die Romeinse Ryk.***
Die hele wêreld rondom die Middellandse See (kyk na die kaart), d.w.s. Suid-Europa, Klein-Asië, Palestina en die hele Noord-Afrika, was een groot wêreldryk wat uit Rome (in Italië) deur die keiser van Rome geregeer is. Daarom kon Paulus hom ook op die keiser beroep. Soos die naam Augustus ("heerlike") aantoon, is die keiser destyds as 'n god beskou en verheerlik. Later, in die vierde eeu, het Konstantyn die Grote die hoofstad van die Romeinse Ryk van Rome na Konstantinopel verskuiwe (vgl. die kaart).

Die Romeinse keisers was gewoond om in so 'n groot regeergebied hardhandig met opstandelinge en rebelle af te reken. Daarvoor het hulle baie middele gehad, soos bv. die Colosseum in Rome, waar slawe of rebelle tot vermaak van toeskouers met wilde diere moes veg.

Ons sal sien dat veral in die tyd van keiser Nero die Christene sonder enige grond beskuldig is dat hulle teen die keiser en die Romeinse Ryk gerebelleer het. Daarom is hulle deur die keisers bloedig vervolg.

Die Romeine was heidene. Nadat die Ryk in daardie tyd sy toppunt bereik het, het hulle 'n

onsedelike luilekkerlewe gevoer. Die Romeinse Ryk is 'n tipiese voorbeeld van 'n magtige ryk en beskawing wat deur gemaksug en genotbejag ondergegaan het. Omdat die Bybel alle wreedheid, wellus, onsedelikheid, dronkenskap, bedrog, bedrieëry ens., afgekeur het, het baie Romeine die leer van die Christendom gehaat.

***Die heidendom.***
Griekeland was die sentrum van die heidense geleerdheid en kultuur. Die Grieke het gesoek na skoonheid en waarheid, kuns en wetenskap. Die Christene het ook met dié "ontwikkelde" mense te doen gekry. Hierdie mense het gepoog om met hulle verstand die Christendom en heidendom te versoen. Hieruit het baie kettery en dwaalleer ontstaan. Hierteen moes die kerk hom handhaaf, anders sou hy van binne deur dwaalleer verrot het.

Ons ken dié mag vandag nog. Ons weet hoe dikwels mense hulle op hulle geleerdheid of op die wetenskap beroep om daarmee die geloof in die Bybel te ondermyn. Baie van die ou ketterye kom dan ook maar altyd weer, miskien net in 'n nuwe pak klere, na vore. Ons verstand moet deur die Woord en Gees van die Here verlig word — dan ontdek ons die ewige waarheid en skoonheid.

***Vervolging met die swaard.***
***a. Deur die toedoen van die Jode.***
Die Jode het direk en indirek daartoe bygedra dat die Christene bloedig vervolg is. Soms het hulle self Christene om die lewe gebring. Soms het hulle die heidene teen Christus aangehits. So is Paulus ook op hulle aandrang in Jerusalem gevang en uiteindelik in Rome om die lewe gebring.

Die Jode het egter uiteindelik om politieke redes teen die Romeinse keiser gerebelleer. Toe die Romeine hulle in 70 en 132 n.C. op die Jode gewreek het, moes die Christene dit ook ontgeld, en duisende is doodgemaak. Hierna het die Jode meestal net die heidene teen die Christene aangehits.

**b.** ***Deur die toedoen van die heidene.***
Die mag van die keiser en die volkswoede het gewoonlik saam teen die Christene losgebreek. Die Christene moes gevolglik dikwels in die geheim in grafkelders, grotte, steengroewe, huise ens. vergader. Dit het dan weer tot nuwe vervolging gelei, omdat die byeenkomste as geheime sameswerings teen die keiser vertolk is. Die Christene wou natuurlik nie die keiser as 'n mensgod huldig nie. Daarom is hulle as staatsgevaarlik beskou.

Die halfkranksinnige keiser Nero het self in 64 n.C. die stad Rome aan die brand gesteek om te sien hoe 'n brandende stad en paniekbevange bevolking lyk. Toe die massa teen hom weerwraak wou neem, het hy die skuld op die Christene gepak, en hulle is op die gruwelikste maniere van tyd tot tyd onder verskillende keisers vervolg. Sommige is aan wilde diere as prooi gegee, ander is lewendig afgeslag en hulle afgeslagte liggame deur perdebye laat steek. Talle se liggame is met pik besmeer en dan lewend aan die brand gesteek om die strate te verlig.

Die *biskop Simeon van Jerusalem* was die opvolger van Jacobus, die broer van die Here. Hy is in die jaar 107 na wreedaardige géseling gekruisig, omdat hy sy geloof nie wou afsweer nie. Toe was hy 120 jaar oud. Die voortreflike *biskop Ignatius* van Antiochië, wat nog 'n leerling van die apostel Johannes was, is na Rome gestuur en daar deur wilde diere verskeur. Omstreeks 155 het die volkswoede hom teen die gemeente Smirna gerig. Toe het die ses-en-

tagtigjarige *biskop Polucarpus* op die brandstapel sy geloof beseël. In 166 is die geleerde Justinus die Martelaar te Rome gedood. Die negentigjarige *biskop Pothinus* het in 177 as gevolg van mishandelinge in 'n walglike tronk gesterf. Die *slavin Blandina*, wat 'n tere Christen was, is op 'n ontsettende wyse gegésel, daarop op 'n gloeiende ysterstoel gerooster, toe voor wilde diere gegooi en uiteindelik gedood, terwyl sy dwarsdeur volgehou het: "Ek is 'n Christen, en ons doen geen kwaad nie!" Net so het die vyftienjarige *Ponticus* volhard. In Kartago is die twee-en-twintigjarige *Perpetua* (202 n.C.) in 'n kerker gemartel. maar sy het met 'n suigling op die arm en voor 'n wenende vader aan die geloof getrou gebly. Sy is aan die horings van 'n wilde koei vasgemaak en eindelik deur 'n swaardvegter gedood. Die grootste en wreedste vervolging het in 249—251 onder keiser Decius uitgebreek.

Daar is nog baie meer bekende gevalle. Sommige keisers het by tye die Christene met rus gelaat. Ander het weer stelselmatig die Christene laat uitsnuffel en hulle vervolg.

So het die vervolging met tussenposes voortgewoed, totdat keiser Konstantyn die Grote die Christelike godsdiens aangeneem het. In 324 n.C. het hy die Christelike godsdiens die staatsgodsdiens van die Romeinse Ryk gemaak.

*Keiser Konstantyn die Grote (306—337 ) en die oorwinning van die Christelike godsdiens.*
Konstantyn se vader het in die huidige Spanje, Frankryk en Brittanje, waar hy geregeer het, 'n vreedsame beleid teen die Christene gevolg. In 306 het sy seun Konstantyn hom opgevolg en gestadig gestry om die regeerder van die hele Romeinse Ryk te word. Konstantyn het gesê dat hy tydens 'n veldslag, op 'n helder middag, 'n ligtende kruis gesien het, waaronder geskrywe was: "Oorwin in hierdie teken", en dat Christus later in 'n droom aan hom bekend gemaak het dat hy die kruis sy veldteken moes maak. Hy het dan ook 'n kruis op die skilde van sy soldate en aan die handvatsels van hulle swaarde aangebring. As alleenheerser in die Weste het hy in 313 die Edik van Milaan uitgevaardig, waardeur dit wettig verklaar is om tot die Christendom oor te gaan. Dit het dadelik alle vervolging beëindig.

In 324 het Konstantyn alleenheerser van die hele Romeinse Ryk geword. Hierdeur het hy dadelik die Christendom met alle moontlike middele bevorder (al het hy hom eers in 337 laat doop).

Dit vorm 'n geweldige keerpunt in die kerkgeskiedenis. Nou sou die Christene nie meer deur die staat vervolg word nie. Nee, gaandeweg het die Christendom die offisiële godsdiens van die staat geword. *Dit het nou mode geword om Christen te word. Dit het ook geloon*, want die keiser wou graag Christene in die staatsbetrekkings aanstel. Die Christelike godsdiens is dus nie net erken nie, maar het die godsdiens van die staat geword (vgl. die kaart).

*Dit het egter ook ernstige nadele gehad:*
(i) Massas mense het tot die Christendom oorgegaan sonder dat hulle behoorlike kennis van die Bybel en die Christelike geloof gehad het. Hieruit moet die baie dwalinge van die Roomse Kerk in die volgende eeue verklaar word. Die mense het geen behoorlike Skrifkennis gehad nie en kon enige ding wysgemaak word.

(ii) Die keiser of die politieke gesag het die beslissende mag in die kerk gekry. Die kerk is dus ondergeskik gemaak aan die keiser of die staat. Daarom sou die kerk misbruik word. Dit het ook gelei tot dwaling in die kerk. Die kerk het sy suiwer geestelike karakter en geestelike bestuurswyse verloor en is daarna soos 'n wêreldryk op wêreldse wyse geregeer. So is die weg voorberei dat daar later 'n kerklike keiser, naamlik die pous, in die Roomse Kerk gekom

het.

In getalle en uiterlike grootheid het die kerk deur die werk van Konstantyn baie gewen, maar innerlik het dit in die volgende eeue baie verloor. Nogtans het die Christelike staatskerk ook die Raad van God gedien. Daardeur kon die Christelike beskawing oor Europa en later oor die wêreld gedra word.

***Literatuur:***

S. du Toit: *Handleiding vir die studie van kerkgeskiedenis*, hoofstukke 5, 6, 7 en 12.

**VRAE:**

1. Wie sit agter die eerste aanslae op die kerk?
2. Wat het die Jode en die Christene gemeenskaplik gehad, maar waarin het hulle verskil?
3. Het die Jode martelare met geweld ter wille van die geloof gedood? Noem 'n voorbeeld.
4. Watter kettery onstaan wanneer geprobeer word om Jodedom en Christendom te versoen?
5. Wat was die aard, omvang, hoofstad, keiser en tug van die Romeinse Ryk?
6. Hoe het die Ryk teenoor die Christene gestaan?
7. Watter posisie neem die Grieke in hierdie ryk in?
8. Wat is die uitgangspunt van die klassieke heidendom en hoe val dit op die kerk aan?
9. Hoe het die Jode op indirekte wyse die vervolging van die kerk bevorder?
10. Wat weet u van keiser Nero en die Christene?
11. Vertel iets van elkeen van die volgende: Simeon van Jerusalem, Ignatius van Antiochië, Polucarpus, Blandina, Perpetua.
12. Hoe is die vervolging beëindig?
13. Wat weet u van Konstantyn die Grote?
14. Watter voordele het die verheffing van die Christendom tot staats-godsdiens ingehou?
15. Watter nadele hou die staatskerk in?

# Hoofstuk IV
# DIE INWENDIGE TOESTAND VAN DIE KERK VOOR DIE ROOMSE KERK

Ons het reeds in die vorige hoofstuk gesien dat die kerk ook 'n stryd teen kettery en dwaling na binne moes stry. Dit moes waak om nie die Christendom met Joodse of heidense beskouings te vermeng nie. Net soos saamgesmelte staal en klei potyster word, wat maklik breek, so bestaan die gevaar altyd dat die kerk met valse leerstellings vermeng mag word en so sy innerlike krag sal verloor. Die kerk moet aan die absolute waarheid van God se Woord getrou bly. Dit is die roeping van God vir die sigbare kerk. Dit moet 'n pilaar van vastigheid en waarheid wees.

***Sektedwaling in die kerk.***
Ons het reeds gesien dat die sektedwaling in die kerk van twee kante aangeval het, naamlik van die kant van die Jode en van die kant van die heidendom.

***a. Joodse sektes.***
Daar was verskillende Joodse sektes. Hulle het die letterlike nakoming van die wet van Moses, soos die besnydenis ens., vir die mens 'n voorwaarde gemaak om deur God aangeneem te word. Hierdie leerstellings stry teen die Bybel. Dit het beteken dat die mens nie uit *vrye genade* deur God aangeneem word nie, maar met sy wetsvolbringing (sy goeie werke) die regverdigmaking in Christus *moes verdien.* Ander weer het voorgegee dat Jesus maar net 'n uitnemende Jood was wat deur sy dood goddelik eienskappe verkry het — ongeveer soos die Jehova-getuies vandag leer. So is die godheid van Jesus geloën.

Hierdie dwaling het van die vroegste tye af wonde in die kerk geslaan. Die Fariseërdwaling dat 'n mens die wet moet hou om verlos te word, kom vandag voor in die Roomse leer van *verdienstelikheid van die goeie werke.* Ons kry dit tot in ons tyd in die wettiese leerstellings van die *Remonstrante, Metodiste* en *Perfeksionistiese* sektes. God moet die verlossing as beloning vir goeie werke gee. Dit maak God in die regverdigmaking afhanklik van iets wat die mens doen.

***b. Heidense dwalings in die kerk.***
In die begin van die Nuwe-Testamentiese bedeling het die Griekse geleerdheid en wetenskap ontdek dat dit op sy beste nog alle innerlike krag en absolute waarheid mis. In plaas van hulle geestelike bankrotskap te erken het die groot denkers gepoog om heidense leerstellings met die Christelike leer te versoen en saam te smelt.

Ons kan nie alle afdwalinge hier behandel nie. Ons verwys egter na hierdie feite om aan te toon dat baie sektes en dwalinge van ons tyd in die vroegste eeue al voorgekom het, omdat heidense begrippe, gebore uit die gedagtes en redenasies van natuurlike mense, vermeng is met God se geopenbaarde Woord.

(i) Die Grieke het byvoorbeeld 'n skerp teëstelling gemaak tussen die *gees,* wat van die gode is, en die *stof* van die *aarde,* wat volgens hulle niks met God te doen het nie. Die liggaam (stof) is as 'n tronk van die siel (gees) beskou. Wanneer dit met die evangelie vermeng word, word gesê dat Jesus gekom het om die siele vry te maak van die liggaam en aarde wat dit omlaag gevange hou.

Ook hierdie heidense dwaling het in die kerk wonde gelaat. Hieruit ontstaan die Roomse kloosters met die praktyke om binne die kloosters die liggame te kasty, te folter, uit te honger en te pynig. Simon Stylitis het in die 3de eeu geprobeer om as heilige op 'n paal te leef om op hierdie wyse nie aan die vuil en lae aarde te raak nie. Trouens die hele kloosterlewe berus eintlik op die idee van afsondering uit die vuil en lae aarde. Omdat die liggaam 'n tronk en verleier van die siel is, moet dit gekasty word om die siel te bevry. Ons glo dat 'n sondige mens sy sonde ook in die klooster met hom saamneem. 'n Klooster vrywaar 'n mens nie van sonde nie.

Hierdie dwaling bestaan egter nie by die Roomse Kerk alleen nie. Ons hoor dikwels in ons tyd dat die liggaam 'n *stoflike oorskot* genoem word of dat daar *siele vir Jesus* gewen moet word of dat *die hemel* (in plaas van die nuwe aarde) die *uiteindelike* bestemming van die mens is. Hierin hoor ons die minagting van die natuur, die liggaam en die aarde, wat ook deur die Here geskape is. Hierdie dwaling skei die natuur (die skepping) en genade (herskepping).

Die Bybel leer dat Jesus vir mense, d.w.s. vir siel en liggaam. gesterf het. Hy maak ook die aarde by die voleinding nuut.

(ii) Ons weet hoe bygelowig heidene is. In die Ooste was daar heidense misteriegodsdienste. So is daar gaandeweg begin om van die doop 'n groot inwydingseremonie te maak en daaraan wonderwerkende krag toe te skrywe. So is die weg gebaan vir die latere Roomse doop-beskouing dat die doop 'n wonderwerk is. Dit stort genade in 'n natuurlike mens en bring 'n mens van die laer natuurryk oor na die hoër genade-ryk. Ook die Wederdopersektes het dieselfde opvatting.

(iii) Ongeveer 150 tot 200 n.C. het die Montaniste (volgelinge van Montanus) al met 'n sektariese beweging begin. Hulle het hom beskou as die beloofde Trooster wat die kerk moet suiwer; hulle het geglo in visioene, stuiptrekkings, profetiese gawes, die spoedige wederkoms, Duisend-jarige Ryk en 'n streng tug op die sekte. Hulle was teen die kinderdoop, teen sekere soorte voedsel (vleis en wyn), teen 'n afgeslote Godsopenbaring (Bybel) en teen 'n vaste kerk-regering. Nadruk word gelê op die vryheid van elke gelowige. Hierdie kenmerke word vandag nog in baie sektes teruggevind waar die apostelskap, die wederkoms of die heiligmaking (perfeksionisme) oordryf word.

***Reaksie in die kerk teen die dwalinge.***
Baiekeer sê mense dit is nie belangrik wat die kerk *leer* nie, want die *lewe* is in die godsdiens belangriker as 'n suiwer leer of dogma. Dit is verkeerd. Albei is belangrik. 'n Suiwer lewe moet uit 'n suiwer leer gebore word.

(i) *Apostels.* Ons weet dat die *apostels* reeds teen baie van hierdie dwaalleraars opgetree het. In die Skrif word die gelowiges gewaarsku teen die "wolwe in skaapsklere" (dwaalleraars) wat die kudde sal wil verskeur (Hand. 20:29, 30; I Tim. 4; II Tim. 3:12 ens.).

(ii) *Apostaliese vaders.* Na die apostels het die Here ander bekwame kragte aan die kerk gegee. Ons noem hulle die *"apostoliese vaders", omdat baie van hulle nog leerlinge* van die apostels was. Ons noem die name van Clemens, Barnabas, Ignatius van Antiochië, Polucarpus en andere.

(iii) *Apologete.* Na hulle kry ons 'n groep manne wat met groot krag die Christelike waarheid

teen die leuens van ketters en heidense aanvalle verdedig het. Hulle is daarom bekend as die *apologete.* (Dink aan die Engels: Apologise.) Hulle het die *waarheid* teenoor die leuen gestel. So het die Twaalf Artikels reeds in die eerste paar eeue na Christus ontstaan. Daarin word gesê wat met elk van die Name van die doopformule geglo word. Die heidene wat gelowig geword het, kon op hierdie belydenis gedoop word. Ons noem 'n paar van die apologete se name: Quadratus, Eusebius, Justinus die Martelaar en Festullianus.

(iv) *Die kerkvaders.* Die Here het die kettery gebruik om begaafde manne ywerig in die Woord te laat delf om die dwaling te bestry. Hulle word *kerkvaders* genoem. Deur hulle arbeid het die teologie vroeg begin ontwikkel. Daar het verskillende skole van groot teoloë ontstaan: sommige in Egipte, waar byvoorbeeld Clemens, Origenes en Athanasius gewerk het; ander in Klein-Asië (Antiochië), waar Ignatius, Irenaeus en Polucarpus gewerk het; ander in *Noord-Afrika* (Kartago), waar Tertullianus en Cyprianus was, ens. Ook in *Italië* was daar sterk kerkvaders. Die bekendste van hulle is Ambrosius.

*Augustinus,* een van die grootste kerkvaders, was die seun van 'n gelowige moeder, Monica. In sy jeug was hy baie onverskillig. Sy moeder het nie opgehou om vir hom te bid nie. Die groot prediker Ambrosius het haar getroos met: "'n Kind van soveel trane en gebede kan nie verlore gaan nie". Augustinus het bloot vir studiedoeleindes Ambrosius se skitterende redeneertegniek gaan bestudeer. Hy wou sien *hoe* Ambrosius dit doen en was nie geïnteresseerd in *wat* hy leer nie. Toe hy hom weer kom kry, het hy egter onder die invloed van die evangelie gekom, d.w.s. hy het tot die geloof gekom.

In 387 is Augustinus dan gedoop. Hy het in Noord-Afrika (Kartago) gaan werk en een van die grootste teoloë geword.[1]

Juis deur sy lewenservaring het die Here Augustinus gebruik om die kettery van Pelagius te bestry. Pelagius het geleer dat 'n mens met jou vrye wil vir God of teen God kan kies. 'n Mens moet self jou hart vir God oopmaak. Eers daarna gee God die genade. Hierdie leer het geen plek vir die uitverkiesing en leer van die genadeverbond nie. (Dit vind ons vandag by die *Metodisme.* Dit hang van die mens self af of hy salig word of nie.)

Augustinus het daarteenoor self ondervind en bowenal in die Skrif geleer: 'n Mens is totaal onmagtig tot die goeie, onmagtig om iets vir jou verlossing te doen. God moet dit uit genade aan jou gee. (Vergelyk vr. en antw. 8 in die Heidelbergse Kategismus; Rom. 4:3; Ef. 2:8.) Dit is die bekende uitverkiesingsleer (predestinasie), wat die Bybel leer en wat ons tot vandag toe handhaaf. Dit is die hartaar van die ware Skrifgeloof. Dit maak die mens klein, maar God so oneindig groot in sy ontfermende genade! Dit laat die mens jubel in die liefde van God.

(v) *Die kerklike vergadering.* Behalwe deur die werk van die groot teoloë het die Here ook deur die vergadering van verteenwoordigers uit al die Christelike kerke in die vroegste eeue *waardevolle arbeid* laat doen. Hierdie groot sinodes (konsilies) moes hulle op die punte waaroor die stryd gegaan het, vir die waarheid teen die leuen uitspreek. So het belydenisstukke ontstaan.

So sien ons dan ook aan die einde van art. IX van ons eie Nederlandse Geloofsbelydenis dat daar verwys word na die geloofsbelydenis van *een man,* die kerkvader Athanasius, en na dié van *so 'n sinode,* naamlik Nicea (325). Albei hierdie belydenisse is op bl. 99 agter in die Psalmboek afgedruk en het te doen met die bestryding van die Ariane. Hierdie ketters het Jesus as die vernaamste Skepsel van God beskou en so die Drie-eenheid verwerp. Vandag

nog is hierdie werk van die vroegste eeue vir ons van onskatbare waarde, omdat baie sektes, bv. Mormone en Jehovagetuies, die Drie-eenheid loën.

Tussen 325 en 787 n.C. was daar minstens *sewe* sulke groot sinodes, wat baie bygedra het tot die vasstelling van die leer en die bestryding van kettery.

Op hierdie eerste konsilies is die geloof in die Nuwe-Testamentiese boeke bely, wat lank tevore reeds as boeke met goddelike gesag erken is. So is die kanonieke boeke van die Skrif op grond van hulle goddelike herkoms aangedui (vgl. N.G.B., art. III tot VII). Die stryd teen ketters het so gehelp dat die Skrif vir ons bewaar gebly het. Die eerste sinode wat *hom* uitgespreek het oor die boeke wat as kanoniek aanvaar is, was dié van Hippo Regius (393). Augustinus was hier nog self teenwoordig.

***Literatuur:***
S. du Toit: *Handleiding vir die studie van kerkgeskiedenis,* hoofstukke 8-10, 13-15.

**VRAE:**
1. "Wat is die stryd van die kerk na binne en waarom moet dit gestry word?
2. Van watter twee kante het sektedwaling die kerk bedreig?
3. Wat is die opvatting en uitwerking van die Joodse sektes?
4. Hoekom en hoe was die Griekse (klassieke) geleerdheid in die tyd van Jesus soekende (Hand. 17:21)?
5. Wat het die Griekse wysbegeerte van die *stoflike* en *geestelike* dinge geglo?
6. Hoe is die kloosters 'n gevolg van die Griekse beskouing?
7. Kom die minagting vir die liggaamlike en stoflike ook elders voor?
8. Hoe het die heidense misteriegodsdienste die Roomse doopbeskouing beïnvloed ?
9. Noem 'n sektariese beweging uit die 2de eeu en gee 'n paar van die kenmerke daarvan. Kom dit ooreen met moderne sektes?
10. Het die apostels teen dwalinge in die kerk gereageer?
11. Wie was die *apostoliese vaders* en waarom word hulle so genoem?
12. Wie was die *apologete* en wat het hulle gedoen?
13. Wie was die *kerkvaders* en waarvoor is hulle bekend?
14. Wat weet u van Augustinus? Waaroor gaan sy stryd teen Pelagius?
15. Waarmee het die kerkvergaderings op die kettery geantwoord?
16. Wat is die geloofsbelydenis van Nicea in 325?
17. Wat is die betekenis van die Sinode van Hippo Regius in 393?

# Hoofstuk V
# DIE OPKOMS VAN DIE ROOMSE KERK

***Hoe die kerk kan verval (deformeer).***

Om die opkoms van die Roomse Kerk goed te verstaan moet ons uit die vorige hoofstukke die gevolge van Konstantyn die Grote se staatskerk en die dwalinge wat van buite af ingesluip het, in gedagte hou. Die kerk was onder nie-kerklike invloed.

Ons moet onthou dat die kerk in die eeue soos 'n waterstroom altyd verder weg van die oorspronklike beginpunt, naamlik Pinkster, beweeg het. Daar lê naderhand baie eeue tussen die kerk en die eerste kerk van Jerusalem (Hand. 2). Die kerk is soos 'n oop watervoor waarin baie vuilnis vanuit die heidendom, Jodedom en gewone menslike redenasies val. Met die kerk is dit daarom net soos met 'n gelowige. As dit nie gedurig hervorm (bekeer of reformeer) na die geopenbaarde Woord van God nie, word so 'n kerk hoe langer hoe onsuiwerder en naderhand vals (vergelyk N.G.B., art. XXIX [29]).

***Hoe die volkewêreld gelyk het.***

Daar moet ook 'n helder beeld van die volkewêreld uit daardie tyd in ons gedagte lewe. Ons moet onthou dat die boekdrukkuns nie bestaan het nie. Die meeste mense kon nie lees of skryf nie. Die paar boeke wat daar was, moes deur 'n paar geleerdes met die hand geskryf en oorgeskryf word. Boeke het feitlik net in die paar skole (universiteite) en kloosters voorgekom. Net 'n paar mense kon dit lees. Baie van die kerklike leiers kon nie lees nie, veral diegene wat die laer poste beklee het en met die gewone lidmate in aanraking gekom het. Die bietjie wat hulle geweet het, was maar wat hulle by iemand gehoor het. Hulle was nie toegerus om ander te leer nie. Dit moes 'n noodlottige invloed hê op die ongeleerde, bygelowige en liggelowige massas.

As ons dink hoe erg bygelowig die Germaanse stamme I was, kan ons verstaan hoe oppervlakkig die kennis geword het, veral toe daar ineens met die staatskerk groot massas tot die Christendom oorgekom het. Vanaf die 6de eeu word doelbewus sending gedryf. Omdat die sendelinge geleerd was, het die konings en hoëlui by hulle gaan leer om beskaafd te word. Sodra die koning die Christelike geloof aanneem, het sy onderdane in massas gevolg. Sonder behoorlike katkisasie moes uit hulle weer die nodige kerklike ampsdraers opstaan. Die sendelinge het ook doelbewus geprobeer om aan die heidense feeste, gebruike en bygelowe 'n Christelike inhoud te gee, bv. Kersdag, die kruisteken i.p.v. gelukbringers, ens. So is die Skrifwaarhede verdraai en vermeng met heidense teorieë en bygelowigheid.

***Die Roomse Pous.***

Vanaf die 4de eeu het die biskoppe (die kerkvaders of kerkhoofde) van Rome, Alexandrië, Antiochië, Jerusalem en Konstantinopel gewedywer om algemene *kerkhoof* van die Ryk te word net soos die keiser *staatshoof* is. As gevolg van die politieke verkrummeling van die Romeinse Ryk in hierdie eeu het die stryd uiteindelik nog net tussen die biskoppe van Rome en Konstantinopel gewoed.

In 590 het Gregorius die Grote biskop van Rome geword. In hierdie tyd was Rome geteister deur die invalle van half-bekeerde en heidense Germaanse volkstamme. Gregorius het daarin geslaag om die volk te beskerm deur groot invloed onder die Germane te verkry. Hy het hom daarop toegelê om die volkstamme met sendingwerk i.p.v. geweld vir die Christendom te wen. Dit het sy invloed versterk.

Verder het hy hom beywer om sy mag te laat geld teen-oor die biskop van Konstantinopel. Konstantinopel is in 326 deur Konstantyn hoofstad van die Christelike Romeinse Ryk gemaak. Die biskop van Rome het gaandeweg dus ook op politieke gebied die vernaamste persoon in Rome geword.

***Rome se aanspraak.***
Paulus en Petrus het albei in Rome gewerk en daar gesterwe. Later het die legende ontstaan dat Petrus die eerste biskop van Rome was, en daarom is die biskop van Rome die opvolger van Petrus as die aardse verteenwoordiger of stedehouer van Christus. Die Roomse lees in Mattheus 16:19 dat Petrus en sy opvolgers, en nie die gemeente nie, die sleutels van die hemelryk dra. Verder het hulle uit Mattheus 16:1B afgelei dat die Here sy gemeente *op die persoon van Petrus* gebou het, terwyl dit op die belydenis van Jesus as die Christus (vs. 16) deur al die apostels gegrondves is (Joh. 20:23; Hand. 1:8; Efes. 2:20).

Hierdie aanspraak van die biskop van Rome het in die smaak van die mense gepas. Hulle was gewoond dat *een man,* die keiser, vir die staat dikteer. Daarom moes ook *een man* as pous (papa) oor die kerk regeer.

In Konstantinopel het die keiser die biskop oorskadu. Rome se biskop het daarteenoor 'n vrye hand gehad. So het die biskop van Rome die kans benut en feitlik die alleenhoof en regeerder van die kerk in die Weste geword.

Dit het daartoe gelei dat die kerk van die Romeinse Ryk later in twee geskeur het: 'n Westerse Kerk met sy pous in Rome en 'n Oostersekerk met sy aartsbiskop in Konstantinopel. So is dit vandag nog. Ons ken egter hoofsaaklik die Roomse Kerk in ons Westerse wêreld, hoewel die meeste Grieke nou nog aan die Oosterse kerk behoort. Die opkoms van die Mohammedanisme het die Oosterse kerk vanaf die 7de eeu uit Afrika en Asië gedruk (vgl. die kaart vir die drie groot invloedsfere).

***Die pouslike oorwinning.***
In die middel van die negende eeu het pous Nicolaas I daarin geslaag om die kerk en sy geestelikes heeltemal te onttrek aan die gesag van die wêreldlike gereg deur middel van valse dekrete wat hy laat opstel het. So het die pous, onafhanklik van die keiser, alleenheerser in die kerk geword. Hy dra die naam van *pous,* wat beteken *papa* (vader) van die kerk, Hy alleen spreek reg in die kerk. Geen staatshoof of regter het oor hom en die geestelikes iets te sê nie. Die Roomse Kerk glo die pous dra twee swaarde. Hy is 'n wêreldlike en geestelike vors en regter. In 1870 het die Roomse Kerk verder gegaan en gesê dat, wanneer die pous uit sy preekstoel 'n verklaring uitreik, dit onfeilbaar is, omdat hy as verteenwoordiger van Christus op aarde onfeilbaar deur die Heilige Gees gelei word. Hy is die onfeilbare hoof van die sigbare kerk. Hierdie soort kerkregering bots natuurlik lynreg met die kerkregering wat ons in die Bybel teëkom. In Handelinge 6 lees ons dat diakens en in Handelinge 14:23 dat ouderlinge deur die gemeente gekies is. In Handelinge 20 lees ons weer dat die Heilige Gees ouderlinge oor die gemeente aangestel het om hulle te regeer, ens., ens. Ons weet uit die Skrif dat geen mens onfeilbaar kan wees nie, selfs nie in sy amp nie. Selfs Petrus is deur Paulus skerp tereggewys (Gal. 2:11). In die Bybel leer Jesus dat die kerk met die voorbeeld van die voetwassing (Joh. 14) geregeer moet word. Bybelse kerkregering is *dienend* van aard. Die Roomse pous is 'n *heerser,* 'n diktator, wat in prag en praal verkeer.

Ons weet egter dat hierdie pouslike kerkregering gebore is uit navolging van die wêreldlike

regeringswyse. Die regering deur verkose ouderlinge (die aristokratiese) is verdring deur 'n geestelike stand onder aanvoering van die pous (die monargale).

***Die pous stry teen die staat.***

Die pous was dan ook nie tevrede om maar net vir die kerk te dikteer nie. Met sy "wêreldlike swaard" wou hy ook oor die konings regeer. Daarom het daar 'n stryd om lewe en dood tussen die pous en die Duitse keisers van die Heilige Romeinse Ryk ontbrand.

Pous Innocentius III (1198—1216) was 'n man wat Gregorius die Grote nog in geestes- en wilskrag ver oortref het. Deur die banvloek oor opstandige keisers te gebruik het die pous die onderdane losgemaak van gehoorsaamheid aan hulle vors. Sy invloed was so groot dat hy na hartelus die Duitse keisers gehiet en gebied het.

Eers teen die einde van die 13de eeu het die keisers daarin geslaag om die pous met hulle militêre mag te verslaan. Toe moes die pous 70 jaar lank buitekant Rome in ballingskap bly. Daarna het hy teruggekeer, en hy regeer vandag nog oor die Vatikaan. Dit is 'n klein onafhanklike kerkstaatjie waaroor die Italiaanse regering niks te sê het nie. Eintlik glo die Roomse dat konings en owerhede hulle gesag van die Pous ontvang, of hulle dit erken of nie.

Dit toon ons maar net dat 'n *staatskerk*, waar die staat aan die kerk voorskrywe (Konstantyn die Grote), sowel as 'n *kerkstaat*, waar die pous aan die staat voorskrywe, beide onhoudbaar is. Nee, kerk en staat het elk sy eie roeping van die Here ontvang om te volbring. Hulle moet in harmonie saamwerk. Die een mag nie oor die ander heers nie (vgl. N.G.B., art. XXXVI [34]).

***Die hiërargie.***

Uit hierdie verkeerde wyse van kerkregering het die Roomse hiërargie ontstaan. Hiërargie beteken dat die geestelikes (die mense wat in die kerk ampte beklee) in 'n hoër kerklike verdieping lewe as die *leke* (of gewone lidmate). Vir hulle geld dan ook heeltemal ander reëls as vir die leke. So het die wêreldlike hof oor hulle eintlik geen seggenskap nie, net oor leke. Hulle mag nie trou nie, leke alleen mag dit doen, ens. Alles is daarop bereken om die geestelikes as supergelowiges by die leke voor te stel. Hulle is ver bo die leke verbewe, en die leke moet hulle deur die "vaders" en "moeders" laat bestuur.

Maar binne hierdie geestelikheid is ook hiërargie, sodat dit ingedeel word in 'n orde van rang, net soos 'n militêre leër. Die pous is aardse verteenwoordiger van Christus, feitlik die kommandant-generaal, en die eenvoudigste geestelikes is die manskappe. Daar tussenin is 'n rangorde van hoër en laer geestelikes. Daar is 'n priester vir elke kerkplek, dan een vir die dorp. Oor 'n aantal dorpspriesters regeer 'n biskop, en oor 'n aantal biskoppe 'n aartsbiskop, totdat eindelik alle mag saamtrek in die hande van die pous. Die geestelikes wat in 'n klooster gaan, lê 'n kloostereed af. In die eed beloof hulle absolute gehoorsaamheid aan die pous en verbind hulle tot armoede, ens. Hulle kry geen salaris nie, maar die inkomste gaan na die kerk. So kan Rome feitlik met slawe van die kerk, skole, hospitale ens. oprig.

Hierdeur het die Roomse Kerk geweldige mag — ten goede en ten kwade gehad. Met hierdie mag kon dit in die donker Middeleeue baie aanslae afweer. Die mag van die biskop het verhoed dat die kerkleer deur elke wind van lering omgegooi is, behalwe wanneer die pous self van die waarheid afgewyk het. So is dan egter ook baie onbybelse leerstellings in die kerk ingevoer. Dit het veroorsaak dat die Here die Kerkhervorming beskik het om die kerk te laat terugkeer (reformeer) na die wyse waarop Hy dit in die Skrif ingestel het. In die Kerkhervorming is die kerk weer herstel in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het (Gal. 5:1).

Dit wys ons hoe nodig suiwer kerkregering is. Sodra die kerk nie meer suiwer geregeer word nie, kan die kerk nie meer op gesonde wyse reageer teen die kwaad wat insluip nie. Dan bederf die hele liggaam.

***Verskillende pouse.***
Daar was soms in die eeue wat verby is, skitterende pouse, wat, reg of verkeerd, dit werklik goed bedoel het met die kerk en godsdiens. Daar was egter ook pouse wat smeerlappe was. Van die tiende eeu word soms gepraat as die *pornokrasie* in die kerk. Letterlik beteken dit: "varkregering" van die kerk. Hierdie pouse het in die grofste onsedelikheid en korrupsie geleef.

***Slotsom.***
Die kerkgeskiedenis leer ons ook maar weer dat alle kerkleiers — ook die pous — sondige mense is. Ons mag nie in die kerk 'n menseregering hê nie. Die kerk moet met die Woord van God geregeer word. Daarom is ons Gereformeerde kerkregering wars van alle hiërargie. Ons het daarom nie 'n permanente moderator nie. Een predikant mag nie twee agter-eenvolgende kere voorsitter van die sinode wees nie.

Daar word nie hulppredikers beroep of hoofouderlinge benoem nie. Die ouderlingsamp is wel anders maar nie *"hoër"* as die diakenamp nie. Een predikant mag nie oor 'n ander predikant of een gemeente as 'n "moeder" oor 'n ander heers nie. Die ampte is eiesoortig maar gelykwaardig. Die regering van die kerk moet alleen deur 'n kerkvergadering volgens die eise van die Skrif (en nie volgens menslike willekeur nie) behartig word. *Literatuur;* S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstukke 16—18.

**VRAE:**
1. Hoekom was die staatskerk baie wondbaar?
2. Watter gevaar bedreig elke kerk volgens N.G.B. art. XXIX?
3. Skets die ontwikkelingspeil van die massas in die Middeleeue (6de tot 16de eeu) en loon die posisie van die mindere kerkleiers aan.
4. Hoe het die sendelinge te werk gegaan en wat was die gevolg daarvan ?
5. Wat weet u van Konstantinopel, en hoe het die verplasing van die keiserlike setel die mag van die biskop van Rome bevorder?
6. Waarop het Rome gaandeweg sy aanspraak op oppermag begin grond?
7. Watter uitwerking het die stryd gehad?
8. Wat was die strewe van pous Nicolaas I?
9. Watter leerstelling is in 1870 uitgevaardig?
10. Waar kom die idee van 'n *kerkhoof* vandaan?
11. Wat leer die Skrif ons omtrent kerkregering?
12. Waarna het die pouse op politieke gebied gestrewe? Verduidelik dit met pous Innocentius III.
13. Moet die kerk oor die staat (kerkstaat) of die staat oor die kerk (staatskerk) heers? Wat bely ons, in N.G.B. art. XXXVI [36]?
14. Wat verstaan ons onder die Roomse hiërargie?
15. Wat was die pornokrasie van die kerk?
16. Hoe staan die Gereformeerde Kerk teenoor hiërargie in die kerk?

# Hoofstuk VI
# DIE ROOMSE KERK EN SY LEER

In die vorige hoofstuk het ons die Roomse Kerk in sy uiterlike organisasie beskou soos dit vanaf die 6de eeu gegroei het tot op die tydstip dat dit die toppunt van sy mag in die 13de eeu bereik het. Nou wil ons 'n kort oorsig van die innerlike wese van die kerk, veral van sy leer, gee.

***Die invloed van die pouse op die leer.***
Ons het reeds in die vorige hoofstuk Gregorius die Grote (540—604) ontmoet. Hierdie pous het nie net aan die kerklike organisasie nie maar ook aan die kerkleer 'n bepalende wending gegee. Gregorius het eintlik net die teenoorgestelde as die kerkvader Augustinus geleer.

***Die sakrament van boetedoening.***
By Gregorius kry ons die leer van *boetedoening.* Dit beteken: net soos 'n pasiënt met 'n dokter moet saamwerk om gesond te word, so moet die sondaar met goeie werke met die genade van God saamwerk om die saligheid te beërwe. Dit het later 'n sakrament in die Roomse Kerk geword en bestaan uit drie dele: *die bieg* van die sondaar by die priester, die oplegging van *straf* deur die priester en die *vergewing* van die sonde in die naam van God deur die priester. Die sondaar kom na die priester en bely aan hom sy sonde. Dan lê die priester 'n sekere straf op. As die straf uitgevoer is, sê die priester: "Ek vergeef jou sonde in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees".

Dit is op grond van hierdie *strafoplegging* wat die priester Tetzel in die dae van Luther aflaatbriewe vir geld verkoop het. Dit het dan 'n aflaat van straf beteken. Daar kon selfs betaal word vir mense wat dood was. Tetzel het gesê dat sodra die geld in die kis val, die siel uit die vagevuur in die hemel spring. Die geld moes die St. Pieterskerk in Rome help betaal. Hierdie eeuwel het die Here gebruik om Luther in beweging te bring en so is die kerkhervorming begin (Vgl, hier Rom. 1:7; II Kor. 5:18 e.v.)

***Die Roomse mis (eucharistie of nagmaal).***
Gregorius het ook die Roomse opvatting omtrent die nagmaal, bekend as die mis, begin leer. Dit beteken dat die Roomse priesters Christus gedurig nog weer op onbloedige wyse moet offer, want die *brood verander* in die *liggaam* en die *wyn* in die *bloed* van Christus. Sodra die priester die Latynse spreuk oor die brood en wyn uitspreek, verander dit in die vlees en bloed van Christus. Dan is Christus werklik weer geoffer. Die priester slag die lam en plaas die vleis op die tong. So hou die priester die leek aan die lewe. Die Roomse gelowige kry deel aan Christus omdat hy die vlees van Christus (die hostie of veranderde brood) liggaamlik eet. Die priester drink alleen die bloed (veranderde wyn) uit vrees dat dit sal mors. Ons glo dat Christus "net eenmaal . . . Homself geoffer het" (Hebr. 7:27, 9:28, 10:14). Ons eet en drink is 'n *geloofsdaad.* Dit is vir ons aanstootlik om te dink dat Christus liggaamlik deur ons verslind moet word. Na sy hemelvaart kan sy liggaam (vlees en bloed) nie meer op die aarde wees nie. Die brood en wyn is net tekens en seëls daarvan (vgl. vr. 80 van die Heidelbergse Kategismus).

***Die leer van die vagevuur.***
Pous Gregorius het diep onder die indruk gekom daarvan dat die sondaar op aarde nie volmaak is nie. In plaas van die volmaaktheid in Christus te soek het hy toe met die leer van die *vagevuur* (letterlik: 'n vuur wat skoonvee) gekom. Die siele word by die dood eers in 'n

vagevuur gehou, waar die straf vir die oorgeblewe sonde uitgedien word. Eers *áaarna* gaan die siel na die hemel. Die Bybel ken nie so 'n vuur nie.

***'n Gevolgtrekking.***

Ons het nou net stilgestaan by die werk van een van die groot pouse, naamlik Gregorius die Grote, om aan te toon hoe die pouse die ware leer vervals het. Die proses het ongelukkig dwarsdeur die geskiedenis deurgegaan. So is die leer van die onfeilbaarheid van die pous eers in 1870 vasgestel. In 1854 het pous Pius IX verklaar dat Maria sonder sonde ontvang en gebore is. In 1950 het pous Pius XII bepaal dat Maria, die moeder van Jesus, wel gesterf het, maar daarna liggaamlik in die hemel opgeneem is.

***Enkele opmerkings oor die Roomse Leer.***

(i) *Die sakramente:* Uit die Bybel ken ons net twee sakramente (Heid. Kat., vr. 68). In die Roomse Kerk is daar *sewe:* behalwe die *mis* en die *boetedoening,* wat ons hierbo bespreek het, is daar nog die *doop,* die *vormsel* of *konfirmasie* (feitlik *aflegging van geloofsbelydenis),* die *huwelik* (net vir die leke), die laaste *oliesel* (op die sterfbed) en die *priester-wyding* (feitlik die instelling in die amp).

Die Roomse Kerk leer dat die sakramente *genade* in die natuurlike mens instort, en dit red hom. As iemand ongedoop sou sterwe, kan hy nie in die hemel kom nie. Ongedoopte kinders moet in 'n aparte kinderhemel bly. Daarom, as dit lyk of 'n kindjie sal sterf voor hy deur 'n priester gedoop kan word, moet die dokter of enigiemand anders die *nooddoop* toedien. Die sakramente werk dus soos towermiddels. As die sakramente toegedien word, verander daar wesenlik iets, ongeag die vraag of daar geloof is.

Dit maak die Roomse priester die *onmisbare middelaar* tussen God en die mense. Van die doop tot die graf moet die priester die genade met sakramente uitdeel en versterk. Dit het aan die kerk 'n geweldige houvas op die mense gegee. Hulle ongeletterdheid en bygelowigheid het gemaak dat hulle hierdie dinge geglo het. Eintlik was dit nie God wat hulle die genade gegee het nie, maar die priesters wat die genade moes uitdeel. Die Roomse Kerk het die middelares tot saligheid geword. As die mense nie die kerk se uitdeling van die sakramente het nie, is hulle verlore.

Die Roomse leer dat die Roomse Kerk die alleensalig-makende kerk is. Daarbuite is geen saligheid nie, behalwe wanneer iemand te goeder trou dwaal.

(ii) Die Roomse Kerk het ook beelde ingevoer as boeke vir die leke. Deur 'n beeld te sien, so redeneer hulle, kan die leek die evangelie beter verstaan (vgl. Heid. Kat. Sondag 35). Die beelde word nie aanbid nie, maar daaraan word eer bewys. Daarbenewens het hulle ook goddelike krag toegeskrywe aan allerlei relikwieë (oudhede) wat, soos hulle voorgegee het, dele van die kruis van Jesus was of klere van Jesus of van apostels, ens., waarin nog wonderwerkende kragte skuil. Dit was uitbuiting van die bygeloof van die ongeletterde massas.

(iii) Die Roomse Kerk is 'n sakramentkerk. In die Roomse erediens het die *prediking* van die Woord heeltemal op die agtergrond geraak en dit is vervang deur allerlei seremonies. Die kansel moes plek maak vir die altaar. Allerlei towerkragte is toegeskryf aan allerlei wydingsplegtighede, wydingswater ens., ens.

(iv) Tussen die mens en Christus het die Roomse Kerk Maria. as 'n hemelkoningin, moeder

van God en uitdeelster van genade gestel. Hulle redeneer dat 'n mens die eerste na sy moeder sal luister. As Maria dan met Christus praat, sal By eerder luister as wanneer ons direk tot Hom bid. Sy is die simbool van die kerk. Naderhand is saam met Maria 'n groot aantal *heiliges* uitgesonder wat biddend vereer moet word.

Die Mariaverering is niks anders as herleefde heidendom in die kerk nie. Die ou heidene het altyd die *vrou* en *moeder* vereer — dink maar aan godinne soos Astarte, Venus en andere.

***Die grondfout van Rome.***
Miskien sal 'n mens wil vra: maar hoe kom dit dan dat die Roomse Kerk deur die eeue soveel dwaalleer verkondig het? Hoekom hou die Roomse Kerk nou nog vol met die leerstellinge wat nie volgens die Bybel is nie?

Dan is die antwoord hierop dat die Roomse Kerk nie die Bybel as die *enigste* maatstaf vir die geloof aanvaar nie. Hulle ken aan hulle *kerklike tradisie* of uitsprake van die pous dieselfde seggenskap toe as aan die Bybel. Die Roomse redeneer dat die pous *onfeilbaar* in sy besluite deur die Heilige Gees gelei word. Hulle sê die gelowiges glo in die Bybel op gesag van die kerk (die pous). Die Bybel is daarom 'n gevaarlike boek in die hande van leke. Die kerk (pous) moet dit ook verklaar en kan dit aanvul. Daarom het 'n uitspraak in 1950 oor die hemelvaart van Maria dieselfde gesag as 'n Bybelhoofstuk.

Ons leer hieruit egter weer hoe gevaarlik dit is wanneer die Bybel nie meer oor die kerk regeer nie maar die kerk oor die Woord van God regeer. Die Bybel moet die hoogste en finale gesag oor elke terrein in die kerk dra. Ons leer hoe noodlottig dit is as ons in die kerk vir *menslike idees en smaak* naas die Bybel plek maak (vergelyk N.G.B. art. VII).

Omdat die Roomse kerk so 'n mag oor die gewete van sy lidmate het, word daar dikwels gesê dat die oorwegende Rooms-Katolieke lande minder ontwikkelde lande is. Omdat die Pous as die onfeilbare aardse verteenwoordiger van Christus beskou word, is die Roomse Kerk een groot diktatuur, wat met sy geestelikes na hartelus oor die leke se geloof en lewe heers.

***Literatuur:***
S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstuk 19. B. J. de Klerk: *Die Roomse Gevaar.*
H. J. Hegger: *My Weg na die Lig.* H. J. Hegger: *Moeder, ek klaag u aan.*

**VRAE:**
1. Hersien die Roomse hiërargie met die Pous aan die spits.
2. Hoe verskil pous Gregorius die Grote van Augustinus en hoe het hy in die 6de eeu die leer beïnvloed?
3. Wat is die sakrament van die boetedoening en uit watter drie dele bestaan dit?
4. Hoe is dit vir geldinsameling misbruik?
5. Wat verstaan Rome onder die mis?
6. Hoe kry die gelowige daar deel aan Christus?
7. Wat leer die Heidelbergse Kategismus in vraag 80?
8. Wat is die leer van die vagevuur?
9. Watter belangrike geloofsbelydenisse het die Pous in 1870, 1854 en 1950 uitgevaardig?
10. Hoeveel en watter sakramente bely Rome?
11. Toon met die Roomse doopleer aan hoe die sakramente soos towermiddels werk.
12. Watter plek neem die Roomse Kerk en priester tussen die gelowige en Christus in?
13. Wat is die Roomse beelde, relikwieë en heiligeverering?

14. Wat is die gevolg van 'n sakramentkerk?
15. Wat is die grondfout van Rome?
16. Wat bely ons in N.G.B. art. VII?

# Hoofstuk VII
# DIE KERKHERVORMING

***Agtergrond.***
Die Germaanse stamme het teen die 6de eeu die Romeinse Ryk laat verkrummel. Hierdie blanke barbare het daardeur met die Christendom sowel as met die ou klassieke beskawing van die Grieke en Romeine in aanraking gekom. Die gees van hierdie twee, die Christendom en die klassieke kultuur, moes deur die Germaanse volke opgeneem word. Hulle moes dit hulle eie maak. Ons kan dit 'n proses van beskawing noem. Gedurende die eeue en geslagte van die Middeleeue (6de tot die 16de eeu) het daar dus in Wes-Europa 'n *proses van geestelike rypwording* plaasgevind.

In die 14de eeu is die boekdrukkuns uitgevind. Dit het dadelik die verspreiding van kennis en gedagtes bevorder. Op die kruin van hierdie periode kry ons die *geestelike ontwaking* wat gewoonlik die Renaissance genoem word. Die Renaissance (letterlik: wedergeboorte) was 'n kultuurverskynsel waaruit blyk dat die menslike gees in Wes-Europa tot *mondigheid* gekom het. Nou het daar plotseling digters, skrywers, kunstenaars en groot denkers uit die Germaanse volke begin opstaan. Vroeër is maar net deur enkelinge uit die werke van die ou Grieke en Romeine gelees en oorgeneem. Na die rypwording en beskawing van die Germaanse volke presteer van hulle eie mense nou op elke terrein van die lewe. Hierdie Renaissance wou die boeie van die Roomse Kerk, wat die vryheid van die menslike gees geknel het, afwerp. In baie opsigte wou dit weer terugkeer na die vryheid en skoonheidstandaarde van die ou Griekse heidendom. Dit wou die klassieke kuns en kultuur laat herleef. Die verval in die Roomse Kerk, veral die sedeloosheid en oppervlakkigheid, het hulle diep gegrief.

***Voorlopers van die Hervorming.***
Nog lank voor Luther en Calvyn was daar al manne wat die suiwer leer verdedig het teen die dwalinge van die Roomse Kerk. So was daar in Engeland *John Wycliff* (1324—1384). Hy het die Bybel bestudeer en baie van die Roomse dwalinge, soos hulle transsubstansiasieleer by die nagmaal, bestry. Dertig jaar na sy dood het die Roomse Konsilie (sinode) van Constanz hom tot 'n ketter verklaar. Sy beendere is daarom in 1417 opgegrawe en wat nog daarvan oor was, is verbrand en die as verstrooi.

In Bohemië het *Johannes Huss* (1369-1415) onder invloed van Wicliff gekom. Hy het baie van die misstande en dwalinge uit die Roomse Kerk, veral die pouslike hiërargie, probeer bestry. Huss is met lis deur die kerk gevange geneem. Die Konsilie van Constanz het hom ter dood veroordeel en hy is in 1415 lewendig verbrand.

Daar was ook nog ander manne. Hulle wou die Roomse Kerk van binne uit probeer herstel. Hulle was dus nie hervormers nie, omdat hulle werk nie dadelik gevolge gehad het nie. Hulle het egter die kerkhervorming voorberei.

Ons moet onthou dat in die 16de eeu net die Roomse Kerk met al sy dwalinge, sy bygelowe, sy geestelikheid wat oor die leke heers, sy rykdomme, sy prag en praal, bestaan het. Op daardie tydstip het Rome begin om die magtige St. Pieterskerk te bou. Daarvoor was baie geld nodig. Daarom het daar mense rondgegaan om deur die sakrament van boetedoening 'n aflaat van sondestrawwe te verkoop.

***Martin Luther.***
Luther was 'n seun uit 'n eenvoudige boerefamilie in Duitsland. Hy studeer aanvanklik in die regte. Op universiteit het hy reeds kennis gemaak met die nuwe gees, die Renaissance. Luther het egter nie daarmee saamgegaan nie.

Toe hy nog student was, is sy vriend op 'n ruwe vegparty met 'n mes doodgesteek. Daarna het Luther 'n keer in 'n geweldige storm gekom en gebid: "Help, St. Anna, ek sal 'n monnik word!" In 1505 het hy toe na 'n klooster gegaan. Van kleins af was hy sterk onder die indruk van God se geregtigheid, wat die sonde straf. In hom het een vraag gebrand: "Wanneer sal ek so heilig wees dat God my genadig sal wees?" Daarom het Luther in die klooster met al die mag van sy sterk wil gevas en sy liggaam gekasty en gefolter. Om rus te kry het hy ook begin om die Bybel te lees.

As priester moes hy in 1511 na Rome gaan. Baie van wat hy toe in die Roomse kerkstad gesien het, het hom diep gegrief.

In 1512 het hy dokter in die Teologie geword en begin om klas te gee in Wittenberg. Dit was omtrent in hierdie tyd dat Luther plotseling verstaan het wat dit beteken dat daar in die brief aan die Romeine staan: *"die regverdige sal uit die geloof lewe"* (Rom. 1:17). Toe het hy verstaan dat die geregtigheid van God nie die gelowige straf nie. God se straf het oor Christus gegaan. Wie so in Christus glo, is geregverdig. God neem die gelowige in sy barmhartigheid aan. Alles kom op die geloof aan. Toe het daar 'n groot vrede en blydskap in Luther ontstaan. Om uit genade geregverdig te word was direk die teenoorgestelde as die boetedoening wat neergekom het op verdienstelike goeie werke en werkheiligheid (bieg en aflaat).

***Die bom bars.***
Toe pous Leo X vir Johannes Tetzel as een van sy agente na Duitsland gestuur het om aflaatbriewe te verkoop, het Tetzel ook in Wittenberg gekom en gesê: "So gou as die geld in die kis val, spring die siel uit die vagevuur". Dit het soos 'n vuur in Luther begin brand.

Op 31 Oktober 1517 het hy 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg gespyker. In daardie tyd het dit beteken dat hy as geleerde enigeen uitdaag om sy stellinge te weerlê. Die stellinge was veral gemik teen die aflaat, teen die valse idee dat die pous sonde kan vergewe, dat skuldvergewing sonder berou plaasvind, ens. Niemand, behalwe Tetzel, het dit gewaag om Luther te probeer weerlê nie.

Toe die pous eindelik self ook Luther tot terugtrekking van sy stellinge wou dwing, het Luther hom op *die Bybel* beroep. Hy wou uit die Bybel, en nie uit gesegdes van Roomse geleerdes nie, oortuig wees. Luther het toe ook begin leer dat die hele pousdom 'n menslike instelling was. Toe die pous egter 'n ban ('n vervloeking) teen Luther uitvaardig, het Luther dit in 1520 in die openbaar as 'n "ban van die Antichris" verbrand.

In 1521 is Luther deur die keiser voor die Duitse Ryksdag (parlement) te Worms gedaag. Omdat sy aanklaers hom nie uit die Bybel kon weerlê nie en die keiser wou hê dat Luther maar liewers moes terugtrek, het hy uitgeroep: "Ek kan nie anders nie, hier staan ek, mag God my help, Amen".

Op sy terugreis het van sy vriende hom na 'n kasteel, die Wartburg, ontvoer. Hierdeur wou hulle verhoed dat hy dood-gemaak word. Baie mense het Luther toe reeds ondersteun. Vanuit die Wartburg het hy verder gewerk. Hy het Bybelverklaringe geskrywe en ook die Bybel in

Duits vertaal, sodat die gewone volk dit van nou af self kon lees. Dit is die eerste Bybel in 'n volkstaal, omdat die Roomse Bybel net in Latyn, die kerktaal, gebruik is.

Hiermee het die Here 'n beweging, die *Kerkhervorming*, laat begin. Dit was in werklikheid die wedergeboorte van die Christelike kerk. Die Roomse Kerk wou hom nie bekeer nie; Daarom is 'n nuwe kerk gebore. Net soos 'n gelowige weder-gebore word en hom gedurig van sy sonde moet bekeer, so moes ook die vervalle en vervalste kerk wedergebore word en hom van sy dwalinge bekeer!

Hierdie terugkeer na die waarheid was nie die werk van een man en een dag nie. Feitlik saam met Luther het die Here nog ander groot Hervormers soos Calvyn, Melanchton, Zwingli, Knox e.a. beskik.

Luther is vir ons van belang omdat hy die instrument was wat die Kerkhervorming *begin* het. Calvyn is van soveel belang omdat hy die instrument van die Here was om die *Kerkhervorming* af te rond. As Gereformeerde Kerke staan ons in lyn met Calvyn se werk. Luther het nie so diep en so omvattend as Calvyn deurgetas nie. Luther het nog praktyke van die Roomse Kerk oorgehou. Hy het geglo 'n mens neem in die nagmaal die letterlike liggaam en bloed van Jesus *saam* met die brood en wyn op. Hy wou ook dat elke *vors* moet bepaal watter godsdiens in sy land moet geld. Die politieke vors het dus oor die gewete van sy onderdane geregeer.

***Johannes Calvyn (1509-1564).***
Calvyn is uit 'n aansienlike Franse familie gebore en was besonder begaafd. Reeds op 14-jarige leeftyd het hy na die universiteit in Parys gegaan. Hy het eers in die regte gestudeer.
Hoewel hy klein van postuur en veral in sy latere lewe sieklik was, was hy 'n student met onvermoeide ywer en 'n yster wilskrag.

Ongeveer Oktober 1533 het daar in sy lewe 'n groot verandering ingetree. Ons weet daar nie veel van nie, omdat Calvyn oor sy eie siellewe geslote was. Die Here het hom deur sy Gees verlos van die dwalinge van die pousdom en hom na die waarheid gebring.

Calvyn moes in 1535 na Switserland vlug. In 1536 het sy groot werk, sy *Institusie of onderwysing van die Christelike godsdiens*, verskyn. Daarmee wou hy koning Frans I van Frankryk oortuig dat die Protestante wat so vervolg is, ware gelowiges is. Die uiters mooi boek is in verkorte vorm in Afrikaans verkrygbaar. Dit was die eerste sistematiese uiteen-setting van die gereformeerde waarheid.

Calvyn het sy ander groot werk, soos die opstel van Kategismusse, vers-vir-vers-verklaring van die Bybel, ens., hoofsaaklik in Genève, Switserland, gedoen. Daar het Calvyn ook in die regering van die stad meegehelp, omdat Genève 'n modelstad wou wees wat volgens die Woord van God geregeer word. Calvyn se geloofsbelydenis was die grondwet van die Republiek van Genève.

Tog het Calvyn met groot vuur die selfstandigheid en onafhanklikheid van die kerk verdedig. Hy het in die kerkregering vir die strenge handhawing van die tug op Bybelse wyse geywer. Calvyn het dit as 'n vereiste gestel dat daar 'n goeie kerkorde moet wees. Hy was nie bereid om in Genève te dien as die stadsraad voorskryf wie die sakramente mag gebruik nie. Volgens Calvyn moes die kerkraad dit doen.

Calvyn het self erken dat hy soms te heftig was in sy ywer. Met sy medewete is die antichristelike dwaalgees, Servet, in 1553 in Genève verbrand. Servet was ook deur die Roomse Kerk veroordeel. Nogtans lyk dit asof Calvyn in hierdie opsig nog geglo het aan die Middeleeuse opvatting dat ketters dood-gemaak moet word. Hierdie gebeurtenis is dikwels teen Calvyn gebruik.

Deur sy sieklike liggaam en sy geweldige werkvermoë is sy kragte totaal ooreis. In 1564 is hy op betreklik jeugdige leeftyd oorlede nadat hy ongelooflik baie werk gedoen het en 'n nalatenskap daargestel het waarvan ons vandag nog met vrug gebruik maak. Sy invloed in elkeen van ons belydenis-skrifte en in ons kerkorde is bepalend. Hy was ook 'n mens, maar waarlik 'n gawe Gods! So beskik God die regte man op die regte tyd.

***Die Calvinisme.***

Die Roomse leer vra: *Wat wil die kerk?* Luther het gevra: *Hoe word ek salig?* Calvyn, daarenteë, het gevra: *Hoe kry God sy eer?* (vgl. Rom. 11:36).

Dit moet ons goed vashou, omdat ons daarmee ook van-dag nog ons eie lewe en ons kerklike en godsdienstige strominge moet beoordeel.

As ons die vraag stel soos Rome, draai alles om die kerk. As ons dit vra soos Luther, draai alles om die verlossing van die mens. (Dink maar aan die C.S.V., die Metodisme, die sektes en die oppervlakkige godsdienste.)

As ons egter die vraag stel soos Calvyn, draai alles om die eer van God. Dan moet ons met ons hele lewe, elke dag, die Here dien. Dit is dan waarlik *godsdiens*, mense wat God dien. (Ons kan dit so maklik omdraai, en dan is dit die Here wat ons moet salig maak, ons gebede moet hoor, ens. Kan dit nie maklik 'n diens word waar God die mens dien nie?)

Ons moet die Here orals dien: in die skool, in die huis, op die sportveld, in die politiek, in die kerk. Die eenvoudigste mens in die eenvoudigste beroep kan die Here net soos 'n minister of 'n predikant verheerlik. 'n Lidmaat dien die Here net soos 'n ampsdraer.

Dit was die gedagte van *roeping.* Totius het gesê dat die woord *roeping* soos krygsmusiek in die ore van die gereformeerde belyer dreun. Wie geroep is, is buitekant en hy v/erk. Pres. Kruger het gesê: "Ook op staatkundige gebied bely ek die onveranderlike beginsels van Gods Woord". Ons moet nooit dink 'n mens dien die Here net in die Kerk nie. Nee, orals moet ons vra: Waar kry God sy eer? Vir sy eer moet ons werk, waar Hy ons ook roep! 'n Mens kan op 'n invalidestoel sy Naam verheerlik.

Die inhoud van Calvyn se leer kry ons feitlik weer in ons eie belydenisskrifte en in ons kerkorde. Daarom behandel ons dit nou nie verder nie.

***Literatuur:***

S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstukke 20—26.
*A. Duvenage: Johannes Calvyn, Institusie.*
H. Scholtemeijer: *Johannes Calvyn: Die stryder vir die eer van God.*
W. Hovy: *Deur geloof alleen. Die lewensgeskiedenis van Maarten Luther.*

**VRAE:**

1. Wat het met die Germane gedurende die Middeleeue gebeur?

2. Wat is die Renaissance en watter ideaal het dit gestel?
3. Wat weet u van John Wicliff en Johannes Huss?
4. Vir watter onderneming en hoe het Rome aan die begin van die 16de eeu geld ingesamel?
5. Wat weet u van die jeug van Luther, en hoe het hy in die klooster gekom?
6. Wat was die groot vraag in sy lewe?
7. Watter Waarheid het Luther weer ontdek?
8. Waarom het dit hom in botsing met Tetzel gebring?
9. Wanneer, hoe en met watter doel het Luther in verset gekom?
10. Wat het in 1521 met Luther gebeur en watter groot werk het hy daar gedoen?
11. *Watter plek beklee* Luther m *die* Kerkhervorming ?
12. Skets die jeug- en studiejare van Calvyn.
13. Wat is die aanleiding vir en die betekenis van sy *Institusie?*
14. Wat het Calvyn in Switserland gewerk? Watter stad is onlosmaaklik aan hom verbonde? Hoe het hy die kerk teenoor die staat gesien?
15. Wat word Calvyn dikwels vandag nog verwyt?
16. Wat is die kern van die leer van Rome, van Luther en van Calvyn?
17. Wat is die praktiese betekenis van die Calvinisme?

# Hoofstuk VIII
# DIE UITBREIDING VAN DIE KERKHERVORMING EN DIE ROOMSE REAKSIE DAARTEEN

***Die uitbreiding van die Hervorming.***

Gelyktydig met Luther en Calvyn het nog baie ander manne gewerk om weer die lig van die Bybel oor al die leerstukke en lewensterreine te laat skyn. In hoofsaak was hulle dit eens, maar soms was daar oor bepaalde leerstukke verskille wat uitgestryk moes word. Ons kan verstaan dat die Hervorming nie die werk van een land, een man en een dag was nie. Zwingli het in Switserland die weg vir Calvyn voorberei. *Beza* was die medewerker en opvolger van Calvyn in Genève. *Bullinger* was die opvolger van Zwingli wat gaandeweg ten volle met Calvyn saamgewerk het. *Melanchton* was 'n medewerker van Luther wat ook by Calvyn aansluiting gesoek het. *John Knox,* 'n fiere en onbuigsame Skot, het deur Bullinger in aanraking met die Hervorming gekom. In 1847 moes hy 'n tyd lank as galleislaaf die groot skepe roei. Deur Engelse invloed is hy in 1847 vrygelaat, maar die halfslagtigheid van die Engelse Kerk het hom nie bevredig nie. In 1554 studeer hy in Genève onder Calvyn, en vanaf 1557 wy hy hom met behulp van koningin Elizabeth van Engeland aan die hervorming van *Skotland.* So het die Skotse Presbiteriaanse Kerk in leer en kerkregering uit die Calvinistiese bodem gestam.

In *Engeland* het die Hervorming 'n eienaardige patroon aangeneem. Koning Hendrik VIII wou van sy vrou Catharina van Arragon skei om met Anna Boleyn te trou. Die pous het gedreig om Hendrik in die ban te doen. Die Engelse Parlement het gevolglik in 1533 die pous as hoof van die Anglikaanse (Engelse) Kerk afgesweer en die koning tot die aardse hoof van dié kerk verklaar. Onder koning Eduard VI (1547-1553) het die godgeleerde *Cranmer* die leer van die Anglikaanse Kerk met advies van Calvyn in 'n *Common Prayer Book* in 'n Calvinistiese gees opgestel. Toe die Roomsgesinde "Bloedige Maria" vir Eduard opvolg, was daar 'n sterk Roomse reaksie. en Cranmer is gevang. Onder die druk het hy sy geloof herroep maar later weer pal daarby gestaan. Toe by na die brand-stapel moes gaan, het hy sy regterhand eerste in die vlamme gesteek, sodat die hand waarmee hy eenmaal sy Protestantse geloof afgeteken het, eerste sou brand. Met die troonbestyging van koningin Elizabeth is die *Common Prayer Book* herstel. Die Anglikaanse Kerk het derhalwe die eienaardige voorkoms: die leer is gereformeerd; die vorm van die erediens is nog sterk Rooms gekleurd, en die kerkregering is 'n biskoplike hiërargie onder die koning(in).

Omdat die Here die wêreld so voorberei het, het die hervorming wat met Luther begin het, 'n wêreldbeweging geword. Omtrent dertig jaar nadat Luther sy 95 stellings aan die kerkdeur gespyker het, was daar oral in Wes-Europa sterk Protestantse groepe. Sommige het meer na Luther en ander meer na Calvyn oorgehel.

***Die Kontrareformasie (teen-hervorming) van Rome.***

Die Roomse Kerk moes iets teen die Hervorming doen om die opmars van die Protestante te stuit. Van 1545 tot 1563 het die hoogste geestelikes van Rome in Trente (Italië) vergader. Daar is 'n *vervloeking* uitgespreek oor almal wat die Roomse oorlewering (tradisie), die sewe sakramente, die vagevuur, die aanroeping van die heiliges, die verering van beelde, die aflaat, die pous as stedehouer van Christus, ens., verwerp. Rome sê: *Vervloek is elkeen* wat glo dat 'n sondaar om Christus wil deur die vertroue op die Goddelike genade-regverdiging (skuldvergewing) ontvang. Daarmee het die Roomse Kerk hardnekkig in stryd met die Bybelse leer (vgl. Gal. 2:16; Rom. 1:17) volhard. Die Bybel *vervloek* elkeen wat soos Rome

hierdie evangelie verwerp (Gal. 1:8). So het die Roomse Kerk hom 'n *valse kerk* bewys, omdat dit die sentrale waarheid van die evangelie geloën het (vgl. N.G.B. art. 29).

Die meeste vorste was toe nog Roomsgesind. Die Roomse Kerk het hulle derhalwe aangesê om met die politieke swaard (geweld) die Protestante as ketters en rebelle uit te roei. Oral in Europa het bloedige en langdurige vervolging uitgebreek. Tydens 'n vorstehuwelik op 23-24 Augustus 1572 in Frankryk (St. Bartholomeusnag) is ongeveer 100,000 Hugenote op 'n verraderlike wyse vermoor. Pous Gregorius XIII het daarop 'n loflied aan God (Te Deura) laat sing. In 1598 het Hendrik van Navarre met die Edik van Nantes die Hugenote reg verleen om hulle godsdiens te beoefen. In 1685 het koning Lodewyk XIV dit herroep. Honderde kerke is verwoes. Die Hugenote se eiendomme is gekonfiskeer. Hulle is gemartel, gedood en na die galleie gestuur. Duisende het met lewensgevaar alles agtergelaat en gevlug. So het 'n aantal ook na die Kaap gekom.

***Nederland.***

Die Nederlande (Holland en België) was destyds nog 'n Spaanse besitting. Die Protestante in Holland was hoofsaaklik Calviniste. Voordat hulle egter tot 'n hegte eenheid saamgesnoer kon word, het die Roomse vervolging ook daar losgebars. Koning Phillips II van Spanje het die Hertog van Alva na die Nederlande gestuur om die Protestante uit te ruik en te bestry. Een van die Roomse kloosterordes was die inkwisiteurs (onder-soekers). Met die pynbank en ander wrede middels is bekentenisse van die Protestante afgedwing. Hulle moes hulle geloof afsweer. As hulle dit nie wou doen nie, is hulle gemartel en gedood.

Omdat Phillips II 'n Spanjaard was, het baie van die Nederlandse adel wat Rooms was, hulle gewig by die Protestante ingegooi. Die Protestante ("Geuse") het geveg vir die *vryheid van hulle godsdiens* teenoor die Roomse Kerk. Hierdie Roomse adel het geveg vir *politieke vryheid* teenoor die oorheerser uit Spanje. Dit was die aanleiding vir die roemryke 80-jarige oorlog van die klein Nederlandse volkie teen Spanje (1568-1648). Die Nederlanders is in hierdie stryd gelei deur prins Willem van Oranje. Hy was self aanvanklik Rooms maar het hom weldra tot die Protestantisme bekeer.

In die eerste aantal jare van die stryd het die noordelike state van Nederland in so 'n mate die oorwinning behaal dat hulle met hulle eie onafhanklike organisasie op politieke en kerklike gebied kon begin. So het die Gereformeerde Kerk(e) dan ook tot stand gekom. Die kerk het egter *in 'n baie nou verband* met die vorstehuis van Willem van Oranje en die staat gestaan.

**VRAE:**

1. Noem nog 'n paar hervormers behalwe Calvyn en Luther.
2. Wat weet u van John Knox en waar het hy gewerk?
3. Hoe het die Engelse koning hoof van die Anglikaanse Kerk geword?
4. Wat weet u van Cranmer, en wat is sy betekenis vir die Kerkhervorming in Engeland?
5. Wat is die Roomse Kontrareformasie ?
6. Wat is op die Kerkvergadering van Trente (1545-1563) besluit?
7. Wat is die hoofwaarheid van die evangelie en wat leer die Bybel aangaande elkeen wat dit verwerp?
8. Waarom is die Roomse Kerk 'n valse kerk?
9. Hoe het Rome die staat teen die Protestante gebruik?
10. Wat is die St. Bartholomeusnag?
11. Wat was die Edik van Nantes?

12. Hoekom het die Franse Hugenote na die Kaap gekom?
13. Waarom het Phillips II Alva na die Nederlande gestuur?
14. Waarom het die Roomse adel en die Protestante saam teen Phillips II gestry? Hoe lank het die stryd geduur? Wie was die leier in die stryd?
15. Was die Gereformeerde Kerk in Nederland heeltemal vry?

# Hoofstuk IX
# DIE KERK IN NEDERLAND, DIE LAND VAN JAN VAN RIEBEECK

***Die Remonstrante.***
Net na 1600 het daar 'n ernstige stryd onder die teoloë in die Nederlandse Kerk ontbrand. Dit het deurgewerk na die lidmate. Die een groep was gereformeerd. Die ander groep het onder *invloed van die Humanisme* uit die Renaissance growwe afwykende beskouings voorgestaan. Onder *Humanisme* verstaan ons 'n geestestroming wat uitgaan van en hom besig hou met die *mens.* Die mens staan in die middelpunt, en alles draai om hom.

Hierdie afwykende leer is *Remonstrantisme* genoem omdat die leer in 'n *remonstransie* ('n verdedigstuk) uiteengesit was. *Die Remonstrante* het *uitgegaan van die vrye wil van die mens.* Daarom is dit 'n herlewing van die *kettery van Pelagius* wat reeds in die dae van Augustinus geleer is. Hulle verwerp die vrymagtige genade van God, die uitverkiesing en die verbond wat God uit genade met die mens gesluit het (vgl. die Doop-formulier). Hulle sê dat die mens met sy vrye wil moet kies vir God of teen God. So maak hulle God afhanklik van die *mens.* Dit word op godsdienstige gebied die leer van die *groot mens* en die *klein God.* Jesus het vir alle mense gesterwe, so sê hulle, en nou wag God om te kyk watter mense vir Hom kies en watter nie. Jesus hou net 'n aanbod van genade aan die mense voor. Dit hang van die mens af of hy gered word of nie.

Hierdie dwaalleer het so 'n beroering in die Nederlande veroorsaak dat prins Maurits van Oranje besluit het om in 1618 'n groot Sinode te Dordrecht byeen te roep om die stryd te besleg. Hierheen is verteenwoordigers van verskillende buitelandse gereformeerde kerke genooi. Selfs uit Engeland was daar verteenwoordigers. Hierdie Sinode is van die *grootste belang,* omdat dit vasgestel het wat volgens die Bybel gereformeerd is.

Ons moet in die werk van hierdie groot Sinode onderskei tussen: (a) die werk op *leerstellige* gebied en (b) die werk op die gebied van *kerkregering.*

*(a) Die betekenis van die Sinode van Dordrecht, 1618/1619, op leerstellige gebied.*
Die Sinode het die *Nederlandse geloofsbelydenis* en die *Heidelbergse kategismus* aanvaar as 'n belydenis van wat die kerk glo. Die Sinode het self die dwaalleer van die Remonstrante in die vyf hoofstukke van die *Dordtse leerreëls* weerlê. Hierdie drie leerstukke vorm vandag nog ons belydenis.

(i) *Die Nederlandse geloofsbelydenis:* Hierdie belydenis-skrif bestaan uit 37 artikels. Dit is in 1561 deur 'n Belg, Guido de Bres, in samewerking met ander opgestel. Een nag het De Bres dit oor die muur van 'n kasteel waarin Fillips II tuis was, gegooi. So wou hy die Spaanse koning toon wat die vervolgde Protestante presies geglo het.

Guido de Bres het deur sy studie van die Bybel 'n Protestant geword. Hy moes daarom gedurig vlug ter wille van sy geloof. In 1567 is hy gevang.

By die nadering van die galg het hy nog aan sy vrou geskrywe: "Ek versoek jou ernstig om jou nie buite die maat te ontstel nie, uit vrees om God te beledig. Jy het immers geweet toe jy met my getrou het, dat jy 'n sterflike eggenoot geneem het . . ., en tog het dit die goeie God behaag om ons ongeveer sewe jaar saam te laat lewe . . .". Hy sê dat sy hart spring van

vreugde omdat hy as martelaar na die bruilofsmaal van die Lam genooi is.

Hierdie grepies uit die lewe van De Bres toon watter genadekrag die Here aan hierdie manne gegee het en watter heilige erns en diepe belewing agter die belydenisstukke lê. Ons dink dikwels dit is net vir die studeerkamer bedoel.

*Hierdie belydenis berus so volkome op die Bybel dat die Dordtse Sinode dit tot 'n belydenisstuk van die Gereformeerde Kerk aanvaar het.*
(ii) *Die Heidelbergse kategismus:* Duitsland het in daardie tyd uit ongeveer 30 staatjies, elk met sy eie vors, bestaan. Elke vors het in Duitsland die godsdiens vir sy staat bepaal. In die Paltz, met die hoofstad Heidelberg, het die vrome keurvors Frederik III die gereformeerde godsdiens aangehang.

Hy wou 'n leer- en troosboek vir gebruik in die kerke en skole verkry. Hy het daarvoor twee jong teoloë, Ursinus en Olevianus, benoem. Hulle het veral die Kategismus van Calvyn geraadpleeg. So het in 1563 die *Heidelbergse Kategismus* verskyn. Dit is ingedeel in 52 Sondagafdelings.

*Hierdie werk was so volkome in ooreenstemming met die Bybel dat die Dordtse Sinode dit tot offisiële belydenisskrif van die Gereformeerde Kerk verklaar het.*

(iii) *Die Dordtse leerreëls:* Die Sinode van Dordrecht het in 1618/1619 uit die Bybel uitspraak teen die Remonstrante gedoen. In die uitspraak word gehandel oor die uitverkiesing, die vrye wil van die mens tot saligheid, die volharding van die gelowiges, ens.

Hierdie uitspraak het ook 'n belydenisskrif van die Gereformeerde Kerk geword. Vandag kry 'n mens nog dikwels te doen met mense wat byvoorbeeld die uitverkiesing loën. Daarom is hierdie belydenisskrif nog net so belangrik as op die dag toe dit opgestel is.

*Hierdie drie belydenisskrifte noem ons die Drie Formuliere van Eenheid.* Dit is agter die psalms in die Psalmboek gedruk. Dit vorm 'n groot deel van die studie wat in die katkisasie onderneem word.

b. *Die betekenis van die Sinode van Dordrecht, 1618/1619, vir die kerkregering.*
Die Sinode van Dordrecht het uit verskillende gereformeerde kerkordes 'n eenvoudige kerkorde opgestel.

'n *Kerkorde* is nie 'n kerkwet nie. Die Gereformeerdes aanvaar die Bybel as die hoogste en enigste wetboek vir die kerk. Daarom is menslike kerkreëlings nie kerkwette nie.
Alleen die Koning van die kerk, Christus, kan wette vir sy kerk maak. Die kerk moet hierdie wette uit die Bybel haal en hulle toepas.

God is 'n God van orde, en daarom moet alles in die kerk ordelik gaan. In die Bybel is daar allerhande voorskrifte oor die prediking, die sakramente, die tug, die loon van dienaars, die ampte, ens. Daarom moet daar 'n kerkorde in die kerk wees om alle *willekeur* uit te skakel. tegelykertyd is dit dan 'n orde wat vryheid gee om die beginsel, soos omstandighede vereis, toe te pas. 'n Kerkwet of reglement laat geen vryheid toe nie maar probeer elke saak tot in die fynste besonderhede reël.

Die Dordtse Kerkorde is in vier hoofstukke ingedeel. Die eerste aantal artikels handel oor die

*dienste in die kerk,* die tweede oor die *kerkvergaderings* (samekomste), die derde oor die *leer, sakramente* en *gebruike* in die kerk en die vierde oor die *tug.* Daar is 86 artikels, en elke artikel gee die grond-beginsel wat toegepas moet word. Die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kom nou nog ooreen met dié van die Dordtse Sinode. Dit toon ons hoe min dit nodig was om die kerkorde in die loop van die eeue by nuwe ontwikkelinge aan te pas. 'n Beginsel word nie oud nie.

Ons moet altyd onthou dat die Gereformeerde kerkregering (die kerkorde) uitgaan van die gedagte dat *die kerk 'n vergadering van gelowiges* is. Wie ongelowig is, behoort buite die kerk. Die gelowiges wat tot die onsigbare kerk, die Liggaam van Christus, behoort, moet op 'n bepaalde plek saamkom en 'n sigbare kerk (die gemeente) vorm. So 'n plaaslike kerk (gemeente) is 'n selfstandige en afgeronde kerk. Die lidmate is lede van die bepaalde gemeente en nie van 'n sinode nie. Daarom moet 'n lidmaat as hy verhuis, sy attestasie (kerklike getuienis) saambring na die nuwe kerk (gemeente) voordat hy daar lidmaat kan wees en reg kan hê om daar sakramente te gebruik. Oor die gemeente regeer die ampsdraers in die Naam en met die Woord van die Here. Hulle word deur die gemeente gekies (deur stemming of met toestemming). As hulle bevestig is, verteenwoordig hulle die gesag van Christus oor sy kerk. So vorm hulle die kerkraad.

Die kerke (gemeentes) wat dieselfde belydenis en kerkregering het, moet met mekaar 'n *kerkverband* vorm, waar hulle hul gemeenskaplike belange kan behandel en mekaar kan help. So kom die klassis-, partikuliere sinode- en algemene sinode-vergadering tot stand. Hierdie vergaderings is nie hoër as die kerkrade nie maar is meerdere vergaderings van die kerkraad omdat die kerkraad daar saam met *meer* kerkrade vergadering hou. Dit waarborg groter onpartydigheid en verstandiger besluite. Die vergaderings mag egter nie besluit neem wat in stryd is met die Bybel, die belydenis of kerkorde is nie. So 'n meerdere vergadering regeer ook nie deur die neem wat in stryd met die Bybel, die belydenis of kerkorde mense wat daar teenwoordig is nie, maar met sy *besluite.* Daarom het die Gereformeerde Kerk ook nie 'n moderator of sinodale kommissie wat tussen sinodesittings namens die kerkverband besluite neem nie. Die kerkrade voer hulle besluite in meerdere vergadering geneem, uit.

Die kerkorde wil tot elke prys 'n Roomse hiërargie uit die kerk weer. Die amp van die ouderling is anders maar nie hoër as dié van 'n diaken nie. Die predikantsamp is anders maar ook nie hoër as dié van ouderling of diaken nie. Een ampsdraer of kerk mag nie oor 'n ampsdraer of kerk enige heerskappy voer nie.

Enige kerkvergadering is egter feilbaar en kan 'n foutiewe besluit oor 'n lidmaat of 'n saak neem. As dit gebeur, mag niemand sommer die kerk bedank nie. So iemand is dan geroepe en verplig, terwille van *reg en waarheid in die Kerk,* om te appelleer na 'n meerdere vergadering. Daarvoor maak die kerkorde ook voorsiening.

***Konklusie.***
Die leerstellige en kerkregtelike werk van die Dordtse Sinode is vir ons van die uiterste belang. Dit was die afronding van die Calvinisme in Nederland. Met die herstigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, in 1859, is daar weer teruggegryp na die leer, diens en tug van die Sinode van Dordrecht, 1618/1619. Terwyl die ander kerke in Suid-Afrika kerkwette en reglemente het, het die Gereformeerde Kerk 'n kerkorde. Dit is die enigste kerk in Suid-Afrika wat heeltemal volgens die Dordtse Kerkorde geregeer word.

***Literatuur:***

S. du Toit: *Kerkgeskiedenis*, hoofstukke 27—30, 67—69.

**VRAE:**

1. Watter stryd het na 1600 in die Nederlandse Gereformeerde Kerk ontstaan?
2. Wat was die leer Van die Remonstrante?
3. Hoe het die Sinode van Dordrecht, 1618/1619, tot stand gekom?
4. Hoe kan ons onderskei in die werk van die Sinode?
5. Wat is 'n Belydenisskrif of Formulier van Eenheid?
6. In watter drie belydenisskrifte het die Sinode van Dordrecht die Bybelse waarheid teruggevind?
7. Wat is die geskiedenis van die N.G.B.?
8. Hoe het die Heidelbergse Kategismus tot stand gekom?
9. Waaroor handel *die Dordtse leerreëls?*
10. Water ander belangrike werk het die Dordtse Sinode nog gedoen?
11. Waarom is 'n kerkorde noodsaaklik?
12. Waarin verskil 'n kerkorde van 'n kerkwet?
13. Hoe word die kerkorde verdeel?
14. Wat is 'n kerk (vgl. ook hfst. 1)?
15. Wie regeer oor die kerk?
16. Wie kies die ampsdraers en aan wie is hulle verantwoording ver-skuldig ?
17. Wat is 'n meerdere vergadering?
18. Is u lidmaat van 'n sinodale kerk?
19. Hoe waak die kerkorde teen 'n hiërargie?
20. Hoe moet 'n lidmaat te werk gaan indien hy meen dat 'n kerkraad (of meerdere vergadering) hom veronreg of teen die Skrif ingegaan het?
21. Watter betekenis het die Dordtse kerkorde vandag nog vir ons?

# Hoofstuk X
# DIE GEESTESTROMINGE IN EUROPA

***Die Humanisme.***
Ons het reeds gesien dat met die Renaissance (die hergeboorte van die klassieke kultuur in Wes-Europa) die menslike gees daar tot volwassenheid gekom het. Ons kan sê dat die Germaanse volke toe op geestelike gebied mondig geword het. Een van die groot kenmerke van hierdie geestelike ontwaking *in* Europa was dat die mens van homself bewus geword het. Hy het bewus geword van sy vermoë om te dink, te redeneer, te skep (dig- en ander kunswerk), ens. Hy het bewus geword van sy vryheid. Daarom wou die mense die diktatuur van die Rooms-Katolieke Kerk oor hulle gees afwerp. Hierdie beweging waarin die mens van homself bewus geword het en hom van homself rekenskap wou gee, word genoem die *Humanisme* (dink aan die Engels: *human).* Dit was 'n beweging uit die mens, deur die mens en vir die mens.

Wanneer so 'n geestesbeweging algemeen word, noem ons dit 'n geestestroming (vgl. Ef. 6:12). Die gees van die Humanisme het 'n goeie element in hom omgedra in sover as dit ook op die gawes van die mens nadruk gelê het. Dit het egter gevaarlik geword toe daar net met die mens en nie meer met God rekening gehou is nie. Dit het noodlottig geword toe die onselfstandige en afhanklike mens self vergoddelik is.

Binne in die Humanisme kan ons verskillende strominge onderskei wat hulle invloed op die godsdienstige beskouings van die mense laat geld het en sodoende die suiwere gereformeerde kerk verbaster het. Ons noem slegs 'n paar:

**1.** ***Die Rasionalisme of die verstandsgodsdiens.***
*Rasionalisme* is 'n woord wat afgelei is van die Latyn *ratio*, wat "rede"' "insig" of "teorie" beteken. Die mens het van sy vermoë om te dink bewus geword. Toe *wou hy met sy rede* (sy verstand) alles in die godsdiens verklaar.

In die godsdiens is dit nodig om met jou verstand te werk. Die ware geloof bestaan ook uit kennis (Heid. kat. vr. 21). Die Rasionalisme het egter gedwaal omdat dit die menslike rede tot regter oor die Bybel verhef het. Groot dele van die Bybel wat die verstand nie kon uitredeneer nie, veral die wonders, is verwerp. So het die godsdiens 'n droë en koue verstandspel geword. Die geloof het net kennis geword. Daar was geen warme geloofsvertroue meer nie.

Uit die Rasionalisme het allerhande filosofiese stelsels gegroei wat sonder die Bybel wou verklaar waar die aarde, die mens, ens., vandaan kom. Een daarvan ken ons as die sogenaamde evolusieteorie. 'n Ander is die Deïsme, wat veral in Engeland posgevat het. Die Deïsme leer dat God aan die begin die wêreld gemaak het soos 'n horlosiemaker 'n horlosie maak. Daarna loop die wêreld (en die mens) uit eie krag onafhanklik langs God. Volgens hierdie opvatting word dit voorgestel dat God en mens onafhanklik en los van mekaar bestaan. Dit hang net van die mens af of hy God 'n kans in sy lewe gee.

**2.** ***Die gevoelsgodsdiens (Piëtisme).***
Omdat die Rasionalisme die verstand oorbeklemtoon het, het dit nie die menslike *gevoel* bevredig nie. Die ware geloof is nie net *kennis* nie, maar ook 'n *vaste vertroue* (Heid. kat., vr. 21).

Die gevolg was dat daar weer 'n reaksie teen die verstandsgodsdiens gekom het van die kant van mense wat die warmte van gevoel in die godsdiens gemis het. Terwyl die verstandsgodsdiens alle nadruk op die menslike *rede* gelê het, het hulle weer al die nadruk op die menslike *ervaring* en *belewing* van die godsdiens gelê. Hulle het graag gepraat oor wat hulle belewe het.

Hulle het egter ook eensydig geword, want hulle wou niks wat verstandelik is, in die godsdiens oorhou nie. Daarom het hulle alle kerklike belydenisskrifte geminag. Hulle wou van dogma niks weet nie. Die *leer* is nie belangrik nie. Alles kom net op die *lewe* neer. 'n Goeie voorbeeld van die soort Christendom vind ons in die interkerklike en sogenaamde non-sektariese godsdienstige bewegings. Hiervan is die C.S.V., die A.E.B. en sektebewegings voorbeelde.

In Duitsland het die gevoelsgodsdiens sterk tot openbaring gekom. Op ons land het veral die Engelse gevoelsgodsdiens groot invloed gehad. Dit staan bekend as die *Metodisme*, waarvan John Wesley (1703-1791) die grondlegger was. Hy het nadruk gelê op 'n Christelike lewe volgens 'n bepaalde *metode.* Elke mens moet 'n datum hê waarop hy hom aan die Here oorgegee het.

Wesley wou nie juis met die Engelse staatskerk breek nie. Hy wou egter die ware gelowiges saamtrek in vrome kringe ("clubs"). In die kringe is saam gebid, godsdienstige onder-vinding en ervaring uitgeruil, Bybelstudie gedoen, ens. Die kringe het kerkies in die kerk geword. Wesley was sterk onder invloed van die Deïsme en Remonstrantisme.

Gevolglik het Wesley dan ook byvoorbeeld die uitverkiesing geloën. Vir die verbond van God en die regverdigmaking uit genade het hy geen oog gehad nie. Die doop het sy betekenis verloor en 'n blote naamgewing geword. Hy het geleer dat die mens Jesus Koning moet maak van sy lewe — asof Jesus nie Koning is nie! Jy moet eers die deur van jou hart oopmaak vir die Here, anders is jy verlore.

Groot nadruk is daarom op die *bekering* gelê. Die bekering is nie meer die *gevolg* van God se genade nie, maar dit word die *voorwaarde* vir die genade. Dié bekering moet dan deur die ware gelowige met dag en uur aangegee kan word. Allerlei skokmetodes is in die prediking toegepas om die bekering te verkry. Daarna moes die bekeerde met gebedsroetine, sonde-en-goeie-daad-registers, ens., sy lewe metodies reël. Die wil van die mens word in die plek van die wil van God die uitgangspunt in die godsdiens.

Ons verwerp die Metodisme op grond van God se Woord en ons belydenisskrifte. Veral die Dordtse leerreëls weerlê die grondstellinge van die Metodisme. God is Almagtig en is nie van die mens afhanklik nie. Die Bybel leer daarom ook dat God sy wêreldplan langs die weg van die verbond verwesenlik. Hy het Abraham, Dawid, Petrus, Paulus en andere geroep en uitverkies. Daar is ook baie gelowiges wat nie 'n dag en datum van bekering het nie (vgl. Jer. 1:5).

Wesley se grondfout is dat hy die heiligmaking (die bekering, vgl. Heid. kar., Sondag 33), voorwaarde maak vir die vergewing van sondes (die regverdigmaking, Sondag 23).

'n Ander fout is dat hy die saligheid van die mens as die hoogste doel van Jesus se werk op aarde sien. Alles draai by hom om die mens se saligheid. Die Bybel leer ons egter dat ons

saligheid 'n middel is om God te verheerlik. God se eer was die hoogste doel van Jesus se werk op aarde (vgl. Joh. 17:4; Rom. 11:36).

**3. *Die Liberalisme.***

Onder *Liberalisme* verstaan ons dat die mens homself vry wil maak van alle gesag (Engels: *liberty).* Die mens word self sy eie en hoogste wetgewer. As hy iets nie wil aanvaar nie, aanvaar hy dit nie. Hy wil daarom nie vir die gesag van God se Woord buig nie. Sy eie opinie het net soveel reg van bestaan as die belydenisskrifte van die kerk. Die Liberalis kom heftig in opstand as die kerk of die kerkraad hom berispe, vermaan of hom op sy plig wys. Die kerkraad is vir hom net mense wat regeer. Dat hulle deur God in 'n amp gestel is, erken hy nie.

Die geliefkoosde leerstelling van die Liberalis is dat elke mens op sy eie geloof salig word. Elkeen moet daarom vrygelaat word om te doen, te dink en te glo soos hy wil. Hulle pleit sogenaamd vir verdraagsaamheid teenoor die godsdienstige opvatting van ander. Tegelykertyd is die Liberalisme egter venynig onverdraagsaam teen die suiwer Skrifgeloof.
Hierdie Liberalisme het 'n geweldige verskeurende uit-werking gehad op die kerklike en godsdienstige lewe, ook in Suid-Afrika. Ons weet egter self hoeveel ons vandag te doen kry met die opvattings van die Liberalisme. Onder die invloed van die Liberalisme het die kerklike tug oor die lewe en leer van die kerk verdwyn. So 'n kerk word dan 'n mengsel van ernstige gelowiges en vrysinnige denkers. Dit hou eintlik op om kerk te wees, omdat die kerk dan nie meer 'n vergadering van gelowiges is nie maar 'n vrywillige vereniging vir godsdienstige doeleindes word.

Omdat die Liberalisme die nietige en sondige, feilbare mens die hoogste wetgewer wil maak, stel dit die opinie van die mens bo God en sy Woord. Die mens word vergoddelik tot die hoogste wetgewer. Daarom verwerp ons dit. Die uiteindelike resultaat van die Liberalisme is dan altyd chaos. Dit eindig gewoonlik met 'n rewolusie en 'n wettelose toestand. In die Franse Rewolusie, waar die Liberalisme hoogty gevier het, moes die sterk hand van Napoleon uiteindelik 'n einde aan die chaos maak.

***Literatuur:***

S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstukke 32—35.

***VRAE:***

1. Wat is die duidelikste kenmerk van die Renaissance in Wes-Europa en hoekom word dit so genoem?
2. Hoe moet ons die Humanisme beoordeel?
3. Wat is verstandsgodsdiens of Rasionalisme?
4. Wat is die verkeerde uitgangspunt van die Rasionalisme?
5. Wat is die evolusieteorie?
6. Wat is Deïsme?
7. Waar kom die gevoelsgodsdiens vandaan?
8. Het gevoel 'n plek in die godsdiens?
9. Hoe staan die gevoelsgodsdiens teenoor die leer van die kerk?
10. Watter vorm van gevoelsgodsdiens het groot invloed in **Suid-Afrika** gehad en waar kom dit vandaan?
11. Waarop lê die Metodisme nadruk en hoe gaan dit te werk?
12. Waarom verwerp ons die Metodisme?
13. Wat is die uitgangspunt van die Liberalisme?

14. Wat is die uitwerking van die Liberalisme?
15. Waarom verwerp ons die Liberalisme?

# Hoofstuk XI
# DIE GESKIEDENIS IN NEDERLAND, 1619-1892

***Die verval van die Nederlandse staatskerk.***

Die Sinode van Dordrecht het in 1618/1619 groot en mooi werk gedoen. Die kerkorde kon egter nie in Nederland uitgevoer word nie. Die *staat* was die groot struikelblok. Die staat was bang om die kerk toe te laat om tot selfstandigheid te kom en homself te regeer. Gevolglik is die kerkorde nie erken nie en kon daar nie gereeld 'n algemene sinode gehou word nie. Daarvoor was die toestemming van die owerheid nodig. Hoewel die kerk plaaslik die kerkorde kon gebruik, het dit tog onder die plak van die staat gebly. Dit was maar net die bevoorregte *staatskerk.* Die staat kon egter die kerk beïnvloed soos 'n ouer sy onmondige kind beïnvloed.

Die gevolg was dat die geestestrominge, veral die Liberalisme en Rasionalisme, teen die einde van die 18de eeu, toe die Franse Rewolusie plaasgevind het, in die Nederlandse staatskerk ook 'n groot houvas gekry het. Toe die troepe van Napoleon, wat die draers was van die Liberalisme van die Franse Rewolusie, gehelp het om die Prins van Oranje te verdryf en van Nederland die Bataafse Republiek te maak, het Nederland met volle teue die denkbeelde van die nuwe tyd ingedrink. Die Rasionalisme het die leer droog en koud gemaak, en die Liberalisme het die gesag van die Bybel en die Gereformeerde belydenisskrifte verwerp.

Toe koning Willem in 1813, nadat Napoleon verslaan is, na Nederland terugkeer, het hy besluit om aan die Nederlandse staatskerk 'n nuwe kerkreglement (kerkwet) te gee. In hierdie Algemene Reglement van 1816 is die Bybelse beginsels van die Dordtse kerkorde oorboord gegooi. Van nou af word die kerke (gemeentes) nie meer as die eintlike kerk gesien nie, maar die sinode word as die *hoogste* liggaam van die kerk en daarom as die eintlike kerk beskou. Die gemeentes is dan ondergeskikte takke van die groot sentrale liggaam: die sinode. Die sinode is feitlik die kerklike parlement, en die kerkrade die munisipaliteite. Die meerderheidstem regeer van bo af, ongeag of dit ooreenkom met die Bybel of die belydenis. Volgens die Liberalisme is die meerderheidstem die onfeilbare hoogste gesag. Die sinode kom so in die plek van die pous. Die naam van die Nederlandse Kerk is toe offisieel na die Hervormde Kerk van Nederland verander. Hierdie soort kerkregering noem ons *Kollegialisme.* Dit wil sê dat die sinode as hoogste vergadering ("kollege") met absolute mag oor die onselfstandige takke (die gemeentes) regeer. Terwyl die kerkregering van die Dordtse kerkorde van die kerkrade af na die sinode toe opgebou was, word dit nou van die sinode af na die kerke toe ingerig.

As die kerkregering verkeerd loop, kan die kerk nie meer op die regte wyse reageer teen die kwaad wat insluip nie. So het volslae leervryheid in die Hervormde Kerk ingesluip. Elke predikant kon preek wat hy wou, en elke lidmaat kon glo soos hy wou.

So het die ou Nederlandse Gereformeerde Kerk baie diep gesink en sy oorspronklike gereformeerde karakter heeltemal verloor. God sou dit egter deur die Heilige Gees beskik dat daar weer nuwe lewe kom.

***Die Reaksie in Nederland teen die vervalle Kerk.***

***a. Die Réveil.***

*Réveil* is 'n Franse woord wat "ontwaking" beteken. Teen die dooie, koue en versteende

godsdienstige lewe van die Rasionalisme het daar 'n reaksie gekom. In Nederland is die beweging *Réveil* (ontwaking) genoem. Sterk figure het vanaf 1819 aan die Réveil deelgeneem. Hulle het op verskillende plekke stigtelike byeenkomste en twee maal per jaar 'n algemene vergadering van Christelike vriende gehou.

Die Réveil het nie 'n breuk met die kerk beoog nie. Dit wou die stroom van ongeloof binne die kerk probeer stuit en die kerk terugroep na die Skrif en die belydenisskrifte. So het dit baie ooreengekom met die Metodisme, hoewel die Réveil meer gereformeerd in sy opvatting oor die leer was. Dit het so die groter hervormingsbeweging voorberei.

***b. Die Afskeiding van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk in 1834.***
Ds. H. de Cock van Ulrum was 'n Hervormde predikant wat aanvanklik net soos die ander gepreek en gedink het. Hy was so opgelei. Sy gedurige omgang met eenvoudige, ongeleerde maar regsinnige gelowiges het hom egter tot nadenke gestem. Hy het toe Calvyn se *Institusie* bestudeer. Dit het tot gevolg gehad dat hy weer met gloed die ou beproefde gereformeerde waarhede begin verkondig het. Van heinde en ver het mense na Ulrum begin stroom om die suiwere prediking te hoor. Van die mense uit ander gemeentes het daarop aangedring dat ds. De Cock hulle kinders moes doop.

Die klassis het ds. De Cock in 1833 verbied om die doop aan sodanige kinders van ander gemeentes te bedien. Ondertussen het De Cock ook die gereformeerde leer in 'n boekie verdedig teen 'n aanval van twee ander predikante. Hy het hom ook skerp uitgelaat teen die Evangeliese Gesange, wat reeds in 1807 in Nederland ingevoer is, sonder dat 'n sinode dit aan Skrif en Belydenis getoets het. De Cock het aangetoon dat die Gesange die gees van die Liberalisme geadem het.

Ander predikante het met De Cock begin simpatiseer. Toe die Hervormde Kerk met geweld De Cock tot swye wou dwing, het 'n aantal predikante en talle lidmate hulle in 1834 van die Hervormde Kerk in Nederland afgeskei. Die Regering het hulle vervolg, en sommige predikante is in die tronk gesit. Eers in 1839 is die afskeiding van die Christelike Gereformeerde Kerk erken.

Dit is die Sinode van hierdie Kerk wat ds. D. Postma in 1857 na Transvaal gestuur het. Hierdie afskeiding het sodoende die ontstaan en rigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika grootliks beïnvloed.

***Die Doleansie.***
Na die afskeiding in 1834 het sommige gereformeerdes nog probeer om die Nederlandse Hervormde Kerk van binne af te herstel. Al hulle proteste teen die leervryheid en Liberalisme was egter vrugteloos. Die vrysinnigheid het eerder toegeneem. Hulle moes ook al meer aanvalle van hulle eie mense verduur.

In 1876 het die gereformeerd voelende groep in die Hervormde Kerk besluit om 'n eie universiteit, die Vrye Universiteit van Amsterdam, op te rig. Hierdie gereformeerde inrigting het hulle invloed versterk. Dr. Abraham Kuyper was hulle leier.
Volgens die Dordtse Sinode moet 'n predikant die belydenisskrifte onderteken en verdedig *omdat* dit met die Bybel ooreenstem. Toe die Hervormde Kerk in 1883 die ondertekeningsformulier van die proponente so gewysig het dat iemand predikant kon word sonder dat hy met die belydenisskrifte instem, het die vuur begin brand. Vanaf 1886 het 'n groep gemeentes hulle uit die Hervormde Kerk tot 'n dolerende (klaende) kerk gevorm. In

1892 het hierdie groep klaende gemeentes met die Christelike Gereformeerde Kerk verenig en het hulle saam die Gereformeerde Kerke van Nederland geword.

***Afskeidingsbewegings in ander lande.***

Tussen die jare 1834 en 1860 kry ons ook in ander lande, soos Skotland, Frankryk en Noord-Amerika, kerklike afskeidingsbewegings. Die afskeiding in Noord-Amerika is aangehelp deurdat sommige lidmate en predikante wat in Nederland vanweë die Afskeiding in 1834 vervolg is, na Amerika gevlug het. Daar het hulle aanvanklik by die Reformed Church aangesluit.

Die gereformeerdes het later ontdek dat die Reformed Church vrymesselaars as lede van die kerk toelaat, dat daar nie meer huisbesoek gedoen word nie, dat die katkisasie verval het, dat die uitverkiesingsleer nie gehandhaaf word nie, dat Evangeliese Gesange gesing word en dat enigiemand wat wou, nagmaal kon gebruik.

So het daar in Noord-Amerika in 1857, slegs twee jaar voor die afskeiding in Suid-Afrika, die Christian Reformed Church tot stand gekom.

***Konklusie.***

Dit is merkwaardig hoe die Heilige Gees feitlik in alle lande waar die oorspronklike Gereformeerde Kerk deur die inwerking van die Liberalisme verval het, weer 'n herstel van die kerk deur afskeiding laat plaasvind het. Al hierdie afskeidings het tussen 1834 en 1860 plaasgevind. Dit is die groot wonder van die kerkgeskiedenis dat die "Doppers", sonder dat hulle geweet het wat in Europa of Noord-Amerika gebeur het, in hulle eenvoud baie jare lank volhardend gestry het, totdat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika herstig is.
Daarin sien ons hoe die Heilige Gees in enige land die ongelowige geestelike magte bestry.

***Literatuur:***

S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstukke 36 tot 39.
G. C. P. van der Vyver: *Prof. Dirk Postma, 1818-1890,* hoofstukke 1 en 2.
B. R. Krüger: *Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika,* hoofstuk 1.

**VRAE:**

1. Hoe het die Nederlandse staat die kerk na die Dordtse Sinode benadeel?
2. Wat was die gevolg van die staatsoorheersing en verhindering om sinodes te hou?
3. Wat het gebeur in Nederland tydens die Napoleontiese oorloë?
4. Wat weet u van die Algemene Reglement van 1816?
5. Wat is Kollegialisme?
6. Wat was die uitwerking van die Liberalisme in die Nederlandse Hervormde Kerk?
7. Wat was die Nederlandse Réveil en wat het dit beoog?
8. Wat weet u van ds. H. De Cock in Ulrum?
9. In water konflik raak De Cock in 1833 betrokke?
10. Waar kom die Christelike Gereformeerde Kerk van Nederland vandaan ?
11. Wat was die oogmerke van die ortodokse groep onder leiding van dr. A. Kuyper binne die Hervormde Kerk?
12. Wat was die Doleansie. van 1886?
13. Hoe het die Gereformeerde Kerke van Nederland in 1892 tot stand gekom?
14. Hoe het die Christian Reformed Church in 1857 in die V.S.A. ontstaan ?
15. Wat is opmerklik in die afskeidingsbewegings tussen 1834 en 1860?

# DEEL II

# SUID-AFRIKAANSE KERKGESKIEDENIS

# Hoofstuk XII
# DIE KAAPSE KERK IN DIE TYD VAN DIE KOMPANJIE

***1. Die volksplanting aan die Kaap, 1652.***

Dit is bekend dat die eerste Nederlandse koloniste na die Kaap gestuur is om 'n verversingstasie vir die groot handelskompanjie, die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie, te stig. Die bestuur van die Kompanjie het in die Kaap alle seggenskap gehad. Hulle het opgetree in die plek van die Nederlandse regering.

Die Kompanjie was ook nie net in winste geïnteresseerd nie. Hulle wou ook die geestelike welsyn van hulle amptenare bevorder. Hulle het selfs begeer dat die barbare gekersten moes word. Godsdiens is in hoë eer gehou. Dit hoor ons dadelik uit die gebed van Jan van Riebeeck, as hy op 6 April 1652 aan die Kaap voet aan wal sit.

***2. Watter soort godsdiens was dit?***

Let daarop dat 1652 maar net 33 jaar na die groot Sinode van Dordrecht 1618/1619, was. Die gees van hierdie Sinode het in daardie tyd nog helder in Nederland geleef. Die volksplanting aan die Kaap is daarom op leerstellige gebied in die *suiwer gereformeerde gees* van hierdie Sinode begin.

**3.** ***Watter kerk is aan die Kaap gestig?***

As ons hierdie vraag stel, hoor ons baie antwoorde. Die Hervormde Kerk kyk na die ontwikkeling van die moederkerk in Nederland en sê dit was 'n Hervormde Kerk. Die N.G. Kerk kyk na die historiese ontwikkeling in Suid-Afrika en sê dit was 'n N.G. Kerk. Die Gereformeerde Kerk kyk na die leerstellige en kerkregtelike inhoud van daardie kerk en sê dit was 'n Gereformeerde Kerk.

Al hierdie mense het gelyk. Al drie Afrikaanse Kerke het uit die oorspronklike Gereformeerde Kerk wat in 1652 na die Kaap gebring is, ontwikkel. Die N.G. Kerk het in 1843, die Hervormde Kerk in 1853 en die Gereformeerde Kerk in 1859 hulle teenswoordige beslag gekry.

*Aan die Kaap is in 1652 'n Gereformeerde Kerk geplant, met die Gees en arbeid van die Dordtse Sinode nog vars in die geheue van die Nederlanders.*

**4.** ***Die kerklike inrigting aan die Kaap.***

In 1655 het die Kompanjie die eerste predikant, ds. Van Arckel, na die Kaap gestuur. Tot in daardie stadium is die mense aan die Kaap deur die sieketrooster en die predikante op die besoekende skepe bedien. Die sieketroosters moes elke aand na die ete godsdiensoefening hou. Sondae is 'n gewone en kategismuspreek gelees. Verder moes hulle die siekes besoek, die jeug onderrig, ens. Alleen predikante mog die sakramente bedien. Die Politieke Raad het streng strawwe en boetes op amptenare gelê wat die godsdiens geminag of nagelaat het.

As ons na die geskiedenis van die kerk en gemeentes gedurende die tyd van die Kompanjie kyk, sal ons sien dat die mense geweldig noulettend was op die Kategismus, die suiwerheid van die gereformeerde leer en die handhawing van die gereformeerde beginsels.

Na 1795 word dit egter plotseling anders. Die verandering tree in wanneer die Liberalisme

van die Franse Rewolusie (1789) deurwerk oor Europa. Dit kom vanuit Europa ook na die Kaap. Daardeur het die oorspronklike gereformeerde inhoud al meer uit die Kaapse kerklike lewe verdwyn, soos ons later sal sien.

**5.** ***Die Kompanjie en die kerk.***

Hoewel ons nadruk lê op die feit dat die volksplanting aan die Kaap slegs 33 jaar na die Dordtse Sinode geskied het, moet ons onthou dat die Dordtse Sinode in een belangrike opsig nie daarin geslaag het om sy doel ten volle te bereik nie. Die Sinode het nie daarin geslaag om *die kerk teenoor die staat vry te maak nie.*

***a. Nederland: In Nederland was dit die staatskerk.***

Die staat wou nie die Dordtse Kerkorde formeel erken nie. Dit het beteken dat die kerkorde maar min of meer gegeld het. Gaandeweg het die ou kerkordelike beginsels al meer vergeet geraak, en die kerk het tevrede geword om bevoorregte staatskerk te wees. Dit was 'n ongereformeerde vorm van kerkregering. Die staat het eintlik die rol van die sinode vervul. Die kerk in Nederland het in 1816, kort na die Napoleontiese oorloë, dan ook van koning Willem I 'n nuwe kerkreglement ontvang. Toe is die naam van die kerk in Nederland van Gereformeerd na Hervormd verander. Dit was vir die kerk noodlottig dat die staat sy sake wou reël.

***b. Aan die Kaap:*** Aan die Kaap het die Regering van dieselfde gedagte uitgegaan. 'n Verteenwoordiger van die Politieke Raad moes elke kerkraadsvergadering bywoon. Die owerheid het die laaste seggenskap gehad by die verkiesing van kerkraadslede, by die besteding van gelde, by die stigting van nuwe gemeentes, ens. Die kerk was *onmondig.* Politieke belange het in die kerk ingeburger. Die Kompanjie as handelsmaatskappy wou darem ook nie te veel uitgawes aan die kerk bestee nie. Daarom is die gemeentes (kerke) aan die Kaap *onmondig, afhanklik* en *uitmekaar* gehou. Hulle kon nie saam 'n klassis of sinode vorm nie. Onder die plak van die staat, in plaas van onder die gesag van die Bybel, kon die kerklike lewe nie suiwer gereformeerd bly nie. Dit het die weg gebaan vir groot veranderinge in die 19de eeu.

**6.** ***Die uitbreiding van die Kaapse Kerk.***

Die tweede kerk aan die Kaap was dié van Stellenbosch in 1686. Sybrand Mankedan was daar skoolmeester en sieketrooster.

Die koms van die Franse Hugenote in die jare 1688 het die kerk en die godsdienstige inslag van die Kaapse burgery aansienlik versterk. Die Hugenote was geformeerdes. Hulle het met die herroeping van die Edik van Nantes, wat die godsdiensvryheid in Frankryk ingetrek het, gevlug na lande waar hulle hul gereformeerde geloof kon handhaaf. In 1691 is aan die Kaap die derde kerk, Drakenstein, gestig.

Ondertussen het die vryburgers die binneland ingetrek, en die veeboerdery het hulle al dieper ingelei. Die Kompanjie was traag om meer kerke te stig. Uiteindelik is in 1745 die kerke Zwartland (Malmesbury) en Roodezand (Tulbagh) gestig. Toe was die mense ook al weer ver vooruit in die binneland. Eers in 1792 is Graaff-Reinet en in 1794 Swellendam gestig. Die dorpe het gewoonlik rondom die kerk gegroei.

Dit is 'n wonder dat die ou Boere nie heidene geword het nie. Die mense kon met die wa en osse so selde by die kerk kom. Alle huwelike moes in Kaapstad gesluit word. Daar was so min direkte geleentheid om met die kerk in aanraking te kom.

Die mense het nie heidene geword nie, omdat hulle daagliks die ou Nederlandse Statebybel met sy verklarende aantekeninge en die preekbundels van ou gereformeerde skrywers gelees het. Die Kort Begrip of Kategismusverklaring en die Statebybel was feitlik die enigste skoolboeke wat gebruik is om te leer lees en skrywe. Die Bybel, Kategismus en preekboeke was in die binneland hulle kerk, skool, koerante en leesstof. Saans met huisgodsdiens is die bediendes ingeroep. So is die godsdienstige karakter van die Boerevolk met getroue huisgodsdiens en huiskatkisasie gevorm. Die aflegging van die belydenis van die geloof was feitlik die hoogste vorm van geleerdheid (vandaar die woord *boerematriek).*

***Literatuur:***

S. du Toit: *Kerkgeskiedenis*, hoofstukke 40-12.
B. Spoelstra: *Die "Doppers" in Suid-Afrika 1760—1899,* hoofstukke 1 en 2.

**VRAE:**

1. Watter liggaam het die verversingstasie in 1652 aan die Kaap gestig? Was hulle net in die handel geïnteresseerd?
2. Watter een van die drie Afrikaanse Kerke is aan die Kaap geplant ? Hoekom sê u so?
3. Hoe is die mense geestelik bedien?
4. Watter verandering word na 179S merkbaar?
5. Wat was die verhouding tussen kerk en staat in Nederland?
6. Wat was die verhouding tussen kerk en Kompanjie aan die Kaap?
7. Skets die uitbreiding van die kerke tussen 1665 en 1794 aan die Kaap?
8. Waarom het die Boere in die binneland nie onder die gebrekkige bediening verwilder nie?

# Hoofstuk XIII
# INGRYPENDE VERANDERING VAN DIE KAAPSE KERK ONDER DIE BATAAFSE REPUBLIEK, 1804

**1.** ***Hoe is die kerk onder die Kompanjie geregeer?***
Al het die Dordtse Kerkorde nie formeel in Nederland of aan die Kaap gegeld nie, is die plaaslike gemeentes tog min of meer volgens die beginsels van die kerkorde regeer. Die groot leemtes was egter die volgende:

a. Die goewerneur en Politieke Raad het die finale gesag gehad en gedurig ingemeng in die kerklike sake van die plaaslike kerke.

b. Behalwe 'n paar jaar (1745—1759) wou die V.O.I.K. glad nie toelaat dat die paar kerke (gemeentes) aan die Kaap saamkom om in 'n gesamentlike kerklike vergadering oor hulle gemeenskaplike belange te spreek of te besluit nie.

Hoewel hier dus nie sprake van 'n gesonde gereformeerde kerklike lewe kan wees nie, was die Gereformeerde gemeentes tot 1786 die enigste kerke wat van owerheidsweë toegelaat is. Hulle predikante is deur die Kompanjie geplaas en besoldig. Behalwe 'n paar briewe per jaar na die klassis van Amsterdam, wat 'n soort voog van die Kaapse gemeente was, is die kerke behandel as 'n departement van die staatsdiens. Die tydperk van die Kompanjie het so die weg voorberei vir die groot verandering wat onder die Bataafse bewind in 1804 in die kerk afgekondig is.

Die predikante was staatsamptenare en kon nie sterk standpunt teen die owerheid inneem nie. Die lidmate in die binneland kon feitlik net met nagmaalstye en soms nog minder met die kerk in aanraking kom. Van hulle kon amper nie weerstand verwag word as daar veranderinge in die kerk ingevoer sou word nie. Tog kry ons later dat in Suid-Afrika net soos in Nederland deur eenvoudige gelowiges teen die veranderinge geprotesteer word.

***2. Die veranderde Europa.***
In Europa het die Franse Rewolusie in 1789 plaasgevind.

Die burgerstand het in opstand gekom teen die adel en die gevestigde tradisie op politieke en sosiale gebied. Alles moes met die kreet van vryheid, gelykheid en broederskap gelykgemaak word. Hierdie nuwe gees van die Liberalisme wou niks weet van iets soos die gesag van die Bybel, die kerk of die belydenis nie. Die *volkswil* is die wil van die god van die rewolusie. Die helfte plus een by die stembus regeer die wêreld.

Die troepe van Napoleon het hierdie nuwe gees van demokrasie en liberalisme vanuit Frankryk oor Europa gedra. Die ou orde is omvergewerp. In Nederland moes die Prins van Oranje na Engeland vlug.

Dit het veroorsaak dat Engeland in 1795 die Kaap voorlopig in besit geneem het, sogenaamd om dit vir Holland te beskerm. By die Vrede van Amiens (1802 is egter bepaal dat die Kaap teruggegee moes word aan die Bataafse Republiek (Nederland).

***3. Die Bataafse bewind aan die Kaap, 1802—1806.***
Daarom stuur die Bataafse Regering in 1802 goewerneur Janssens en kommissaris-generaal

J.A. de Mist na die Kaap om die regering oor te neem. Hierdie manne was bekwaam, deeglik en hardwerkend. In die vier jaar aan die Kaap het hulle veel gedoen om die wanorde in die Kompanje-administrasie op te ruim. Hulle was egter nie Calviniste nie, maar "verligte" mense wat besiel was met die liberale ideë van die Franse Rewolusie.

De Mist het daarom ook 'n nuwe kerkordonnansie opgestel, wat in 1804 in werking getree het. Hierdie kerkwet het geweldige groot betekenis gehad.

***4. Die Kerkorde van De Mist.***
a. *Sy grondgedagte:* De Mist het geglo dat een kerk nie, soos aan die Kaap gebeur het, bo 'n ander bevoorreg mag wees nie. Alle mense is gelyk. Daarom moet alle kerke gelyk wees en hulle self versorg. Daar moet 'n skeiding wees tussen die kerk en die staat. Verdraagsaamheid moet geopen-baar word teenoor alle andersdenkendes.

De Mist het gesê die kerk moet die staat dien. Die kerk moet help dat daar goeie burgers vir die staat gekweek word. Die kerk moet sorg dat die burgery se deug en sedes bevorder word. De Mist het die kerk so nog verder aan die staatsgesag gebind en daarom juis *nie* die kerk en die staat geskei nie.

Let op: Hier bestaan die kerk nou ter wille van die *voordeel* wat dit vir *die mens* inhou (Humanisme). Dit is lynreg teen die Bybel, wat leer dat die kerk bestaan ter wille vari die eer van God. De Mist sien die kerk as 'n slaaf van die staat.

b. *Die Kerkordonnansie:* De Mist se kerkordonnansie bestaan uit 52 artikels, in twee hoofstukke verdeel. Die eerste hoofstuk bevat bepalings vir alle kerke en die tweede bepalings vir die *"Hervormde Kerk-genootskap,"* wat die grootste was. (Aan die Kaap was in 1804 ook een Lutherse gemeente.)

Die gees van die Rewolusie straal uit dié kerkwet. In plaas van die Naam van die Here word gepraat van 'n vae, onbestemde "Hoogste Wese". Die skole is losgemaak van die ouers en die kerk. Dit word nou *staatsonderwys.*

c. *Beoordeling:* Die grondfout wat De Mist gemaak het was dat hy die kerk as 'n *genootskap* gesien het. Dit is die *liberalistiese* opvatting. Die kerk is vir hom 'n *vereniging* waarby 'n mens uit vrye wil aansluit. Jy word lidmaat as jy "aangeneem" word tot lidmaat van die vereniging. Die kinders is nie lidmate nie, maar die "toekoms" van die kerk.

Vir De Mist is die sinode eintlik die kerk. Dit is die kerklike parlement, die hoogste bestuur. Die gemeentes is takke van die sinode. takke van die genootskap. Die "kollege" (vergadering, bv. sinode) bestuur die kerk. Daarom word hierdie stelsel die *Kollegialisme* genoem.

Die blywende invloed wat De Mist in die Suid-Afrikaanse kerklike lewe gehad het, kan ons meet aan die nuwe gedagtes wat in die kerk ingebring is:

(i) die *Kollegialisme;*
(ii) die *genootskaplike kerkbegrip;*
(iii) die ondergeskikte posisie van die *kerk teenoor die staat;*
(iv) die *uitskakeling* van *godsdiens* in die neutrale staatskool;
(v) die *staatskool* i.p.v. skole wat aan die ouers behoort;
(vi) die leuse van godsdienstige verdraagsaamheid, wat die weg gebaan het vir

*vrysinnigheid* in die kerk omdat leertug en die Bybel se gesag verdwyn het.

De Mist het dit ongetwyfeld goed bedoel met die kerk. Die kerk het nou vir die eerste maal 'n vaste kerkreëling aan die Kaap gehad, al is dit nie dadelik ten volle toegepas nie.

Die doel heilig egter nie die middel nie. Die probleem was dat die Bybel onversoenbaar is met die liberale gees. Die Bybel noem die kerk die Bruid van Christus. Dit is God wat sy kerk deur die Woord en Gees vergader. Die kerk is daarom nie 'n vrywillige en willekeurige vereniging (genootskap) van mense nie, maar die kerk moet 'n *vergadering van gelowiges* wees, wat wortel in die verkiesende genade van God. Die kerk bestaan nie ter wille van die mens (deug en goeie sedes) nie, maar bestaan in die eerste plek ter wille van God se eer.

Die jaar waarin die ou gereformeerde beginsels finaal plek gemaak het vir die beginsels van De Mist se kerkwet (1804), word die *sterfjaar van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* genoem.

***Literatuur:***
S. du Toit: *Kerkgeskiedenis*, hoofstuk 43.
J. P. Jooste: *Die verhouding tussen kerk en staat*, hoofstuk 5.

**VRAE:**

1. Watter groot leemtes het onder die Kompanjie in die kerkregering aan die Kaap bestaan?
2. Hoe het dit die verandering onder De Mist voorberei?
3. Watter groot verandering vind in Europa teen die einde van die 18de eeu plaas?
4. Watter nuwe gees lê op die gemoedere beslag?
5. Watter politieke Verandering het in 1802 aan die Kaap plaasgevind?
6. Watter belangrike bydrae het De Mist in 1804 tot die Kaapse kerklike lewe gedoen?
7. Wat was De Mist se grondgedagte in sy kerkordonnansie?
8. Watter gees straal uit die kerkwet?
9. Hoe het De Mist die kerk beskou?
10. Watter blywende betekenis het De Mist vir die kerklike lewe aan die Kaap gehad?
11. Waarom sou ons 1804 die sterfjaar van die Gereformeerde Kerk aan die Kaap kon noem?

# Hoofstuk XIV
# DIE ONTSTAAN VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK, 1843

**1.** ***Die toepassing van die kerkwet van De Mist.***

Die Engelse het in 1806 weer die Kaap in besit geneem. Dié keer het hulle gekom om te bly. Hulle het die werk van De Mist so deeglik beskou dat hulle sy kerkorde net so oorgeneem het. In 1814 is bepaal dat die Kaap permanent 'n Engelse besitting sou bly. Daardeur het 'n oorwegend Nederlandse Kolonie onder Engelse bestuur gekom.

**2.** ***Die politieke faktor in die Kaapse Kerk.***

Engelse goewerneurs moes nou in 'n Nederlandse volksplanting die kerkwet van De Mist toepas; politieke kommissarisse moes oor Engelse belange in die kerk waak. De predikante word nou deur 'n Engelse Goewerneur aangestel, verplaas en betaal. Die kerk wat De Mist aan die staat onderwerp het, raak so die speelbal in die politieke woelinge van die land. Tegelykertyd het Nederland nie meer direkte belange by die Kaap onder Engelse bewind gehad nie. So ontstaan 'n tekort aan Hollandse predikante.

Lord Charles Somerset het dadelik getrag om die tekort aan predikante aan die Kaap die hoof te bied. Uit Nederland kon hy nie meer so maklik predikante verkry nie. Tegelykertyd was Somerset van plan om die Kaap te verengels. Engels is tot die enigste offisiële landstaal verklaar.

Dit het dus goed in sy plan gepas om in 1820 'n aantal Skotse predikante in te voer. Hulle is veral in die binnelandse grensdistrikte geplaas, waar die bevolking die sterkste Hollands was. Hulle kon die bevolking help om met Engels reg te kom.

Hierdie manne was eerbaar en godvrugtig. Hulle was egter Metodisties gesind. Hulle kon die Afrikaner se Calvinistiese volksaard nie begryp nie. Die politieke strewe van die Groot Trek, die opvatting oor die apartheid van rasse, die opvatting van die "Doppers" oor die Gesange, bidure, uitverkiesing ens. was vir hulle onverstaanbaar en dwaas.

Baie boere raak so gaandeweg vervreemd van hulle kerk. Die kerk het 'n wapen van die Engelse goewerneurs geword wat die Boer bedreig het. Die boere in die binneland het hulle dus in 'n groot mate *teruggetrek* en maar stilweg hulle eie lewe voortgesit. Dit het egter ook veroorsaak dat die Boere tydens die Groot Trek en later na hulle geestelike moederland, Nederland, vir hulp omgesien het. Daarvandaan het hulle goeie gereformeerde predikante verwag.

Die Skotse predikante was egter nie met die staatsoorheersing gediend nie. Hulle het daarop aangedring dat die artikel in De Mist se kerkorde wat vir 'n algemene vergadering (sinode) voorsiening gemaak het, toegepas moes word. In 1824 het hulle dan ook die reg van die goewerneur verkry om so 'n sinode in Kaapstad te hou. Dit was die eerste sinode in Suid-Afrika. Vir die eerste keer vorm die Kaapse kerke nou 'n eenheid of kerkverband en word in daardie sin een kerk.

Hoe sou hierdie eerste sinode te werk gaan? Watter karakter sou dit aan die Kaapse Kerk, wat nou heeltemal los van Nederland geraak het, gee?

***3. Die eerste sinode aan die Kaap, 1824.***

Die eerste sinode moes voorsiening maak vir 'n behoorlike kerklike organisasie aan die Kaap.

Hierdie sinode het toe die noodlottige stap gedoen *om* die kerkwet van De Mist as die *grondwet* van die kerk te aanvaar. Verder het die sinode gebruik gemaak van die Algemene Reglement wat koning Willem I in 1816 aan die Nederlandse Hervormde staatskerk *gegee* het. Hierdie Reglement het dieselfde kollegialistiese uitgangspunt as die kerkorde van De Mist gehad.

Die Kaapse Kerk het hier dus die geleentheid verspeel om terug te keer na die gereformeerde spoor van die sinode van Dordrecht, 1618/1619. Daarom word gesê dat 1824 die *plegtige begrafnis* van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was.

Die Kaapse Kerk het nou *definitief* (met die kerkwet van De Mist as sy grondwet en die Reglement van die Nederlandse staatskerk as sy model) onder die invloed van die gees van die Franse Rewolusie (Kollegialisme en Liberalisme) gebly.

Hierdie gees van De Mist is in die kerk se bloed opgeneem. Daarmee het die kerk vinnig vervreem van die gereformeerde tradisie van Dordrecht, 1618/1619.

Hierdie ou gereformeerde erfenis is egter in die verafgeleë grensdistrikte van die Kaapkolonie bewaar. Die mense daar het maar voortgelewe asof die Kaap nog Hollands was. Weldra sou hulle die afbuiging van die gereformeerde spoor in hulle gemeentes egter aanvoel en begin protesteer. Daaroor praat ons later verder.

***4. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie, 1843.***

Die Kaapse Kerk het vanaf die Sinode van 1824 gereeld in sinodes saamgekom. Op die sinodes is die Engelse goewerneur altyd verteenwoordig deur een of twee politieke kommissarisse. Veral die Skotse predikante was hiermee nie gediend nie. Hulle het heeltemal tereg die verkeerdheid daarvan ingesien. Daar het gevolglik ernstige botsings op die sinodes ontstaan tussen die kerklike leiers en die politieke kommissarisse. Om 'n einde aan al die moeilikhede te maak het die goewerneur uiteindelik gevra dat die sinode 'n "kerkwet" moet help opstel waardeur die kerk sonder inmenging van die goewerneur sy eie sake kon bestuur.
So het die Sinode van 1842 'n "Kerkwet" voorberei wat deur die goewerneur George Napier in Ordonnansie 7 van 1843 afgekondig is. In hierdie Ordonnansie het die kerk grotendeels selfstandig teenoor die staat geword. In sommige opsigte is die magte *van* die goewerneur in die kerk nog gehandhaaf. Dit sou so bly tot aan die einde van die eeu. Die parlement het eers in 1962 die Ordonnansie heeltemal herroep.

In hierdie kerkwet is die naam van die Kaapse Kerk toe verander van *Die Hervormde Kerkgenootskap* na *Die Nederduitse Gereformeerde Kerkgenootskap.* So het die N.G. Kerk in die Kaapkolonie dan in 1843 onstaan.

Ons moet daarop wys dat die N.G. Kerk hier nie volgens *suiwer gereformeerde* beginsels ingerig is nie. Formeel is die kerkorde van De Mist in 1843 afgeskaf. Omdat die kerkwet van 1843 egter alleen 'n wysiging van die wet van 1824 was, het die invloed van De Mist se kollegialistiese kerkopvatting en die van die Nederlandse Reglement van 1816 gebly.

Ons sal later sien dat, wanneer sommige lidmate teen kerklike afwykings kla, geprobeer

word om hulle met die mag van predikante-opinie of die meerderheid te dwing. *Die meerderheid regeer die kerk. Daarom word die minderheid oorstem* sonder om die besluite aan die Woord van God of aan die belydenis te toets. Dit noem ons Kollegialisme, 'n bestuursmag van bo af in die kerk. Dit is hierdie faktor wat die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1859 veroorsaak het.

Vir die N.G. Kerk het hierdie Ordonnansie droewige vrugte gedra. In die eerste plek was die belydenisstukke van die kerk in die Ordonnansie foutief aangedui, en niemand het dit agtergekom nie! Daardeur is lewensbelangrike hofsake deur die kerk ná 1862 verloor.

***5. Die verband van die Kaapse (later N.G.) Kerk met die Hervormde Kerk in Nederland.***

Die kerk aan die Kaap was tot 1859 (toe die Kweekskool op Stellenbosch geopen is) vir die opleiding van predikante afhanklik van die Hervormde Kerk in Nederland. Vanself-sprekend het die predikante daarom òf onder invloed van die vrysinnige Liberalisme òf onder invloed van die Réveil-kringe van Nederland gekom.

As gevolg van die noue verhouding tussen die Kaapse predikante en die Hervormde Kerk in Nederland is dit begryplik dat hulle op die spoor van daardie kerk beweeg het. Daarom is, byvoorbeeld, die Gesange in 1814 ingevoer sonder nadere ondersoek deur die kerkrade van Stellenbosch en Kaapstad. Daarom het die Sinode van 1824 die Reglement van die Hervormde Kerk gebruik. Die twee kerke was nog feitlik een.

Van die Afskeiding in Nederland (1834) het die Kaapse kerkleiers vanselfsprekend nie gehou nie. Op die Sinode van 1852 het die N.G. Kerk hom kras uitgespreek teen die Christelike Gereformeerde Kerk, omdat dié Kerk in 'n brief die Nederlandse Hervormde Kerk gekritiseer het.

In die Kaapse Kerk was dan ook 'n sterk groep predikante wat in mindere of meerdere mate onder invloed van die Liberalisme gekom het. Hulle het selfs 'n eie blad, *De Onderzoeker*, uitgegee. So het die Liberalisme na die Kaap deurgedring.

***6. Die stryd teen Liberalisme in die N.G. Kerk.***

***a. Die opwekkinge.***

Die nuwe lig of liberale verstandsgodsdiens het nie geglo in die Drie-Eenheid nie. Hulle het nie geglo in die godheid van Christus, die onfeilbaarheid van die Bybel, wonderwerke ens. nie. Bekende predikante van die liberale rigting was: T. F. Burgers van Hanover (later president van die Transvaal), J. J. Kotzé van Darling, S. P. Naudé van Graaff-Reinet en talle ander. Hulle was feitlik almal Afrikanerseuns wat in Nederland gestudeer het. Hulle het gesê hulle laat hulle nie deur belydenisskrifte oorheers nie. Hulle wou vry wees. Ds. Kotzé het openlik gesê dat hy vraag 60 van die Kategismus nie kan verdedig nie.

Dit moet ter ere van die Skotte gesê word dat hulle teen die liberaliste wou optree. Hulle is gesteun deur die predikante wat in Nederland aan die Réveilkringe behoort het. Hierdie manne het byvoorbeeld sterk vir die onfeilbaarheid van die Skrif gepleit. Vanweë 'n Metodistiese inslag het baie van hulle egter self weer ander afwykende beskouinge gehad oor die bekering, die uitverkiesing, die vrye wil van die mens, ens. Terwyl die liberaliste die godsdiens met hulle *verstand* wou oorheers, het hierdie metodiste weer eensydig die *gevoel* beklemtoon. Dit was hoofsaaklik 'n reaksie van gevoelsgods-diens teen verstandsgodsdiens.

Die Kaapse Kerk is dus rondom 1859 oorheers deur twee groepe predikante: 'n *liberale* en 'n

*metodistiese.* Hierdie kloof tussen die predikante is verskerp, omdat die liberales baie sterk pro-Hollands en die metodistiese groep (veral die Skotte) sterk pro-Engels was.

Net na 1857 het die metodistiese groep 'n veldtog geloods teen die liberale doodsheid in die kerk. Hulle middele (metodes) was spesiale opwekkingsdienste, biduurkringe, sendingywer, Hallelujaliedere (Kinderharp), ens. Op 'n konferensie te Worcester is in 1860 gesê dat dit die wil van God is dat 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees moet plaasvind. Hierop het die sinode van die N.G. Kerk self in 1862 die gemeentes opgewek om "*ernstig en gelowig te bid dat die Gees van die Allerhoogste in meerdere mate mag uitgestort word".* Dit gaan uit van die gedagte dat die Heilige Gees met Pinkster nog nie volkome uitgestort is nie.

Hierdie besluit stry teen Handelinge 2 en Sondag 20 van die Kategismus.

***b. Die Hofsake.***
Die Sinode van 1862 het geprobeer om di. Burger, Kotzé en Naudé vanweë hulle liberale opvattings te skors. Hieruit is 'n groot hofsaak gebore. Die N.G. Kerk het die saak verloor en het tevergeefs tot by die Geheime Raad in Londen geappelleer. Hierdie liberale predikante het gevolglik tot hulle dood predikante van die N.G. Kerk gebly.

***7. Die N.G. Kerk deur die wêreldlike hof verskeur.***
Op die stormagtige Sinode van 1862 het 'n sekere ouderling Loedolff beswaar gemaak teen die sittingsreg van afgevaardigdes uit die Vrystaatse Republiek op 'n Kaapkoloniale sinode. So wou hy die sinode kleiner maak om die liberale predikante se saak sterker te maak. Hy het die hofsaak gewen. Die Vrystaatse afgevaardigdes moes vertrek. So het die hof die N-G. Kerk op grond van sy kerkwet van 1843 verbrokkel tot aparte landskerke. Daarom hoor ons vandag nog van verskillende onafhanklike N.G. Kerke, bv. die Kaapse, Vrystaatse, Transvaalse en Natalse kerke. In 1962 kon die vier onafhanklike N.G. Kerke vir die eerste maal in 'n sinode saamkom.

Die N.G. Kerk was gedurende die jare 1857-1863 op 'n laagtepunt. Dit is veroorsaak deur die Liberalisme, Metodisme en die valse verhouding tussen kerk en staat. Die feit dat die Gereformeerde Kerkorde van Dordrecht, 1618/1619, nie toe-gepas is nie, het die N.G. Kerk duur te staan gekom.

***Literatuur:***
S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstukke 44-45.
B. R. Krüger: *Die ontstaan van die Geref. Kerk,* hoofstuk III, bls. 44-63; hoofstuk IV, bls. 78-82. B. Spoelstra: *Die "Doppers",* hoofstuk 3.

**VRAE:**
1. Watter politieke verandering het in 1806 en 1814 aan die Kaap plaasgevind?
2. Watter verandering het dit in die kerklike lewe gebring?
3. Watter twee redes het goewerneur Somerset gehad om Skotse predikante in te voer?
4. Waar is hulle geplaas? Het hulle die grensboere begryp? Watter gevolg het dit op die Voortrekkers gehad?
5. Waarop het hulle uit die staanspoor by die goewerneur aangedring?
6. Watter belangrike gebeurtenis vind in 1824 plaas?
7. Waarom word gesê dat 1824 die plegtige begrafnis van die Gereformeerde Kerk aan die Kaap was?
8. Wat was die posisie tussen kerk en staat op die sinodes?

9. Watter belangrike ontwikkeling het goewerneur Napier tussen 1842-1843 opgeroep?
10. Hoe het die N.G. Kerk ontstaan?
11. Volgens watter beginsels is die N.G. Kerk ingerig?
12. Waaraan kan 'n mens sien dat selfs na 1814 'n intieme band tussen die Kaapse en Nederlandse Hervormde Kerk bly bestaan het?
13. Wat was die liberale rigting in die Kaapse Kerk?
14. Wat was die opwekkinge? Was dit gereformeerd?
15. Hoekom en hoe het die N.G. Kerk in 1862 op 'n laagtepunt gekom?

# Hoofstuk XV
# DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE EN DIE HERVORMDE KERK IN DIE REPUBLIEKE

***1. Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.***

Ons het reeds aangetoon hoe die Kaapse Kerk onder die plak van die goewerneurs gestaan het. Ons weet hoe lord Charles Somerset die kerk wou gebruik om die Kaap te verengels. Ons weet dat hy 'n groot aantal Skotse predikante juis in die grensdorpe geplaas het, waarvandaan die meeste Voortrekkers gekom het. Die mees Engelsgesinde predikante is geplaas waar die Boere die sterkste Hollands gebly het. Die N.G. predikante is deur die goewerneur betaal.

Die boere het vanaf 1834 in groot getalle uit die Kaap-kolonie begin trek, hoofsaaklik omdat hulle hul onbeskerm en deur die Engelse regering veronreg gevoel het. Hulle was oorgegee aan die diewery en moordtogte van barbare. Die Engelse sendelinge het gedurig die Boere van die moeilikhede beskuldig. Die Engelse regering het na al die stories geluister.

Die Kaapse Kerk het op die Sinode van 1837 'n herderlike brief aan die Trekkers gerig, waarin hulle as rebelle teen hulle wettige owerheid voorgestel word. Die Ring van Graaff-Reinet het predikante belet om aan die Trekkers doop of nagmaal te bedien. Die Voortrekkers is dus feitlik gesensureer. Eers in 1845 het die Kaapse Kerk tot ander insigte begin kom.

Ondertussen is die Trekkers in Natal hofsaaklik bedien deur eerwaarde Erasmus Smit, 'n eertydse sendeling, terwyl eerwaarde Lindley, 'n Amerikaanse sendeling, die Trekkers in die Noord-Vrystaat en Transvaal bedien het.

Ons kan verstaan dat sommige Trekkers vas geglo het dat die predikante van die N.G. Kerk vyandig gestaan het teenoor hulle strewe na 'n menswaardige bestaan en regverdigheid. Hulle het geglo dat die kerk 'n gevaar vir hulle politieke vryheid is. In hierdie opvatting is hulle verder versterk deur allerlei insidente, soos die gebed van ds. Faure in Natal (ná anneksasie) vir die Engelse koningin. Dr. W. Robertson het in 1848 met die Boomplaas-episode die kant van sir Harry Smith teen Andries Pretorius gekies. Die ernstige roepstem van die Transvalers vir 'n eie vaste predikant het niemand opgevolg nie. Die Britse owerheid moes eers 'n land annekseer voordat 'n predikant van die Kaapse Kerk daar wou woon. Na die anneksasie van 1842 word die Natalse Kerk by die Kaapse Sinode ingelyf.

***2. Die N.G. Kerk in die Vrystaat.***

Na 1847 het die houding van die N.G. Kerk teenoor die Trekkers begin verander. Toe het hulle gereeld een maal per jaar predikante gestuur om die Trekkers te bedien. Dit het egter eers gebeur nadat sir Harry Smith die Vrystaat geannekseer het. In 1849 het sir Harry Smith ds. Andrew Murray, 'n merkwaardige en diep godsdienstige jong proponent, op Bloemfontein geplaas.

Die politieke anneksasie van sir Harry Smith in 1847 het die Vrystaatse gemeentes dus vanself onder die Kaapse N.G. Kerk gebring. Met die onafhanklikheidwording van die O.V.S. in 1854 word die N-G. Kerk die staatskerk. Die Volksraad betaal sy predikante. Na die Kaapse Hofuitspraak in 1862 het die Vrystaatse Kerk onafhanklik van die Kaapse Sinode geword.

***3. Die ontstaan van die Hervormde Kerk in die Suid-Afrikaanse Republiek (Transvaal),***

***1853.***

Die onstaan van die Hervormde Kerk in Transvaal spruit uit die verhouding van die Kaapse (later N.G.) Kerk tot die Engelse goewerment. Die Trekkers in die Transvaal het nooit onder die Engelse goewerneur geval nie. Hulle het ook alles gedoen om onafhanklik van die Engelse te bly. Op grond van hulle ondervinding was hulle baie agterdogtig teen die Kaapse Kerk. Hulle was bang die kerk sou hulle weer onder die Engelse bewind bring.

Tog het hulle houding stadigaan begin verander, omdat Lindley hulle nie meer kon bedien nie. Ds. Murray van Bloemfontein het 'n goeie indruk op hulle gemaak. Hulle moes 'n predikant hê, en die enigste hoop om 'n predikant te kry was dan om by die sinode van die Kaapse Kerk in te skakel.

Ds. Murray het daarom aansoek laat doen om die Transvaalse gemeentes by die Kaapse Sinode van 1852 in te lyf.

***Die Sandrivierkonvensie, 1852.***

In hierdie stadium het Engeland die onafhanklikheid van Transvaal met die Sandrivierkonvensie erken. Dit het veroorsaak dat die Transvaalse politieke leiers, soos M. W. Pretorius, Paul Kruger, Philip Snyman en andere, opnuut onwillig was om onder die N.G. Sinode van die Kaap ingeskakel te word. Die Transvalers het geglo: *As hulle eers kerklik by die Kaap ingeskakel word, sou hulle spoedig ook in politieke opsig onder die Engelse goewerneur ingetrek word.*

***Die koms van ds. D. van der Hoff, 1853.***

In 1853 het die jong proponent D. van der Hoff plotseling in Transvaal opgedaag. Hy het na Transvaal gekom deur die opregte en warme belang wat prof. Lauts en 'n aantal Hollanders in Transvaal gestel het. Hulle het hulle *die* nood van die Transvalers aan onderwysers en predikante aangetrek en Van der Hoff vir diens in Transvaal gevind.

Proponent Van der Hoff het hom in die Kaap in die N.G. Kerk laat legitimeer. Skynbaar het ds. A. Faure toe van hom 'n eed van getrouheid aan die Engelse koningin geverg.

Toe hy uiteindelik in Transvaal kom, het die Transvalers verneem dat Van der Hoff sonder bemiddeling van die Kaapse Kerk na hulle toe gekom het. Hulle was dus niks aan die Kaapse Kerk verskuldig nie. Toe was hulle baie beslis: *Transvaal is politiek onafhanklik van die Kaap, Transvaal moet ook kerklik onafhanklik van die Kaap bly.* Ds. Van der Hoff het hiermee akkoord gegaan. So het die Hervormde Kerk in 1853 as die staatskerk van die onafhanklike Suid-Afrikaanse Republiek tot stand gekom.

***4. Die Hervormde Kerk in die Suid-Afrikaanse Republiek.***

Die Hervormde Kerk is tot staatskerk van die Republiek verklaar. Die volksraad sou die predikante besoldig. Daar sou slegs lidmate van die Hervormde Kerk in die volksraad en staatsdiens toegelaat word. Voorlopig is die kerkwette van die N.G. Kerk net so oorgeneem.

Ons het dus volkome gelyk as ons beweer: Die enigste verskil tussen die Ned. Geref. Kerk van die Kaap en die Hervormde Kerk van die Suid-Afrikaanse Republiek was in 1853 daarin geleë dat die N.G. Kerk staatskerk van die Engelse Kolonie was, terwyl die Hervormde Kerk die staatskerk van die Transvaalse Republiek was. Terwyl die N.G. Kerk bestaan het ingevolge 'n staatsordonnansie van 'n Engelse goewerment (1843), het die Hervormde Kerk bestaan ingevolge 'n volksraadsbesluit van 1853. Omdat dit twee onafhanklike state was, was

dit twee onafhanklike staatskerke.
Die gemeente van Lydenburg het egter in 1854 met ds. Van der Hoff gebots. Dit wou toe nie langer onder die Hervormde Kerk ressorteer nie. Gevolglik het dit in 1856 by die Kaapse N.G. Kerk ingeskakel.

Die N.G. Kerk en die Hervormde Kerk het egter so min verskil dat hulle in April 1859, toe hulle saam beraadslaag het oor die herstigting van die Gereformeerde Kerk, feitlik verenig het. In later jare het die Hervormde Kerk proponente uit Stellenbosch beroep as Hervormde predikante.

***5. Die N.G. Kerk in Transvaal, 1865.***
Nadat die Kaapse Hooggeregshof in 1862 die afgevaardigdes uit die Republieke uit die Kaapse Sinode gesit het, het die N.G. gemeente van Lydenburg feitlik weer met die Hervormde Kerk verenig. Teen 1864 was al die ou kwessies vergeet en die hoërhof het die wysheid van die Transvalers om in 1853 'n onafhanklike Kerk in te rig, erken.

Ds. Frans Lion Cachet van die N.G. Gemeente Utrecht het egter doelbewus ingegryp om dit te verydel en in 1865 'n N.G. Kerk van Transvaal gestig. Hy het Transvaal deurreis om mense uit die Hervormde Kerk na die N.G. Kerk te lok. Hy kon bewys dat ds. Van der Hoff liberaal is en die uitverkiesing loën, maar dit was ook die geval met talle N.G. predikante! Hy kon die Hervormde Kerk beskuldig dat dit 'n liberale ondertekeningsformulier vir predikante het, maar die Hervormdes het dit van die Kaapse N.G. Kerk oorgeneem!

As dit vir hom werklik om die beginsels gegaan het, moes hy met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verenig het. Omdat dit egter sou beteken dat hulle volgens die Dordtse kerkorde geregeer moes word, het hy daarom nie soos sy broer Jan Lion Cachet daarvoor kans gesien nie. (Die Cachets was bekeerde Jode uit Nederland. Jan het predikant en later professor in die Gereformeerde Kerk geword. Frans is egter in 1874 terug na Nederland en het daar by die Gereformeerde Kerke aangesluit.)

So bestaan daar in Transvaal teen 1865 drie Kerke: Die Hervormde (1853), die Gereformeerde (1859) en die Nederduitse Gereformeerde Kerke. Waarom ds. Frans Cachet na die Kaapse Hofuitspraak van 1862 'n derde kerk in Transvaal gestig het, bly 'n raaisel.

***6. Die vereniging van die N.H. en N.G. Kerke in Transvaal, 1885.***
Ds. Frans Cachet het 'n kunsmatige skeiding tussen die N.H. en N.G. Kerke veroorsaak. Na die Eerste Vryheidsoorlog van Transvaal teen Engeland was die gemoedere gaande, en die kreet van "eenheid" het almal aangegryp. Die Gereformeerdes het gewaarsku teen emosionele beweegredes. Hulle sou met die N.H. en N.G. Kerke verenig as dit op die basis van die leer, kerkregering en diens van die Dordtse Sinode kon geskied. Daarvoor was die N.H. en N-G. Kerke nie te vinde nie. Omdat die verskil tussen hulle nie groot en hoofsaaklik van politieke aard was, het hulle in 1885 besluit om te verenig. Die vernaamste punt van verskil was die naam vir die verenigde kerk! Moes dit die N.H. of N.G. Kerk genoem word? Daar is toe besluit om dit die *Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk* te noem. So is hierdie verenigde kerk tot onlangs genoem. Vandag is die naam die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal.

***7. Die Nederduitse Hervormde Kerk bly voortbestaan.***
Die konsulentsgemeente Witpoort, wat moeilikheid met ds. H. S. Bosman van Pretoria gehad het, het geweier om die kerkvereniging te aanvaar. Hulle het ds. O. Godefroy uit Nederland

as hulle predikant verkry. Oral het daar weer Hervormde gemeentes herlewe. Hulle was egter baie van hulle predikante en eertydse lidmate kwyt wat in die verenigde kerk gebly het.

Daar het groot bitterheid en hofsake oor die kerkeiendomme ontstaan. Die kloof is verskerp toe die predikante van die verenigde kerk uit Stellenbosch afkomstig teen pres. Kruger se onderwys- en sogenaamde Hollanderpolitiek te velde getrek het. Die Hervormdes het net soos die Gereformeerdes die beleid van pres. Kruger ondersteun.

***Literatuur:***

S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstukke 46, 47, 51(2), 57.
B. R. Kruger: *Die ontstaan van die Geref. Kerk in S.A.,* hoofstuk V, bls. 106—116.
J. P. Jooste: *Die geskiedenis van die Geref. Kerk in S.A., 1859—1959,* hoofstuk II.
B. Spoelstra: *Die "Doppers",* hoofstukke 5, 6, 13.

**VRAE:**

1. Skets die beleid van goew. Somerset met die Skotse predikante.
2. Wat was die oorsaak van die Groot Trek, en hoe het die Kaapse Sinode daarteenoor gestaan?
3. Wat weet u van eerw. Erasmus Smit en eerw. Daniël Lindley?
4. Wanneer is die kerk van Natal by die Kaapse Sinode ingelyf?
5. Hoe is die kerk in die Vrystaat by die Kaapse Sinode ingelyf?
6. In watter opsig was Transvaal 'n uitsondering, en waarvoor was die Transvalers bedug?
7. Waarom het hulle teen 1852 tog aan inlywing by die Kaapse Sinode begin dink?
8. Watter onverwagte gebeurtenis vind in 1853 plaas? Was die Transvalers daarvoor enige dank aan die Kaapse Sinode verskuldig?
9. Hoe is die N.H. Kerk in 1853 ingerig?
10. Wat was die kernverskil tussen die N.H. en N.G. Kerke in 1853?
11. Wat weet u van die gemeente Lydenburg?
12. Water uitwerking het die uitspraak van die Kaapse hof in 1862 op Lydenburg gehad ?
13. Wat het ds. Frans Lion Cachet daarna gedoen?
14. Waarom is sy optrede raaiselagtig?
15. Watter emosionele uitwerking het die Eerste Vryheidsoorlog op kerklike gebied in Transvaal gehad?
16. Wat was die vernaamste punt van verskil tussen die N.H. en N.G. Kerke toe hulle voor vereniging te staan gekom het?
17. Wat was die optrede van die konsulentsgemeente Witpoort, en watter uitwerking het dit gehad?
18. Wat was die uitkoms van die kerkvereniging ?
19. Waarom is die Gereformeerde Kerk hierdie ellende gespaar?

# Hoofstuk XVI
# "DIE DOPPERS"

Ons moet nou weer terugkeer tot ongeveer aan die begin van die 19de eeu om die drade van die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika saam te vat.

***1. Die agtergrond van die "Doppers".***

Wanneer iemand vandag in ons land *Dopper* sê, dink 'n mens onwillekeurig dat van 'n lidmaat van 'n Gereformeerde gemeente gepraat word. Tog het dit tot 1859 geen *kerklike* betekenis gehad nie. Dit is voor 1859 gebruik om die afstammelinge van die oorspronklike pioniers in die noordoostelike Kaapkolonie aan te dui. In hierdie kulturele betekenis was ou inwoners wat in die N.G. Kerk gebly het, ook "Doppers".

Die *woongebied* van die "Doppers" of noordoostelike grensboere sou ons op 'n kaart kon aandui deur 'n lyn van Barkly-Oos na Britstown oor Cradock en Victoria-Wes te trek. Noord van die lyn en suid van die Oranjerivier het reeds voor 1830 (toe Colesberg gestig is) 'n aantal groot familie-groepe gewoon. Die bekendste familiename was Van der Walt, Kruger, Venter, Coetsee, Vorster en 'n vertakking van die Du Plessis.

Dit is belangrik om die *geweldige afsondering* van die afgeleë gebied in gedagte te hou. Van 1770 tot 1792 moes die mense ongeveer 500 myl met wa en osse aflê om vir kerk na Stellenbosch en vir huwelike na Kaapstad te gaan. Toe Graaff-Reinet in 1792 aangelê is en in 1805 die reg erken is om voor die landdros te trou, was dit nie meer noodsaaklik nie. Die inwoners van die noordoostelike distrikte raak dus nog meer geïsoleerd en los van Kaapstad op die tydstip wat die liberale invloed uit die Franse Rewolusie begin deurdring en die Engelse die bewind oorneem. Die "Doppers" het dus voortgeleef asof die Kaap Hollands en gereformeerd gebly het.

Die *aardrykskundige* afsondering het dus meegewerk om 'n *geestelike* afsondering tussen die "Doppers" in die noordoostelike distrikte en die Boland te bewerkstellig. Eersgenoemdes het eintlik by die gereformeerde gewoontes bly staan, terwyl die bevolking in en om Kaapstad ongemerk 'n groot verandering onder invloed van die liberale en Engelse denkbeelde ondergaan het. Dit het mode geword om aan te pas by die kleredrag en gewoontes van die eeu van "verligting". Ondertussen het die sogenaamde "Doppers" maar nog die klapbroek en kort baadjie soos hulle vaders gedra. Die vroue was doodgelukkig met 'n lang swart rok en kappie. Hierdie konserwatiewe mense kon dus dadelik aan hulle *uiterlike* kleredrag en haarstyl uitgeken word. Hulle is toe uit die hoogte "Doppers" genoem.

Die uiterlike is egter nie so belangrik as hulle *innerlike* konserwatisme nie. Terwyl die res van die Kaapkolonie grootliks aangepas het by die nuwe "lig" van die 19de eeu, het die "Doppers" vasgehou aan die gereformeerde godsdiens. Hulle wou maar net volgens die Woord van God leef. Elke vader het dit by sy kind ingeprent. In die lewe vol beproewings en gevare het hulle daagliks die afhanklikheid aan die Here besef. Elke dag het daarom met Skriflesing, gebed en psalmgesang begin, en in die aand is eweneens met danksegging gesluit. Hulle het die uitverkiesing belewe. God se wil (en nie hulle eie nie) beheers hulle lewe. God bewaar, tugtig en lei hulle in die woestyn soos vir Israel van ouds. Hulle moet die godsdiens vashou as hulle nie tot die vlak van die omringende heidense barbare wil daal nie.

Hulle was ver van die kerk en predikante verwyder. Daarom het elke huisvader op Sondae

(en soms ook saans) preke uit die ou Hollandse gereformeerde preekboeke van A. Brakel, Comrie en andere gelees. Hierdie boeke saam met die Statebybel en sy aantekeninge in die kantruimte het die plek gehad van die koerant, radio en boeke vandag. Die Bybel was selfs die skoolboek waarmee die ouers hulle kinders leer lees en skrywe het. Daarna het die kind die Hellenbroek of die Kort Begrip ('n verklaring van die gereformeerde leer) feitlik uit sy hoof geleer en dan eers na die kerk gegaan om belydenis van geloof ("boerematriek") af te lê. Die mense was dus tuis in die Bybel en vertroud met die gereformeerde leer.

Hulle was ook ver van die naaste landdros verwyder. Elkeen het egter geweet dat God daar is en dat hulle vir elke daad aan Hom verantwoordelik is. Gevolglik het die mense 'n verantwoordelikheidsin, 'n selfstandigheidsin, 'n regverdigheidsin en 'n vryheidsin ontwikkel. Diensbodes is gewoonlik by die huisgodsdiens ingeroep.

Dit is onseker waar die naam *Dopper* vandaan kom. Sommige dink dit kom van *domper,* wat "liguitdower" beteken (omdat die mense die liberale "lig" afgewys het). Ander dink dit kom van "dop", omdat die mans hulle hare geknip het asof daar 'n kommetjie oor die kop geplaas was. Dit kom waarskynlik van *dorper,* d.w.s. mense uit die verafgeleë dorpies, die "backvelders". Die liberale rigting in die Kaapse Kerk het hulle self omstreeks 1850 uit die hoogte as "*Modernes"* bekend gestel. Die minagting wat die "Modernes" vir die uiterlike en innerlike konserwatisme van die "Dopper" gekoester het, is hoofoorsaak van die latere kerklike moeilikheid in die Kaapkolonie en Suid-Vrystaat.

Die "Doppers" word ook *Trekboere* genoem om hulle van die *Voortrekkers* te onderskei. Hulle was skaapboere, pioniers van die distrik Stellenbosch. Die Voortrekkers was beesboere, pioniers van Swellendam. Die Trekboere het nie met die Xhosas te doen gekry nie en dus buite die aanleidende oorsake van die Groot Trek gewoon. Enkele "Doppers", soos die bekende familie Paul Kruger, het wel op soek na weiveld saam na die noorde getrek. Voor 1847 het die Trekboere ook gedurig in die Suid-Vrystaat weiveld gesoek maar nie daar gewoon nie, omdat die Britse owerheid nie die grense wou uitbrei nie. Hulle was op grond van die vyfde gebod gehoor-saam aan staat en kerk. Hulle was on-Engels maar nie anti-Engels nie.

***2. Die "Doppers" bots met die "nuwe lig".***

Uit die geledere van hierdie "Doppers" groei daar na 1840 'n verset teen die Liberalisme en verandering in die Kaapkolonie en die Suid-Vrystaat. Ons let later op die posisie in Transvaal.

***Op sosiale gebied.***

Die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap het die Engelse owerheid beïnvloed om die kreet van "vryheid, gelykheid en broederskap" met roekelose konsekwensie toe te pas. Hulle het geglo in die onskuldige natuurkinders. Die beskaafde Christen-boer en onbeskaafde heidense inboorling is gelyk gestel. Die sendelinge het op Bethelsdorp met inboorlingvroue getrou en gedurig die Boere van alles en nog wat beskuldig. Die Groot Trek was 'n protes daarteen.

Die Kaapse Kerk het destyds aangedring dat blank en nie-blank in een kerkgebou en aan een nagmaalstafel bedien moet word. In die Westelike Provinsie was dit in verskillende gemeentes die geval, maar uit die woongebied van die ..Doppers" het daar sterk besware gekom. Omdat die Kaapse Kerk die sending wou bevorder, het die Sinode van 1857 besluit dat dit wenslik en Skrifmatig is dat blank en nie-blank saam moet vergader; maar waar dit

weens die "swakheid" van sommige lidmate nie kon geskied nie, kon afsonderlike gemeentes as 'n noodsaaklike euwel toegelaat word. Hierdie blaam van onbybelse "swakheid" op ernstige gelowiges wat juis hulle Christelike blanke beskawing teen die liberale gelykmaking wou bewaar, het die "Doppers" diep seergemaak. Oudll. I. D. du Plessis van Colesberg en H.S. van der Walt van Burgersdorp het op die Sinode laat aanteken dat hulle in die minderheid gestem het.

***Op politieke gebied.***

Teen 1850 het die meeste predikante van die Nederduitse Gereformeerde staatskerk die beleid van verengelsing in kerk en skool aanvaar. Daar is oral begin met Engelse dienste. Dit het die gemoedere verontrus. Wanneer die Kolonie in 1852 'n parlement ontvang, stuur die Burgersdorpers doelbewus 'n eentalige parlementslid om telkens te versoek dat hy Hollands mag praat. Dit is konsekwent geweier. Die mense het dus vreemd in hulle staat en kerk begin voel. *Op kerklike gebied.*

*Die liturgie in dié erediens:* Toe die Liberalisme die vrye wil en gesag van die mens in die plek van die wil en gesag van God gestel het, het Psalms nie meer hulle hart vertolk nie. In Nederland het die "nuwe lig" in 1807 'n Evangeliese Gesangbundel met vrye liedere sonder 'n sinodebesluit ingevoer. Die Kaapse gemeentes het dit in 1814 ook oorgeneem sonder om die regsinnigheid aan die Bybel en belydenis te toets. Toe die buitegemeentes later volg, het ontevredenheid ontstaan.

Ná 1859 het die opwekkingsbeweging ook allerlei Halleluja-liedere (die Kinderharp) ingevoer.

Die "Dopper" het sy siel daagliks in die Psalms uitgestort. Wanneer hy in die huis van God (erediens) was, wou hy die lied van God (geïnspireerde Skrif) sing. Dit was vir hom in stryd met art. 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis om menslike digwerke op een vlak met die berymde Skrif te stel. Die nuwe Gesange het dan ook dikwels die Psalms uit die erediens verdring.

Die liberale toon in die Gesange was vir die "Doppers" verkeerd, en dit het hom in elke erediens opnuut gegrief. Daarom het juis die Gesange die slagveld geword waarop die tradisionele *gereformeerde* beskouing met die "*nuwe lig"* tot 'n breekpunt sou kom. Die voorstanders van die Gesange wou gedurig die "Doppers" dwing om in te gee. Daardeur het die Gesange op die voorgrond te staan gekom. Dit beteken egter nie dat daar by die beswaardes geen ander besware was nie.

*Die suiwerheid van. die kerkleer:* Die "nuwe lig" van die Liberalisme het twee uiteenlopende pole gehad, naamlik die verstandsgodsdiens en die gevoelsgodsdiens of Metodisme. In Hanover naby Colesberg het ds. T. F. Burgers en in Queenstown naby Burgersdorp het ds. S. P. Naudé die verstandsgodsdiens voorgestaan. Na 1857 het die Metodisme met bidure en ander metodes 'n opwekkingsbeweging teen die verstandsgodsiens geloods. Die Burgersdorpers kla dat ds. John Murray die uitverkiesing verwerp het, en J. J. Venter bedank in 1858 die N.G. gemeente, omdat ds. Andrew Murray ('n sterk voorstander van die opwekkingsbeweging) die bekering nie suiwer verkondig het nie.

Die liberale toon in die Gesange was vir die "Dopper" vreemd, en dit het hom in elke erediens opnuut gegrief.

Die beswaardes onder die "Doppers" het intuïtief 'n leerbeswaar teen die Gesange gekoester, maar hulle was ongeleerde mense en kon dit nie altyd presies onder woorde bring nie. Met die vertaling van die Gesange in Afrikaans is sommige op leerstellige gronde weggelaat. Dit bewys dat die eenvoudige "Doppers" se aanvoeling reg was.

Die verdraagsaamheid van die Liberalisme het so ver gevorder dat ds. Reid die Anglikaanse biskop in Colesberg laat preek het. Dit is kenmerkend van die Liberalisme dat dit verdraagsaam teenoor elke afwykende kerkleer, maar geweldig onverdraagsaam teenoor die suiwer Skriftuurlike geloof is, omdat die mens daar vir die gesag van die Bybel *en* belydenis moet buig.

*Die suiwer kerkregering:* In die volgende hoofstukke sal dit duidelik word hoe die N.G. Kerk en die Hervormde Kerk van Transvaal met hulle kollegialisme geëis het dat die Gereformeerdes die Gesange moet sing, omdat die predikante of die meerderheid op 'n kerkvergadering so besluit het. Hulle is voor die keuse gestel: *onderwerp julle of tree uit.* Dit was asof die pous weer in die Kerk gebore was.

Die beswaardes wou nie voor mense buig nie. Hulle wou weet of dit "naar Gods Woord" was. Dit was juis hulle erns en kinderlike eerbied vir God wat hulle gedwing het om pal te staan teen die dwang van kerkvergaderings. Hulle het reikhalsend begin uitsien na die dag waarop hulle weer 'n kerk ooreenkomstig die *leer, diens* en *tug* van die Dordtse Sinode van 1618/1619 sou kon ontvang.

***Literatuur:***

S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstuk 48.
G. C. P. v.d. Vyver: *Prof. D. Postma, 1818—1819,* bls. 188—223**,** 273—291.
B. R. Krüger: *Die ontstaan van die Geref. Kerk,* hoofstuk III (4).
B. Spoelstra: *Die "Doppers" in S.A.,* hoofstukke 2 en 3.

**VRAE:**

1. Hoe word die naam "Dopper" vandag gebruik?
2. Op wie is die naam voor 1859 toegepas?
3. Waar het die "Doppers" oorspronklik gewoon, en wie was hulle?
4. Skets die afsondering waarin die mense voor 1830 ten opsigte van kerk en staat gewoon het.
5. Watter geestelike afsondering is deur die aardrykskundige isolasie in die eerste helfte van die 19de eeu veroorsaak?
6. Hoe het die "Doppers" vasgehou aan die gereformeerde godsdiens? Waarin kan ons hulle innerlike konserwatisme lees?
7. Hoe is die gereformeerde lewensopvatting in die huise gevorm?
8. Hoekom was hulle in die afgeleë binneland 'n selfstandige en verantwoordelike gemeenskap?
9. Waarvan is die naam "Dopper" afgelei?
10. Hoe het die Liberale rigting hulle self en hoe het hulle die konserwatiewe Gereformeerdes genoem?
11. Hoekom vind ons so weinig "Doppers" onder die Voortrekkers?
12. Wat was die liberale opvatting oor rasseverhouding in kerk en staat?
13. Hoe sien ons dat die "Doppers" hulle in 1857 daarteen versit het?
14. Hoe sien ons dat die "Doppers"' hulle teen verengelsing versit het? Hoe en watter verandering het die Liberalisme in die liturgie gebring?

15. Watter besware het sommige "Doppers" daarteen gekoester?
16. Waarom word die Gesange die slagveld tussen die Liberalisme en Gereformeerde Konserwatisme?
17. Waarteen het die Gereformeerdes op leerstellige gebied gebots?
18. Hoe het die kollegialisme die kerklike afskeiding veroorsaak?

# Hoofstuk XVII
# DIE STRYD OP KERKLIKE VERGADERINGS VAN DIE NEDERDUITSE GEREEORMEERDE KERK

Wanneer twee geestelike strome bots, trek so 'n stryd gewoonlik op een punt saam. So is die rede vir die Groot Trek hoofsaaklik gesoek in die herroeping van die grensreëlings van sir B. D'Urban. In werklikheid was daar baie meer redes. So was dit met die kerklike stryd ook.

Die vorige hoofstuk het ons laat sien hoe wyd die wortels van die verskil gelê het. Die stryd het egter veral saamgetrek op die *Gesange.* Die voorstanders van die Gesange kon die "andersheid" dadelik by die beswaardes sien as hulle nie saam sing nie. Die ontevredenes kon daarmee weer hulle verset toon.

Omdat daar in 1859 twee verskillende staatskerke was waaraan die beswaardes behoort het, word die stryd afsonderlik in die N.G. Kerk (Kaapkolonie en Vrystaat) en die N.H. Kerk (Transvaal) gevoer.

***1. Die N.G. Gemeente Cradock en die Ring van Graaff-Reinet, 1833.***
*Die eerste spore van ontevredenheid oor die gesange in 1833: In* daardie dae het die mense van die huidige Middel-burg. Steynsburg en Burgersdorp na Cradock gegaan vir woord- en sakramentbediening. Paul Kruger is dan ook daar gedoop. Die gemeente was in 1833 ongeveer vyftien jaar oud. Skynbaar het die ontevredenheid oor die invoering van die Gesange nie afgeneem nie. Voorsinger H. W. Olivier het slegs die note gesing as 'n Gesang opgegee word. In 1833 het die kerkraad van Cradock aan die Ring gevra hoe daar teen anti-gesange mense opgetree moes word. Die Ring het besluit dat hulle vermaan moes word. Dit was dus sonde *om* nie Gesange te sing nie.

Dit is merkwaardig dat die sluimerende ontevredenheid in 1833 na vore tree, want die Afskeiding in Nederland het in 1834 plaasgevind. Daar was die Gesange ook een van die strydpunte. *Die Doppers het egter van die Nederlandse stryd niks geweet nie.* Dit laat ons sien hoe die Heilige Gees oor die hele wêreld werk. In 1834 begin die Groot Trek ook in die distrik Cradock. Sommige mense trek dus met die besware na die noorde. Sommige Doppers het die Gesange in die erediens afgewys op grond van art. 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. In die huis van God moes die lied van God gesing word. Menslike digwerke mag nie gelyk gestel word met die beryming van die *geïnspireerde Skrifgedeeltes nie.* Die Dordtse kerkorde het immers bepaal dat in die kerk alleen die 150 psalms van Dawid, die lofsange, die Tien Gebooie, Twaalf Artikels en die Onse Vader gesing moet word. Die leer wat in sommige Gesange voorgekom het, het hulle afgestoot.

Die stryd begin in die Kaapkolonie. Later word dit voortgesit in die Republieke, veral onder die Rustenburgers in Transvaal. Die mense uit die noordoostelike Kaapkolonie, die Vrystaat en Transvaal het mekaar goed geken. Baie was onderling familie. So het hulle hul stryd as 'n gemeenskaplike stryd beskou.

***2. Die stryd in die N.G. gemeente Colesberg, 1841—1860.***
Die gemeente van Colesberg is in 1830 gestig. en in 1836 het 'n Skot, ds. Thomas Reid, daar predikant geword. Daar was natuurlik ook altyd 'n groot deel (miskien die helfte) van die Doppers wat nie Gesange gesing het nie. Selfs van die kerkraadslede het sodra 'n Gesang opgegee word, die boeke toegemaak. Om daaroor te praat het groot onenigheid verwek.

Van die kerkraadslede wat wel graag Gesange gesing het, het in 1841 die hulp van die Ring gevra om die weerstand te breek. Ons het reeds gesien dat die Ring in 1833 dit as 'n ernstige dwaling beskou het om die Gesange nie te sing nie.

Die Ring van Graaff-Reinet hoor nou dat die *weieragtiges* op Colesberg volhard in hulle verwerping van die Gesangboek. Die Ring het gevolglik besluit om 'n *Herderlike Brief* aan die lidmate van die gemeente Colesberg en Cradock te rig wat nie Gesange sing nie, om hulle van hulle *dwaling* te genees. Die Ring het hulle as skeurmakers bestempel wat nie die eer van God soek nie. Hulle leef in groot sonde. Hulle moet die Bybel ondersoek en hulle afvra of hulle nie besig is om met hulle vooroordeel en *"styfhoofdigheid"* die harte van die lede van die liggaam van Christus te deurboor en te verskeur nie. Hulle moet Christus aan die kruis, sien en hulle afvra of hulle ook sy liggaam sou deurboor. Die Ring eis dat die beswaardes moet glo dat die Gesange ooreenkomstig Gods Woord is, omdat die predikante so sê.

Hierdie Herderlike Brief moet as *een van die sterkste oorsake vir die afskeiding van die Gereformeerde Kerk in die noordoostelike Kaapkolonie en die O.V.S. beskou word.* Die mense was diep seergemaak deur hierdie hoon en belediging wat hulle *om des gewetens wil* van die kerk moes verduur. Ds. Thomas Reid het die Ringsbesluit baie taktloos toegepas. Hy het geweier om kinders te doop of om mense te trou as hulle nie beloof om Gesange te sing nie. Sommige lidmate, soos S. J. Kruger, die latere skoonvader van ds. D. Postma, was gesensureer oor Gesangemoeilikhede. Op allerlei wyse is *gewetensdwang* toegepas om die beswaardes die Gesange te laat sing.

Tog het hulle nog nie aan 'n afskeiding of skeuring gedink nie. Baie het begin wegbly van die nagmaalstafel omdat hulle kerk hulle tot skeurmakers verklaar het. Ander, soos S.J. Kruger, het hulle waens gepak en na die Vrystaat of Transvaal getrek om rus in ander gemeentes by ander predikante te soek. Deur die anneksasie van die Vrystaat in 1847 deur sir H. Smith, het die meeste in die omgewing van die latere Reddersburg gaan woon.

Diaken Jan H. Venter van Colesberg het hom die treurige uitwerking van die Herderlike Brief so aangetrek dat hy die Ring en die Kaapse Sinode van 1847 op eie koste versoek het om die beledigende en aanstootlike gedeelte in die Herderlike Brief te skrap. Dan sou die gemeente weer as 'n eenheid nagmaal kon vier. Selfs ds. Reid en die Ring het gevra dat die Sinode die saak moet regstel. Vir die meerderheid van die N.G. Sinode was die Gesange egter so 'n belangrike saak dat *die Sinode besluit het om die Herderlike Brief van 1841 net so te handhaaf.* Die hoogste liggaam van die Kerk het die beswaardes nou ook deurboorders van die liggaam van Christus genoem. Wie aan die Gesange nie wil meedoen nie, is *weier-agtig en dwalend.* Sonder 'n Bybelse toets moes die lidmate die Gesange aanvaar asof dit belydenis is.

Nadat die Sinode in 1847 die Herderlike Brief van 1841 gehandhaaf het, het die moeilikhede in Colesberg met ds. Reid groter geword. Die Anglikaanse biskop het in die kerk gepreek. Die sake was in 1852 weer voor die Sinode. Die reaksie was so groot dat ds. J. Murray in 1853 reeds 'n beswaarde deel van die gemeente op plase bedien het. Die lidmate het tevergeefs by die Ring en Sinode aangedring om die orde in die gemeente te herstel. Sommige Doppers wat wel Gesange gesing het, soos oudl. P. G. Celliers, het hier saam met ander wat deur die Herderlike Brief gegrief was, gewerk. Daar was ernstige klagtes teen ds. Reid.

Die Ring het toe aanbeveel dat hulle ds. Reid vir £1000 moes uitkoop. Dertien lidmate het die geld betaal. Toe die saak egter geskik was, het ds. Reid eise teen kmdt. J. P. van der Walt, H. J. van der Walt en J. H. Venter by die hof ingedien. Hulle moes uiteindelik al die hofkoste betaal.

Die Ring het maar toegekyk hoe ds. Reid sy eertydse lidmate aankla en vervolg. Ons kan verstaan dat hierdie mense verbitterd was. Kmdt. J. P. van der Walt het egter dieselfde *jaar* (1856) uitverkoop en na die Vrystaat getrek. Hy word medestigter en ouderling in die Gereformeerde Kerk Reddersburg. Ook J. H. Venter moes sy plaas verkoop, waarskynlik omdat hy finansieel geruïneer was.

Hulle het tevergeefs geprobeer om die N.G. Kerk langs die ordelike weg te hervorm. Hulle moes *berus* of *uittree.* Dit het 'n swaar gewetenstryd geword. Met die koms van ds. Postma het hulle dus onmiddellik gegryp na die suiwere Gereformeerde Kerk.

***3. Die N.G. gemeente Burgersdorp, 1847—1860.***

Die gemeente is van sy stigting af tot 1858 deur ds. John Murray bedien. Die mense is as lidmate van Cradock ook deur die Herderlike Brief geraak. Oënskynlik was daar, deur die taktvolle optrede van ds. John Murray, nooit botsings oor die Gesange nie. Baie Lidmate het hulle egter ook jare lank van die nagmaal onthou, omdat die Herderlike Brief hulle gebrandmerk het.

Voor en ná die Kaapse Sinode van 1857 merk ons in Burgersdorp egter groot ontevredenheid onder leiding van oudl. (kmdt.) Steenkamp. Omdat daar sprake was om die liberale ds. Naude te beroep, was hulle gegrief toe die Sinode in 1857 in stryd met die Bybelse opdrag aan ouderlinge besluit het dat die predikant alleen sal besluit wie op die kansel toegelaat word. Daar was ook sterk besware teen die invoering van bidure in die wyke, die verwerping van die uitverkiesing, die rassevermenging in die N.G. Kerk en die verdringing van Hollands deur Engels.

Dit is opmerklik dat juis hierdie gemeente, wat nie soos Colesberg deur Gesange beroer was nie, die eerste in die Kolonie was waar Gereformeerdes in 1860 die Gereformeerde Kerk herstig het.

***4. Die N.G. gemeente Bloemfontein.***

J.J. Venter was 'n oud-Colesberger en vanaf 1854 'n invloedryke lid en by tye waarnemende president van die Vrystaatse volksraad. Hy het reeds in 1858 as lidmaat van die N.G. Kerk Bloemfontein bedank. Sy voorbeeld is weldra gevolg deur oud-kmdt. J. P. van der Walt, 'n ander oud-Colesberger. Venter se rede vir afskeiding was dat ds. Andrew Murray die *evangelie en die bekering nie in sy regte sin en betekenis verkondig het nie.* Hy wou 'n leraar hê wat die goeie Woord van die Here in suiwerheid en waarheid verkondig. Hy het toe reeds met die steun van geesgenote uit Transvaal 'n blanko beroepsbrief na Nederland gestuur om 'n ortodokse predikant te bekom.

Daarvoor was hy gewillig om al sy besittings vir reiskoste en onderhoud van die predikant te verpand. Hy het maar net begeer om met blydskap na die huis van die Here te gaan. Ds. Murray het selfs erken dat hy nie die gemoedere van die "stywe" Doppers kon bereik nie. Die Afskeiding was vir hom die werk van die Voorsienigheid.

'n Ander N.G. predikant, ds. Huet, het dan ook gesê: "Ek glo dat ds. Postma reg het as hy sê

dat die afskeiding in hierdie land reeds voor sy koms feitelik bestaan het .... Ek glo dat in hulle 'n sluimerende, onbewuste gevoel van gemis aan Calvinistiese prediking bestaan het, wat aan hulle oorgelewer is deur ou Gereformeerde boeke".

*Gevolgtrekking:* Teen 1859 was 'n gedeelte van die Doppers in die Kaapkolonie en Vrystaat ryp vir 'n breuk met die N.G. Kerk. Dit was die logiese gevolg van die botsing van die ortodokse gereformeerde beskouing met die "nuwe lig" van die Liberalisme in die 19de eeu.

***Literatuur:***

S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstuk 56.
G. C. *P. v.d.* Vyver: *Prof. D. Postma, 1818—1890, bl 188—223,* 273—291.
J. P. Jooste: *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in S.A.,* hoofstuk 2.
B. R. Krüger: *Die onstaan van die Geref. Kerk in S.A.,* hoofstuk IV, bl. 82—105, hoofstuk V, (3).
B. Spoelstra: *Die "Doppers" in S.A.,* hoofstukke 4 en 8.

**VRAE:**

1. Waarom het die stryd veral op die punt van die Gesange saam-getrek ?
2. Waar, wanneer en hoe word ontevredenheid die eerste keer voor kerklike vergaderings gebring? Wat het die Ring van Graaff-Reinet daaromtrent besluit?
3. *Wat was die besware teen die Gesange?*
4. Hoe het die teëstanders van die Gesange aanleiding gegee en hoe het die saak in 1841 voor die Ring gekom?
5. Wat het die Ring daaromtrent gedoen?
6. Hoe het hierdie optrede van die Ring die belangrike oorsaak vir die latere kerklike breuk geword?
7. Hoe het ds. Reid die Ringsbesluit in Colesberg afgedwing?
8. Op watter wyse het oud-diaken J. H. Venter sy besware kenbaar gemaak ?
9. Watter versoek dien voor die N.G. Sinode van 1847 en wat het die sinode besluit?
10. Wat was die posisie teen 1853 in Colesberg?
11. Hoe het die Ring die saak toe probeer oplos? Wat was die gevolg daarvan?
12. Wat was die posisie in die N.G. gemeente van Burgersdorp met betrekking *tot* die Gesange?
13. Waarteen het hier in 1857 ernstige beroering ontstaan?
14. Hoe bewys die gemeente dat daar meer as Gesange op die spel was?
15. Wie was J. J. Venter?
16. Waarom het hy hom al in 1858 van die N.G. gemeente van Bloemfontein losgemaak?
17. Watter positiewe optrede het hy uit eie beweging gedoen?
18. Wat was die gevolgtrekking van ds. Huet van die N.G. Kerk?
19. Hoe sien u die posisie in die Kaapkolonie en die O.V.S. teen 1859?

# Hoofstuk XVIII
# DIE STRYD OP KERKLIKE VERGADERINGS VAN DIE NEDERDUITSE HERVORMDE KERK VAN TRANSVAAL, 1853-1859

***Die posisie in Transvaal met die Sandrivierkonvensie, 1852.***
Die Voortrekkers is in Transvaal tot 1846 heeltemal deur die Kaapse N.G. Kerk verwaarloos. Hulle is egter gehelp deur eerw. D. Lindley van die Amerikaanse sending. Van 1848 tot 1852 het ds. Andrew Murray van Bloemfontein hulle met groot opoffering bedien. Daar was geen vaste kerklike organisasie nie. Op politieke gebied was daar nie eenheid nie. Die Voortrekkers was nog los groepe onder leiding van die oorspronklike Trekleiers. Hulle het onderling nog baie wrywing en verskille gehad. Die land was bitter arm. Daar was geen geld in omloop nie.

Ons het in hoofstuk XVI gesien dat die Voortrekkers eintlik 'n ander groep grensboere as die "Doppers" (Trekboere) was. Tog was daar ook onder die Voortrekkers konserwatiewe mense. Die sogenaamde Enslingroep van Marico was weer so bang vir Engelse inmenging deur middel van die predikante van die N.G. Kerk dat hulle geweier het om hulle kinders te laat doop. Hulle was sterk teen die Gesange gekant. Die enkele "Doppers" wat met die Groot Trek saam is en wat ook nie gesange gesing het nie, soos Casper Kruger, die vader van Paul Kruger, was egter die regterhand van ds. Murray, omdat hulle ernstig 'n behoorlike kerklike bediening vir Transvaal begeer het. Hulle was nie strydlustig nie, maar diep gelowige kerkmense.

Wanneer die onafhanklikheid in 1852 deur Engeland in die Sandrivierkonvensie erken word, verkeer Transvaal op alle gebiede in 'n verwaarloosde toestand.

***Die inrigting van die Hervormde staatskerk in 1853.***
As ds. D. van der Hoff in 1853 na die Transvaal kom, pleit van die latere Gereformeerdes dat die Transvaalse Kerk onafhanklik van die Koloniale Staatskerk moet bly. Hulle reken dat elke onafhanklike staat ook sy onafhanklike staatskerk moet hê. So word die Nederduitse Hervormde Kerk in 1853 te Rustenburg gestig.

Op dieselfde vergadering probeer van die latere Gereformeerdes reeds om die staatskerk meer volgens hulle wense in te rig. S. J. Kruger, 'n oud-Colesberger wat toe diaken in Magaliesberg (Rustenburg) was, stel voor dat die Gesange uit die erediens verwyder moes word, op voorwaarde dat dit met liefde en algemene tevredenheid sou geskied. Die vergadering besluit egter daarteen, maar laat dit aan lidmate vry om saam te sing of stil te bly. Dit het beteken dat die Verdeeldheid in die gemeentes sou voortbestaan. Sommige leiers het toe reeds ernstig daarna gestreef om alle politieke en kerklike verdeeldhede uit te skakel.

Onder leiding van die jong veldkornet Paul Kruger versoek 18 prominente burgers die kerkvergadering om die *toestand van verdeeldheid te ondersoek.* Dit word ook afgewys. Daarmee begin 'n onrustige kerkstryd, wat gelyktydig met politieke partyskappe en verdeeldheid in Transvaal afspeel.

Dit word weldra duidelik dat die groep onder leiding van Paul Kruger gemeen het dat die nuwe predikant die beswaardes met die Bybel en die belydenis van die Dordtse sinode sou kon oortuig dat dit verkeerd is om nie Gesange te sing nie. Indien dit nie kon gebeur nie,

moes die ander dit nalaat, sodat net die besluite van die Dordtse Sinode as grondslag van die Kerk sou geld. Hierdie vraagstuk is dus baie breër as 'n Gesangekwessie, omdat dit saamtrek op die grondslag van belydenis en kerkregering.

***'n Breuk in Transvaal, 1855/56.***

Terwyl die latere Gereformeerdes van Magaliesberg teleurgesteld was, het ds. Van der Hoff om persoonlike redes ook tot 'n breuk met die gemeente van *Lydenburg* gekom, sodat hierdie gemeente in 1856 'n eie republiek gevorm het en kerklik by die Kaapse Sinode aangesluit het. *Soutpansberg* het nie so ver gegaan nie. Hulle was egter ook vyandig teenoor *Potchefstroom*, waar ds. Van der Hoff en president M. W Pretorius geregeer het. Paul Kruger, kmdt. P. J. W. Schutte en genl. T. F. Dreyer het in die krygsraad van Pretorius bly dien, maar van hulle ander geesgenote in Magaliesberg het heeltemal na Soutpansberg begin oorhel. In 1856 het baie van die Magaliesbergers reeds begin dink om 'n eie gemeente te vorm. Ds. Van der Hoff was vyandig teenoor die Lydenburgers (die N.G. gemeente) en die Magaliesbergers (die latere Gereformeerde Kerk).

Op hierdie tydstip het oudl. Ph. Snyman van Rustenburg in 1856 die skeuring in Magaliesberg onder die aandag van M. W. Pretorius (van Potchefstroom) en Schoeman (van Soutpansberg) gebring. Voordat hy die lidmate navolg, wil hy nog 'n keer probeer om 'n oplossing te soek. Hy besef egter dat die mense wegbreek, omdat hulle deur die vergaderings van die N.H. Kerk *"nie geleer en bestuur word volgens ons Christelike geloofsbelydenis wat deur ons Nasionale Sinode van Dordrecht in 1618/1619 vasgestel is nie".* Daarmee bedoel hy dat die N.H. Kerk gewetensdwang op die mense toepas, terwyl die Kerk erken dat dit nie uit die Woord van God kan aantoon dat die beswaardes verkeerd is nie.

*Die stryd om eenheid in Transvaal, 1856—1858.*

Op hierdie tydstip in 1856 toe Lydenburg klaar weggebreek het van die staatskerk en die latere Gereformeerdes op pad was om dieselfde te doen, het president Pretorius ernstig geprobeer om Transvaal as 'n staat te organiseer en daarvoor 'n konstitusie (grondwet) op te stel. Paul Kruger was hierin sy regterhand, en dit moet aan hom toegeskrywe word dat Soutpansberg aan die begin van 1858 besluit het om die konstitusie te aanvaar. In die konstitusie is bepaal dat die Staatskerk op die grondslag van die Dordtse Sinode sal bestaan. Hiermee is die politieke eenheid van die staat vasgelê. Nou moes nog net die kerklike tevredenheid van die Magaliesbergers of latere Gereformeerdes verseker word.

Op kerklike gebied was daar nog gevaartekens. Van die Magaliesbergers, soos S. J. Kruger en P. Venter, het toe al met J. J. Venter van die Vrystaat onderhandel om 'n eie predikant uit Nederland buite die staatskerk van Transvaal om te beroep. Paul Kruger het ingespring om so 'n verdeling te verhoed. Hy het beloof dat hy hulle sal bystaan en help, mits hulle deur middel van die offisiële kerk en regering van Transvaal werk.

In Augustus 1858 het Paul Kruger die toestemming van die N.H. Kerkraad van Rustenburg verkry om vir die beswaardes 'n eie predikant, wat nie Gesange laat sing nie, binne die Staatskerk te laat beroep. In September het die Volksraad, die hoogste gesag in die Staatskerk, dit goedgekeur. Dit was 'n plegtige ooreenkoms, en dit het gelyk asof daar 'n oplossing gevind is.

*Die koms van ds. Postma in 1858 'n onverwagte skok in Transvaal.*

Die beswaardes in Transvaal en die Vrystaat het nie geweet dat daar in 1834 'n Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland ontstaan het nie. Hulle het gehoop dat hulle 'n ortodokse

*predikant uit* die Hervormde *staatskerk van* Nederland sou kry. Net so het die Sinode van die Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland nie geweet dat daar in Transvaal mense was wat ook in reaksie teen die Liberalisme was nie. Hulle het gedink die kerk in Transvaal is nog konserwatief- ; gereformeerd. Hulle het wel gehoor dat die Transvalers net, een predikant en omtrent geen onderwysers het nie. Gevolglik het die Sinode van die Christelike Gereformeerde Kerk in 1857 besluit om ds. Dirk Postma na die *regering* in Transvaal af te vaardig om aan hulle predikante en onderwysers aan te bied, broederlike betrekkinge aan te knoop en sending-moontlikhede te ondersoek. Ondertussen het 'n Nederlandse ouderling, J. van Andel van 's Hertogenbosch, intens in Transvaal belang gestel en na die afvaardiging van ds. Postma ook gehoor van die pogings van J. J. Venter om 'n eie predikant in die Vrystaat te kry. Hy het aan Venter geskryf om Postma te raadpleeg. Hoe wonderlik het die Here die omstandighede laat saamloop!

Ds. Postma kom dus na Transvaal, salig onbewus van die kerklike moeilikhede! Maar wanneer die Transvaalse regering van sy oorkoms verneem, het hulle klaar die ooreenkoms met die Rustenburgers aangegaan. Hulle besluit toe dadelik dat ds. Postma dan na die beswaarde gedeelte van Rustenburg moet gaan. As hy beantwoord aan die vereistes van die grondwet, d.w.s. aan die basis van die Dordtse Sinode en ook nie rassevermenging in die kerk sal voorstaan nie, mag hy hulle predikant word!

Die N.H. kerkraad van Rustenburg het S. J. Kruger, Ph. Snyman en Paul Kruger laat borgstaan om ds. Postma in Durban te gaan haal; en as hy hulle nie tevrede stel nie, moes hulle hom weer wegneem.

Ds. Postma dink dus hy is 'n gesant namens sy sinode by die regering van Transvaal, maar die Transvaalse owerhede dink hy is 'n predikant vir die beswaarde gemeente in Rustenburg. So het die kerklike en politieke owerhede in beginsel al die afskeiding aanvaar voordat 'n woord met ds. Postma gepraat is.

***Literatuur:***

B. Spoelstra: *Die "Doppers" in S.A.,* hoofstuk 7.

**VRAE:**

1. Wat weet u van die kerklike versorging van die Voortrekkers in Transvaal voor 1848?
2. Hoe is die Transvalers van 1949 tot 1852 kerklik bedien?
3. Wat was die posisie in Transvaal op ekonomiese, politieke en kerklike gebied in die tyd van die Sandrivierkonvensie, 1852?
4. Watter rol het die groepie "Doppers" in die kerklike lewe gespeel?
5. Hoe het die Transvalers hulle kerk in 1853 georganiseer ?
6. Watter versoek rig S. J. Kruger by hierdie geleentheid?
7. Wat is die oogmerk van 18 prominente lidmate onder leiding van Paul Kruger ?
8. Watter verdeeldhede heers daar in 1856 op politieke en kerklike gebied?
9. Watter weg het die Magaliesbergers begin gaan?
10. Wat weet u van die optrede van oudl. Ph. Snyman in 1856?
11. Hoe het pres. Pretorius beoog om die Transvaal tot 'n hegte eenheid te organiseer? Wie probeer sy bes om sowel die politieke as die kerklike verdeeldheid uit te skakel?
12. Watter gevaar het die eenheid van die Republiek in 1858 bedreig?
13. Hoe het Paul Kruger die gevaar afgewend, en watter plegtige ooreenkoms is offisieel aangegaan.
14. Uit watter oord het die beswaardes in Suid-Afrika hulp verwag en waarom?

15. Waarom het die Christelike Gereformeerde Kerk van Nederland ds. D. Postma afgevaardig?
16. Wou hulle ook 'n kerklike afskeiding in Suid-Afrika bewerkstellig?
17. Hoe het J. J. Venter gehoor van die afvaardiging van ds. Postma?
18. Met watter veronderstelling kom ds. Postma na Transvaal?
19. Hoe sien die kerklike en politieke owerhede van Transvaal sy koms?

# Hoofstuk XIX
# DIE KOMS VAN DS. POSTMA, 1858.

***Afvaardiging.***

Toe die Sinode van die Christelike Gereformeerde Kerk in 1857 besluit het om 'n helpende hand vir predikante en onderwysers na Transvaal uit te steek en sendingmoontlikhede te laat ondersoek, het hulle een van die bekendste, mees ervare en gematigste predikante daarvoor gekies. Hoe jammer is dit dat daar nie meer van hierdie plan tereggekom het nie. Dink net aan die sendingmoontlikhede!

***Die persoon van ds. Postma.***

Ds. Postma is in 1818 te Dokkum, Friesland, uit 'n eenvoudige maar opreg gereformeerde huis gebore. As seun moes hy bedags by 'n blikslaer werk om sy weduweemoeder te versorg. Snags moes hy studeer om predikant te word. Hy is in 1840 tot die bediening toegelaat.

As persoon was ds. Postma versier met mooi eienskappe. Hy was eerlik, opreg, taktvol en beheers. Hy was 'n waardige dienskneg van die Here. Aan sy roepingsbewustheid en offervaardige diens was amper geen einde nie.

Hoe wonderlik het die Here in die nood van die eenvoudige en dikwels veragte Gereformeerdes voorsien! Toe ds. Postma na Transvaal gestuur is, was die Christelike Gereformeerde Kerk nie van die stryd van die "Doppers" in die Kaapkolonie en Suid-Vrystaat of die beswaarde gemeente in Rustenburg bewus nie. Ds. Postma het daarom geen plan gehad om hier in 'n kerklike afskeiding betrokke te raak nie. Die afskeiding in ons land het daarom as 'n skok in Nederland gekom. Inderdaad, die mens wik, maar God beskik! Min het ds. Postma self geweet toe hy op die *Estafette* aan Nederland "vaarwel" toegeroep het, waarvoor die Here hom in Suid-Afrika gaan gebruik! Die Here is 'n verhoorder van die gebede wat die beswaardes in die afgeleë binneland van Suid-Afrika opgestuur het.

***Die aankoms van ds. Postma in Kaapstad.***

Die predikante van die N-G. Kerk aan die Kaap is deur die Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland van ds. Postma se koms verwittig. Hulle was natuurlik dadelik baie bevrees dat in die binneland 'n kerkskeuring sou ontstaan, omdat hulle van die stryd van die "Doppers" geweet het. Hulle het alles in hulle vermoë gedoen om ds. Postma daarvan te oortuig dat die Kaapse Kerk baie suiwer gereformeerd was, op die Gesange na. Later sou ds. Postma ontdek dat dit anders was. Een van die liberale Kaapse koerante het egter by die aankoms van ds. Postma alreeds gesê: "De Heer Postma moet zich nu maar bij de Doppers bepalen, die kunnen toch voor de afgescheidenen van Zuid-Afrika gelden".

Dit toon baie duidelik dat daar 'n kloof op kerklike gebied was nog voordat hier 'n Gereformeerde predikant voet aan wal gesit het. Tog wil kwaadwillige mense soms voorgee asof ds. Postma die Nederlandse Afskeiding na Suid-Afrika oorgeplant het. Sodanige mense het geen oog vir die werk van die Here in eenvoudige menseharte, selfs al het hulle nie 'n predikant gehad nie! Omdat hulle die Woord van die Here en die boeke van die ou Gereformeerde skrywers, soos Smytegeld, A. Brakel, Mel en ander gelees het, het die Heilige Gees die ware geloof in die hart van die eenvoudige mense brandende gehou.

Ds. Postma het in Junie 1858 aan die Kaap gekom. Hy het met die N.G. predikante hartelik omgegaan, vir hulle gepreek en selfs in hulle dienste Gesange laat sing. Toe ds. Postma later

'n vleiende brief onder oë kry wat die Kaapse N.G. Kerk aan die liberale Hervormde Kerk in Nederland gestuur het, het hy gesê die Kaapse Kerk vlei 'n oorspelige moeder. Hierin kon hy gewaar dat die Kaapse N.G. Kerk in 'n noue verband met die Nederlandse Hervormde Kerk geleef het. Die Christelike Gereformeerde Kerk het die Hervormde Kerk van Nederland as 'n valse kerk beskou, omdat hulle hervorming afgewys het en die Gereformeerdes vervolg het.

***Ds. Postma reis na Transvaal.***

Van Kaapstad af het ds. Postma per boot na Durban gereis en ook daar met die N.G. predikante hartlik omgegaan. Hy was vas onder die indruk dat hy na Transvaal gaan en daar moontlik in 'n ander kerkverband (die Hervormde Kerk) sou moes werk. Hy is ingelig dat die Hervormde Kerk van Transvaal heeltemal onafhanklik van die N.G. Kerk was.

In Oktober is ds. Postma deur Ph. Snyman en Douw Kruger ('n broer van Paul) uit Transvaal met 'n ossewa in Natal gehaal, en op 6 November 1858 het hy op die plaas van ouderling P. J. W. Schutte, Buffeldoorns, in die Potchefstroomse distrik, vir die eerste maal op Transvaalse bodem gepreek.

Ds. Postma het seker toe self nog nie besef hoe naby hy aan 'n belangrike kerklike ontwikkeling in Suid-Afrika was nie!

***Ds. Postma in Transvaal.***

Op 9 November het ds. Postma in Rustenburg aangekom. Hy kon toe die spanning in die gemeente aanvoel en het met skrik ontdek dat dit op die punt van 'n kerkskeuring was.

Nou kon ds. Postma as predikant en teoloog self begin om 'n beeld te vorm van die kerklike toestand in Suid-Afrika. Hy het die kennis en opleiding besit om wat in die binneste van die beswaardes gelewe het, in teologiese taal uit te druk. Vanselfsprekend sou die kerklike ontwikkeling van nou af in vaste bane begin beweeg.

Al het duisende myle seewater tussen Suid-Afrika en Nederland gespoel, het ds. Postma dadelik aangetrokke gevoel tot die mense wat hom gehaal het. Hulle geloof en bevinding was dieselfde. Hoe wonderbaarlik werk die Gees van die Here oor die hele wêreld! Ons kry in omtrent dieselfde tyd ook dieselfde afskeidingsbewegings in Frankryk (1849) en Noord-Amerika (1857).

Ds. Postma wou egter alles in die werk stel om 'n skeuring te verhoed. Aan die een kant het almal wat ontevrede was met die N.H. Kerk, selfs die ekstremistiese Enslingroep, by ds. Postma kom aanklop. Aan die ander kant het die lidmate van die Hervormde Kerk probeer om ds. Postma tot hulle sienswyse oor te haal.

Ds. Postma was baie versigtig, omdat hy 'n gesant van sy Kerk na die hele Transvaal was. Hy het samesprekings met owerheidspersone gevoer en in Potchefstroom en Rustenburg hartlik met ds. Van der Hoff omgegaan. Hulle het onderhandel oor hoe hulle die saak met die beswaarde gemeente sou skik. Hulle het ooreengekom dat hulle dit aan die vryheid van die predikante sou oorlaat om Gesange te laat sing of nie.

Daar kon egter nog niks finaal besluit word nie, omdat ds. Postma, volgens 'n besluit van die Volksraad, eers op 'n Algemene Kerkvergadering ondersoek moes word of hy aan die vereistes van die grondwet beantwoord. Die vergadering was bepaal vir 10 Januarie 1895 te Pretoria.

Dit het egter al begin deurskemer dat die pro-Gesange-mense hulle meerderheid wou gebruik om die beswaardes tot hulle sienswyse te dwing.

***Literatuur:***
S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstukke 48—50.
B. Spoelstra: *Die "Doppers",* bl. 134—139.
G. C. P. v.d. Vyver: *Prof. D. Postma,* hoofstukke VII—VIII.

**VRAE:**
1. Waarom het die Christelike Gereformeerde Kerk ds. Postma na Transvaal afgevaardig?
2. Wat weet u van die persoon van ds. Postma?
3. In hoeverre was die Christelike Gereformeerde Kerk en ds. Postma op hoogte van die presiese kerklike toestand in Suid-Afrika?
4. Was ds. Postma se koms 'n geheim vir die N.G. Kerk?
5. Hoe het ds. Postma met die predikante van die N.G. Kerk omgegaan?
6. Waarom het die liberale Kaapse pers ds. Postma eintlik na die "Doppers" verwys?
7. Watter houding van die N.G. Kerk het ds. Postma onrustig gestem?
8. Waarom het ds. Postma na Durban afgereis met die gedagte dat hy moontlik nie in die N.G. Kerk sal dien nie?
9. Wie het ds. Postma in Durban kom haal en waarheen het hulle hom geneem ?
10. Wat het ds. Postma ontdek toe hy met Rustenburg kennis maak?
11. Waarop het hy hom dadelik toegespits?
12. Wat was die doel van die Algemene Kerkvergadering van die N.H. Kerk te Pretoria op 10 Januarie 1859?

# Hoofstuk XX
# DIE GEREFORMEERDE KERK WORD HERSTIG, 1859.

***Ondersoek na die leer van ds. Postma.***
Volgens die Republikeinse grondwet het die Algemene Kerkvergadering óp 10 Januarie 1859 die leer van ds. Postma ondersoek. Ds. Postma kon natuurlik baie maklik uit die handboekie van die Christelike Gereformeerde Kerk aantoon dat sy kerk nie net in *leer* nie, maar selfs in *kerkregering* heeltemal ooreenkom met die ou gereformeerde fondament, soos vasgelê op die Sinode van Dordrecht, 1618/1619. Die vergadering het dit ook so aanvaar.

***Ondersoek na ds. Postma se standpunt oor die Gesange.***
Hierna het die Algemene Kerkvergadering daartoe oorgegaan om ds. Postma se gevoelens te toets oor die groot stryd-punt: *Wat is sy opvatting oor die Gesange?* Dit was eintlik nie ter sake nie, omdat dit gereël is in die ooreenkoms met die beswaarde gemeente waarvolgens ds. Postma gehaal is. Ds. Postma het aan die vergadering die volgende verklaar:
1. Hy sal 'n kerk wat met innerlike vrede *regsinnige* Gesange sing, nie veroordeel nie.
2. 'n Kerk wat hom egter hou by gesange (soos die psalms en die lofsange, Tien Gebooie, Onse Vader, ens.) waarvan die *teks m* die Bybel staan, is op die *veiligste* pad.
3. As sommige lidmate gewetensbeswaar het teen Gesange waarvan die teks nie in die Bybel is nie, behoort die ander dit ook nie in die *openbare godsdiensoefening* te sing nie.
4. As daar egter geen ander uitweg is nie, moet dit aan die predikant oorgelaat word om volgens sy gewete in die beste belang van die gemeente te handel. *Oor hierdie saak moet daar geen verdeeldheid of skeuring plaasvind nie.*

Hierdie standpunt van ds. Postma getuig van die uiterste toegeeflikheid. Ons sou amper wil sê hy het te ver gegaan met sy toegeeflikheid om 'n skeuring te voorkom.

Die vergadering het egter hierop onverbiddelik besluit *‚dat die kerklike inrigting, soos dit tans bestaan, met sy Evangeliese Gesange gehandhaaf sal word"*.

Met hierdie besluit het die Hervormde kerkvergadering op dieselfde lyn te staan gekom as die Ring van Graaff-Reinet (1841) en die Kaapse sinode (1847). Hulle wou die gewete van die andersdenkendes dwing met hulle meerderheidstem, sonder dat hulle die Gesange aan die Bybel of die belydenis toets.

In hierdie saak het die kerkvergaderings dus aan hulleself en hulle kerklike inrigting meer mag en gesag toegeskryf as aan die Bybel. (Vergelyk nou N.G.B., art. 29.) Dit was egter ook troubreuk teenoor die Gereformeerdes, omdat dit 'n streep getrek het deur die ooreenkoms wat die beswaardes in 1858 met die N.H. kerkraad en die Volksraad getref het.

***Die reaksie op die besluit van die Algemene Kerkvergadering.***
(i) *Ds. Postma* het hierop onmiddellik gesê dat hy hom dan volgens die Woord van God nie geregtig ag om die hulp van sy kerk aan die Hervormde Kerk toe te sê nie. Voortaan sou hy, waar hy gevra word, enige predikantswerk doen.

(ii) *Vyftien broeders*, onder wie ouderlinge P. J. W. Schutte, Ph. Snyman, kmdt. Paul Kruger, S. J. Kruger (wat vroeër in Colesberg was), het ook dadelik aan die kerkvergadering kennis gegee dat hulle uit die Hervormde Kerk tree en voortaan wou bestaan as 'n *"vrye Gereformeerde Kerk, ooreenkomstig die leer, diens en tug van die vaders"*.

***Slotsom.***
Hierdie mense het baie jare lank met hulle besware by hulle wettige kerklike vergaderinge aangeklop. Hulle het die pad tot by die "hoogste" vergaderinge geloop, nl. die N.G. Sinode van 1847 en die Hervormde Algemene Kerkvergadering van 1859. Die vergaderinge het egter so onverbiddelik aan die Gesange gekleef dat hulle die gewete van die beswaardes wou dwing om net soos hulle te maak. Hulle het die Gesange liewer as kerklike eenheid gehad. Hulle het liewer die Gereformeerdes as die Gesange uit die kerk laat gaan.

Soms word gesê dat die Gereformeerdes oor die Gesange afgeskei het. Dit is onjuis. Die waarheid is dat hulle deur die kollegialistiese kerkregering uit die kerk gedwing is, omdat hulle nie Gesange in die erediens wou sing nie. Hulle moes hulle gewete verkrag en met die tydstroom saamgaan, of hulle moes uittree. Na 'n lang en moeilike stryd, wat hulle baie smstrt gekos het, het hulle die laaste weg gekies. Die Algemene kerkvergadering het van hulle besluit in 'n goeie gees goed-keurend kennis geneem.

As ons vra waarom die N.H. Kerk op 11 Januarie 1859 die skeuring veroorsaak het, is die antwoord: omdat ds. Postma Gereformeerd en nie Hervormd was nie. As Hervormde uit Nederland wou ds. van der Hoff nie dat die Transvaalse Kerk deur ds. Postma gereformeerd gemaak word nie. Die Gesange is dus soos 'n belydenisskrif opgeskroef om "die kerklike inrigting", d.w.s. die Hervormde Kerk, te handhaaf.

***Die eerste Gereformeerde Kerk, Rustenburg, 10 Februarie 1859.***
Na die gebeure in Pretoria het 'n groot groep mense op 10 Februarie 1859 in Rustenburg byeengekom. Die Hervormde kerkgebou, wat hulle nog self help bou het, is eers gegee en toe weer geweier. Hulle het gevolglik onder 'n skaduryke seringboom vergader. Op dieselfde dag het meer as 300 volwassenes hulle laat inskryf as lidmate van die Gereformeerde Kerk wat in leer, diens en tug ooreenkom met die Dordtse Sinode van 1618/1619.

Ds. Postma het hierna verklaar dat hy bedank vir die beroep na die N.G. gemeente Winburg en die beroep na die Gereformeerde Kerk Rustenburg aanvaar.

Trane van dankbaarheid en blydskap het oor die gesigte van mans en vroue gerol wat die woeste binneland getem het! God is 'n verhoorder van die gebede! Eindelik het hulle die kerk verkry waarna hulle sinds jare gesoek het! Dit was nie maar net 'n N.G. of Hervormde Kerk sonder Gesange nie, maar 'n kerk wat in leer, diens en tug weer gereformeerd wou wees.

***Literatuur:***
S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstuk 51.
G. C. P. v.d. Vyver: *Prof. D. Postma,* bls. 223—267.
B. Spoelstra: *Die "Doppers" in S.A.,* bls. 137—141; lgg 172.

**VRAE:**
1. Wat het die Al gemene Kerkvergadering ten opsigte van die leer van ds. Postma bevind?
2. Watter verdere ondersoek het die vergadering op onreëlmatige wyse voortgesit?
3. Wat was ds. Postma se standpunt oor die Gesangekwessie ? Het hy dit gebruik om 'n afskeiding te veroorsaak?
4. Wat het die Algemene Kerkvergadering oor die Gesange besluit?
5. Wat is die betekenis (konsekwensie) van die besluit?
6. Wat was die reaksie van ds. Postma op die besluit?

7. Wat was die reaksie van vyftien prominente broeders op die vergadering?
8. Tot watter gevolgtrekking kom u omtrent die gebeure?
9. Hoekom sou die N.H. Kerk so onverbiddelik die Gesange op ander wou afdwing?
10. Wanneer en waar het die Gereformeerdes toe hulle eerste samekoms gehou ?
11. Wat het hier gebeur?
12. Hoekom het hulle nie 'n Hervormde Kerk sonder Gesange gestig nie?

# Hoofstuk XXI
# DIE UITBREIDING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKVERBAND

***Die kerk van Reddersburg in die O.V.S., 1859.***

Dit is natuurlik dat die kerklike gebeure in Transvaal ook opsien sou baar by dié "Doppers" van die O.V.S. en die noordoostelike Kaapkolonie wat kerklik beswaard was. Oudl. J. van Andel het aan J.J. Venter geskrywe dat hy sy kerklike probleme met ds. Postma moet bespreek. J.J. Venter het gesorg dat ds. Postma spoedig na die Vrystaat gebring word. Die kerk van Reddersburg is op 6 Mei 1859 op die plaas Dorbrek van oud-kmdt. J.P. van der Walt gestig. Mense het van so ver as Winburg, Colesberg en Burgersdorp daarheen gekom. Naby Bloemfontein het die "Doppers" hulle eie kerkdorp op die plaas van Machiel van der Walt gestig. Die dorp is Reddersburg genoem. In die naam *Redder* hoor ons hulle dankbare blydskap. Ds. Postma het geweet dat sommige soos Venter en Van der Walt en ander gesinne reeds voor sy koms van die N.G. Kerk afgeskei het. Hy het toegesien dat hulle nou by 'n reeds gestigte Kerk aansluit. Ds. J. Beyer van Nederland word in 1862 predikant van Reddersburg.

***Die kerk van Burgersdorp in die Kaapkolonie (1860).***

Diaken A. Pretorius en W. van Biljon was in die O.V.S. teenwoordig by die stigting van die Kerk. Hulle het ds. Postma nog dieselfde maand na die Burgersdorpse distrik gebring. Daar was groot belangstelling, maar ds. Postma wou hulle nog nie help om 'n kerk te stig nie. Ds. Postma wou hê hulle moes eers goed nadink. Dit kon aan die N.G. Kerk ook geleentheid gee om 'n breuk te voorkom.

In Januarie 1860 het hulle ds. Postma weer na Burgersdorp gebring. Die N.G. sendeling Hermann het uit sy pad gegaan om ds. Postma te verkleineer en die Christelike Gereformeerde Kerk van Nederland te beledig. Tog is die Gereformeerde Kerk van Burgersdorp op die plaas Roosterhoek op 22 Januarie gestig. Hier was weer mense van die omliggende distrikte teenwoordig.

Belangstellende mense het ds. Postma ook na Middelburg gebring. Daar was 'n groot byeenkoms. Ook hier is nie dadelik 'n kerk gestig nie. Eers in Desember 1860 is die Gereformeerde Kerke van Middelburg en Colesberg gestig. Die mense was dus baie beslis. Na die lang en swaar gewetensstryd op die kerkvergaderings van die N.G. Kerk kan ons dit verstaan.

Ons kan dus nie sê dat al die "Doppers" in daardie geweste Gereformeerde lidmate geword het nie. Tog word die naam *Dopper* ná 1859 meer en meer *net* vir lidmate van die Gereformeerde Kerke gebruik, en die "Doppers" in die N.G. gemeentes word al minder so genoem. Die naam *Dopper* het so met die kerkstigting 'n verandering ondergaan en beteken van toe af 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk.

***Die houding teenoor die Gereformeerdes.***

Op Middelburg, waar ds. William Murray die N.G. predikant was, en in Colesberg, waar hy konsulent was, het die afskeiding in 'n goeie gees verloop. Die N.G. lidmate het dit na die lang stryd verstaan en aanvaar. Toe proponent A. D. Luckhoff egter op Colesberg kom, het hy in 1862 met groot bitterheid teen ds. Postma opgetree en hom selfs in die koerant as die Antichris bestempel. Op Potchefstroom wou landdros Steyn die huis van 'n weduwee met 'n

kanon platskiet as daarin 'n diens gehou sou word.  In Rustenburg wou hulle die Gereformeerdes eers nie toelaat om 'n kerk te bou nie.  In Burgersdorp het Hermann ds. Beyer met 'n perdesweep in die openbaar te lyf gegaan.  'n Ander keer is die dak van die skuur waarin 'n diens gehou is, met klippe bestook.  Die naam *Dopper* word in daardie tyd as 'n kerklike skeldnaam gebruik.  Omdat die "Dopper" egter vir bepaalde Bybelse waarhede gestry het, het die skeldnaam in die loop van jare ook 'n erenaam geword.  Hulle was die Calvinistiese kern in die land.

(Die "Doppers" het hulle verweer teenoor die mense van die N.G. Kerk met 'n ander skeldnaam: *Gaat-japonder*, 'n heenwysing na die lengte van die manél of nuwerwetse baadjies.)  Vandag het die wedersydse verhouding so verbeter dat met 'n glimlag teruggekyk word op die dae van vervolging, bitterheid, smaad en diskriminasie wat die Gereformeerdes verduur het.  Mense behoort oor sake te kan verskil sonder persoonlike kleinlikhede.

'n Geliefde middel om mee aan te val was om ds. Dirk Postma verdag te maak.  Daar is selfs in die dae van afskeiding gesê dat hy onsedelik was.  Tot vandag toe lees ons in sekere geskiedenisboeke die bewering dat ds. Postma eintlik uitgestuur was as 'n *sendeling.*  Dit beteken dan dat hy ontrou was aan sy opdrag uit Nederland.  Andersyds het die term *sendeling* ingehou dat hy nie goed gekwalifiseerd sou wees nie.

Ons kan nie hier al die verkeerde en bevooroordeelde bewerings weerlê nie.  Die lasbrief van ds. Postma is duidelik genoeg.  Hy was na die Nederlandse stamverwante in Transvaal gestuur.  Dat hy net *sendingwerk* moes doen, is 'n ongegronde bewering.

Die hoofsaak is egter: *Die herstigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was nie die ideaal en werk van ds. Postma nie.  Dit was die logiese gevolg van die jarelange stryd van die "Doppers".  Hulle intuïtiewe gereformeerde aanvoeling het met die "nuwe lig" gebots.  Ds. Postma was maar net die Godgegewe instrument om die herstigting te lei.*

***Pogings van die Transvaalse owerheid om die breuk te heel.***

Die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) het dadelik ernstige pogings aangewend om die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk sy houding oor die Gesange in hersiening te laat neem.  Hulle het gemeen dat die breuk dan weer geheel sou wees.  Vir hierdie doel het hulle in April 1859 'n Algemene Kerkvergadering te Potchefstroom belê.  Verteenwoordigers uit die N.G. Kerk is ook hierheen uitgenooi.

Hierdie vergadering het feitlik besluit dat die Hervormde en N.G. Kerke voortaan een sou wees.  Die vereniging sou egter nie lank duur nie.  Verder het die vergadering die sing van die Gesange aan die vryheid van elke predikant oorgelaat.  Hulle het voorsorg getref om te verseker dat die karakter van die Transvaalse Kerk Hervormd moet bly.  Ds. Postma sou egter as 'n uitsondering onder toesig van ds. Van der Hoff geduld word.  Hierop is toe van hulle kant besluit dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika daarmee opgehou het om te bestaan!  Dit het gebeur sonder dat die Gereformeerde Kerk verteenwoordig was!

Die Gereformeerde Kerk het hierop geantwoord dat hulle alleen sou verenig as die besluit van die Hervormde Kerkvergadering oor die Gesange herroep sou word en as ds. Van der Hoff alles wat hy tot minagting van die Gereformeerdes, die Bybel en die Psalms gesê het, sou herroep.  Hulle sou daarna verenig op die fondament van diens, leer en tug van die Sinode van Dordrecht, 1618/1619.  Dit het beteken dat so 'n verenigde kerk in leer, kerkregering en praktyk *gereformeerd* sou moes wees.

Vanselfsprekend wou die ander twee Kerke nie hierdie gereformeerde basis aanvaar nie. Daarom het van die poging tot hereniging niks gekom nie.

Aan die lang stryd om beskerming en erkenning by die owerheid in Transvaal en die moeilike jare van politieke twiste, wat tot 1864 duur, gee ons nie nou verder aandag nie. Teen 1863 kon daar egter ook kerke in Potchefstroom, Pretoria, Soutpansberg en Lydenburg behoorlik georganiseer word.

Die Openlike Verklaring van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, wat nog steeds met elke meerdere vergadering gelees word, nooi almal wat bogenoemde gereformeerde basis aanvaar, uit om met hom in een *kerklike gemeenskap te tree.* Die Gereformeerdes begeer van harte kerklike eenheid. *Kerklike eenheid mag egter nie ten koste van die waarheid gesoek word nie. Alleen die waarheid kan tot eer van God wees, want God is waarheid.*

***Literatuur:***
S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstuk 50—51
G. C. P. v.d. Vyver: *Prof. D. Postma,* bls. 26&-321.
B. Spoelstra: *Die "Doppers" in S.A.,* hoofstukke 9 en 10_

**VRAE:**
1. Hoekom is ds. Postma so gou na die gebeure in Rustenburg na die O.V.S. geneem?
2. Wat weet u van die gemeente en dorp Reddersburg?
3. Waarvandaan het belangstellendes gekom?
4. Hoekom het ds. Postma in Mei 1859 ook na Burgersdorp gegaan?
5. Waarom het ds. Postma die Reddersburgers wel maar die Burgers-dorpers nie dadelik tot 'n kerk gestig nie?
6. Wanneer en in watter omstandighede is die kerk van Burgersdorp gestig?
7. Het al die "Doppers" Gereformeerd geword?
8. Watter kerke word in Desember 1860 gesig?
9. Waar het die kerklike afskeiding in 'n goeie gees verloop?
10. Wat gebeur in Colesberg in 1862?
11. Hoe was die houding teenoor die Gereformeerdes in Transvaal?
12. Waaroor moet dit gaan in kerklike verskille en wat moet vermy word?
13. Watter bedenklike metodes is egter veral teen ds. Postma en die Gereformeerdes gebruik?
14. Wat was die hoofoorsaak vir die kerklike breuk?
15. Watter opdrag het die Transvaalse regering in April 1859 aan die N.H. Kerk gegee?
16. Wat het die vergadering besluit?
17 Watter voorwaardes het die Gereformeerdes vir kerkhereniging gestel ?
18. Op watter basis soek die Gereformeerde Kerk eenheid?

# Hoofstuk XXII
# DIE GEREFORMEERDE KERK IN S.A.

***1. Die inrigting van die Gereformeerde Kerk.***

Uit amper elke stuk tydens die afskeiding blyk die nadruk op die ideaal om 'n kerk te wees wat in *leer, diens* en *tug* ooreenkom met die Sinode van Dordrecht, 1618/1619, of, soos dit ook dikwels gestel is, om die kerklike lewe in alles volgens die Woord van God in te rig.

***Wat die "leer" betref.***

Dit het beteken dat die Gereformeerde Kerk net soos die ander twee Afrikaanse Kerke die drie Formuliere van Eenheid aanvaar. Die Gereformeerde Kerk beroep hom egter teenoor hulle daarop dat hy die *gereformeerde* leer nie net in teorie nie maar *ook in praktyk* handhaaf. Die Gereformeerde Kerk wou nog steeds sowel die *Liberalisme* as die *Metodisme* afwys. Die *Liberalisme* het dan gesê die kerk is *te eng,* en die *Metodiste* het gesê die kerk lê net nadruk op die leer en *verwaarloos die lewe.*

Tog sien ons dat die Gereformeerde Kerk 'n geseënde invloed laat uitgaan het. Die goeie Gereformeerdes onderskei hulle deur 'n verantwoordelike, gebalanseerde en suiwer lewe. Die ou "Doppers" was nie onverskillig oor die lewe nie maar het dans, vrymesselary en alles wat die mens van die Woord van God aftrek, afgekeur. Die gereelde kategismusprediking en goeie katkisasie in die huise en in die kerk het 'n duidelike stempel gedruk. 'n Mens se lewe word gebore uit jou leer en moet op die eer van God gerig wees.

***Die "diens" van Dordrecht.***

Die Gereformeerdes het die erediens en kerklike handelinge streng volgens die gebruike en formuliere van die Sinode van Dordrecht ingerig. Hulle was voorstanders van 'n eenvoudige, sobere en opregte erediens. In die vorige eeu het hulle so sterk die eenvoud (ooreenkomstig hulle leefwyse) bepleit dat hulle selfs nie torings by die kerkgeboue geplaas het nie. Hulle was afkerig van alle godsdienstige dwepery, opsmuk, drukdoenery en veruitwendiging. Om hierdie redes en op beginselgronde het hulle bidure, blomme met begrafnisse, versiering van die kerkgeboue, eredienskore, spesiale dienste, spesiale Sondae, Doopsondae en kelkies by die nagmaal afgewys. Die uiterlike vorme van die godsdiens moes, net soos hulle nederige Calvinistiese leefwyse, pas by en ooreenkom met die belydenis in innerlike eenvoud en opregtheid voor God.

***Die "tug" van Dordrecht.***

Ds. Postma wou met die herstigting van die kerk 'n gewysigde kerkorde invoer wat hy by die landsomstandighede aangepas het. Op die heel eerste Sinode, in 1862, het die ou vaders nie gehuiwer om die Postma-kerkorde opsy te sit nie. Hulle het die volle Dordtse kerkorde aanvaar en besluit om dit toe te pas sover hulle in omstandighede kon. Hierdie besluit toon hoe doelbewus hulle gereformeerd wou wees.

Die Gereformeerde Kerk het die seënryke gevolge van hierdie besluit ondervind. Anders as die Kollegialisme het dit die plaaslike kerk as bousteen van die kerkorganisasie gehad. Die selfstandige plaaslike kerk het saam met ander kerke die meerdere vergaderings in die kerk gevorm. Daar is ernstig geprobeer om die lig van die Woord van God en die Belydenis in die besluite vas te hou. Die vryheid en selfstandigheid van die kerkrade is gehandhaaf. Die meerdere vergaderings het oor die groot beginselsake leiding en rigting aan die kerklike lewe gegee.

So moet in die gereformeerde kerkregering nie die stem van die meerderheid nie, maar die Woord van God beslis. Die kerkregering moet nie met 'n Sinode as "hoogste" vergadering begin nie. Dit moet begin by die ampte en kerkraad wat die gemeente gekies het en wat Christus direk oor sy kerk, die gelowiges, gestel het. Daarna vorm die kerkraad saam met ander kerkrade meerdere vergaderings, wat *tydelik* is.

Op die gebied van die kerkregering verskil die Gereformeerde Kerk duidelik van ander kerke in ons land. Ons noem byvoorbeeld die gereelde huisbesoek en tugoefening deur die ouderlinge, veral voor nagmaal. Die behoeftiges in elke gemeente word plaaslik in die naam van Christus deur die diakens versorg. Die predikante moet in hulle prediking niks anders as die Woord van God eenvoudig en toepaslik verkondig nie. Die kerk moet nie deur die staat nie, maar deur die lidmate self onderhou word.

'n Goeie Skriftuurlike kerkregering is nodig oor die ampsdraers en die lidmate (groot en klein). Dan kan 'n kerk suiwer wees en bly. Deur die kerkregering moet die onsuiwer dinge uit die leer en lewe van die kerk geweer word.

***2. Die Gereformeerde Kerk en die sending.***

***Ds. Postma en die sending.***

Ds. Postma het na Suid-Afrika gekom as 'n vriend van die sending. Sommige boere, soos Paul Kruger, was ook sterk voorstanders van die sending. In die Suide was daar onder die "Doppers" teenstand teen 'n verkeerde sendingmetode. Hulle ondervinding met die buitelandse sendelinge veral van die Londense Sendinggenootskap, was ongelukkig. Die sendelinge het die boere gedurig onregverdig beskuldig of aan die naturelle gewere verkoop, wat weer teen die Boere gebruik is. Die sendelinge was dikwels politieke agente vir Engeland. Sommige sendelinge het hulle met die gekleurde bevolking vermeng, en ander het die sendingstasies saamtrekplekke van luiaards, diewe en rowers gemaak. Die Filantrope het byvoorbeeld teen die Boere kant gekies. Die resultate van die genootskapsending het dus die vertroue in die sending in die algemeen skade aangedoen.

Die Sinode van 1869 het egter positiewe besluite ten opsigte van die sending geneem. Ds. Postma se ywer vir die sending het veroorsaak dat ds. S.D. Venter van Bethulie met 'n aantal lidmate in 1878 van die kerk geskeur het. In die wrywing was daar baie onderlinge misverstand. Daarom het die meeste in 1889 teruggekeer en 'n paar is in die N.G. Kerk opgeneem.

***Die begin van die sendingwerk.***

Vanselfsprekend kon die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedurende die eerste wordingsjare geen georganiseerde sendingwerk verrig nie. Dit was klein en arm. 'n Paar predikante moes die wêreld deurkruis. Terwyl die staat die predikante van die ander twee kerke betaal het, wou die Gereformeerdes self vir hulle predikante sorg. Aanvanklik kon dus alleen die plaasvolk deur leer en voorbeeld in aanraking met die Christendom gebring word.

Nog voor die einde van die vorige eeu is egter te Ventersstad en Humpata (Angola) met georganiseerde sendingwerk begin. Na die Engelse oorlog het die kerk van Pretoria met sendingwerk in die Soutpansberg begin.

In die jongste tyd, namate die kerke gekonsolideerd geraak het, het die grootste uitbreiding in die sendingwerk gekom. Kyk in die jongste Kerkalmanak hoeveel selfstandige

Gereformeerde kerke (gemeentes) daar onder die nie-blanke bevolkings is. Blanke-, Kleurling- en Bantoekerke werk nou saam om die Kerk onder die heidene uit te brei. Waar is die nie-blanke Kerke en wie bedien hulle?

***3. Die Gereformeerde Kerk en die onderwys.***

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het op onderwysgebied 'n groot roeping gedien. Om dit te kan begryp moet ons let op die twee inrigtings wat uit die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gebore is, naamlik die Teologiese Skool en die P.U. vir C.H.O. Daarbenewens moet die vrye Christelike skole nie vergeet word nie.

Geen ander kerk in Suid-Afrika het so spoedig en met soveel opoffering dadelik begin om die nodige predikante en onderwysers op te lei nie. Terwyl die ander kerke deur die onderskeie owerhede gesteun is, moes die Gereformeerdes vir alles self betaal. Dit maak hulle prestasies nog merkwaardiger.

***Literatuur:***

*S.* du Toit: *Kerkgeskiedenis*, hoofstukke 52—53.
J. P. Jooste: *Geskiedenis van die Geref. Kerk in S.A.*, hoofstukke 9 en 17.
G. C. P. v.d. Vyver: *Prof. D. Postma*, hoofstukke XI, XIII. B. Spoelstra: *Die "Doppers" in S.A.*, hoofstukke 9, 12 en 13.

**VRAE:**

1. Wat was die basis waarop die Gereformeerde kerkverband georganiseer is?
2. Watter plek neem die leer by die Gereformeerde Kerk in?
3. Is dit so dat nadruk op 'n Skrifgebonde leer die lewe verwaarloos?
4. Hoe het die Gereformeerdes die kerklike erediens ingerig?
5. Watter belangrike besluite is in 1862 ten opsigte van die kerkregering geneem?
6. Waarin lê die kenmerkende van die Gereformeerde Kerkregering opgesluit?
7. Waarom is 'n Skriftuurlike kerkregering noodsaaklik? (Vgl. ook hoofstuk IX.)
8. Was die eerste Gereformeerdes teen die sending gekant?
9. Wat was die enigste sendingmetode wat baie van hulle geken het?
10. Hoekom kon die Gereformeerdes nie in die vorige eeu op 'n groot skaal sending doen nie?
11. Wanneer en waar is met die opsetlike sendingwerk begin?
12. Wat is die posisie vandag op sendinggebied volgens die jongste statistieke in die Kerkalmanak?
13. Op watter gebied het die Gereformeerde Kerkverband uit die staanspoor met groot opoffering merkwaardige resultate gelewer?

# Hoofstuk XXIII
# DIE ONDERWYSINRIGTINGS

***1. Die Teologiese Skool.***

Die geskiedenis van die Teologiese Skool verloop eintlik in vier stadiums:

a. Slegs 'n paar jaar na die herstigting van die Kerk ontstaan *predikanteskole.* Hiermee bedoel ons dat di. Postma en Beyer elkeen 'n paar uitgesoekte studente aan hulle huise opgelei het. In 1866 is die eerste landseuns as predikante toegelaat. Hierdie studente was eintlik manne op gevorderde leeftyd wat volgens art. 8 van die kerkorde (op grond van besondere gawes) toegelaat is. Dit het egter nie heeltemal bevredig nie. Dit was maar 'n noodmaatreël.

b. Ds. D. Postma het in 1866 'n beroep na Burgersdorp aanvaar. Dit het daartoe gelei dat die *kerkraad van Burgersdorp* aangebied het om met behulp van die kerkverband 'n tweede leraar te beroep. Ds. Postma kon dan meer in besonder met die opleiding help. Die Sinode van 1869 het hierdie voorstel aanvaar, en daar is met alle mag gesoek na die nodige middele.

Hoewel die kerke klein en arm was, is daar geoffer. Die Republieke veral was in die dae baie arm. Die Kaapkolonie moes die grootste laste dra. Daar is egter in die geloof gewerk.

Die Teologiese Skool is in November 1869 in die buitegeboue van die pastorie op Burgersdorp begin, Dit was 'n merkwaardige geloofsdaad van die klein groepie Gereformeerdes. Dink daaraan dat die Kaapse N.G. Kerk, met die hele Kolonie agter hom, baie jare lank gewik en geweeg het en eers in 1859 die Kweekskool op Stellenbosch begin het. Terwyl die N.G. Kerk al die eiendomme besit het, hulle predikante deur die staat betaal is, moes die Gereformeerdes kerke bou, Pastorieë voorsien, hulle predikante versorg, ens. Slegs tien jaar na die herstigting is die Teologiese Skool geopen, met di. Postma en Jan Lion Cachet as dosente in Burgersdorp.

Dit toon ons hulle praktiese doelgerigtheid, offerbereidheid vir hulle geloof maar, bo alles, hulle geloofsvertroue!

Verag die dag van klein dinge nie. Hierdie beskeie begin het gegroei. Vandag staan in Potchefstroom 'n sterk Teologiese Skool en daarnaas die enigste universiteit in ons land wat op uitgesproke Christelike grondslag staan. Dit is gebore onder die seënende hand van die Here uit hierdie begin op Burgersdorp.

c. In 1876 het die Sinode besluit om 'n *voltydse teologiese professor* te beroep. Naas hom word 'n professor met minstens 'n B.A.-graad gestel om die *voorbereidende vakke* te doseer.

Vanselfsprekend moes die kandidate eers in die voorbereidende vakke opgelei word voordat hulle die teologie kan bestudeer.

Dit is dan hierdie *twee afdelings* onderskeidelik wat sou uitgroei tot die Teologiese Skool en die Universiteit. In die voorbereidende afdeling is, behalwe predikante, ook onderwysers opgelei.

Gedurende die Engelse Oorlog (1899—1902) het die Teologiese Skool moeilike jare deurgemaak. Die studente van die Republieke moes by die kommando's aansluit.

Aanvanklik het die professore en ander studente ambulanswerk op die veld verrig. Verskillende studente, onder wie die seun van prof. Cachet, het gesneuwel. In April 1900 is die skool heropen.

Prof. Jan Lion Cachet is in 1901 onder beskuldiging van hoogverraad gearresteer en moes ses weke in die tronk bly. Daarna is die saak teen hom teruggetrek en kon hy weer met sy werk voortgaan.

d. Net na die Engelse Oorlog het die Sinode in 1904 besluit om die *Teologiese Skool na Potchefstroom te verskuiwe.* In 1914 is die tweede teologiese professor benoem. In 1925 is 'n derde benoem. Tans arbei daar ses. So het die klein mosterdsaadjie gegroei en 'n boom geword.

Een van die bekendste kragte wat die Here aan die Teologiese Skool verleen het, was dr. J.D. du Toit (Totius), 'n bekende volksman, digter en gereformeerde teoloog. As een van die bekendste Afrikaanse Bybelvertalers sowel as berymer van die Afrikaanse Psalms sal sy naam in dankbare nagedagtenis ver buite die Gereformeerde Kerk bly leef. Die Here het in sy wysheid twee van die grootste Afrikanerseuns, Paul Kruger en Totius, uit die Gereformeerde Kerk aan die Afrikaanse volk gegee.

Deur die jare is 'n groot aantal predikante aan die Teologiese Skool opgelei. Uit die Teologiese Skool het daar 'n sterk gereformeerde invloed op die Suid-Afrikaanse akker uitgegaan. Studente van ander kerke het ook na Potchefstroom gekom om daar opgelei te word.

***2. Die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.***

Die Gereformeerdes het geglo, soos dit Calviniste betaam, dat daar geen botsing behoort te wees tussen die wetenskap en die teologie nie. Christus is Koning oor die hele gebied van die wetenskap. Alle wetenskap begin egter met sekere uitgangspunte, teorieë wat nie bewys kan word nie, maar geglo moet word.

So glo 'n Christen dat God bestaan, dat God die wêreld geskape het, dat die Bybel die Woord van God is. Dit kan nie bewys word nie. Die heiden glo miskien weer: die wêreld is nie geskape nie, maar het ontwikkel deur 'n ewolusieproses; God bestaan nie; die Bybel is nie waar nie, ens. Dit kan net so min bewys word. *Dit* is weer die *heidense geloof.*

Die Gereformeerdes het daarom tereg ingesien dat dit volkome wetenskaplik is om die wetenskap op 'n gelowige standpunt volgens die Skrif te beoefen. So het die voorbereidende deel van die Teologiese Skool (die onderwys in tale, wiskunde, filosofie ens.), gestadig uitgegroei tot 'n universiteitskollege met die beginsel van Christelike hoër onderwys.

As gevolg van die Wet op Hoër Onderwys van 1916 moes daar met die kollege 'n plan gemaak word. Die groot probleem was egter dat die landswet hom op *neutrale standpunt* gestel het. Dit het beteken dat 'n dosent se godsdienstige opvatting nie sy aanstelling mag beïnvloed nie.

Dit het vanaf 1921 'n lang stryd teen hierdie gewetensklousule ontlok. Die rektor van die P.U. vir C.H.O., prof. F. Postma, het egter onvermoeid gewerk. Baie min mense het simpatie gehad met die stryd en ideaal van die Gereformeerdes. Daar was dae toe die staat die P.U.K. wou sluit, omdat hulle vyandig was teen die ideaal van Skrifgelowige wetenskap. Daar is

dan gewys op die gebrekkige fasiliteite weens geldtekort.

Met swaar finansiële offers het die klein klompie Gereformeerdes die P.U.K. deur sy donker jare gedra. Die kroon op die arbeid is gespan toe die private wet van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in 1950 deur die parlement aanvaar is. Hierdie wet het die eertydse voorbereidende afdeling van die Teologiese Skool tot volwaardige universiteit verhef. Die besondere karakter, so mooi weerspieël in die leuse: "In U lig", is in die wet vasgelê. Die veragte aspoestertjie het 'n koningin geword!

Tussen hierdie Universiteit en die Gereformeerde Kerk bestaan 'n noue verband, feitlik die van moeder en dogter. Die Here het deur die Gereformeerde Kerk hierdie inrigting aan Suid-Afrika gegee. Wie sou die invloed van die inrigting deur sy personeel en oudstudente ooit kan bereken?

***3. Vrye Christelike skole.***

Tot aan die einde van die vorige eeu het baie min kinders ooit skole besoek. Hulle was op die plase, en in die Kolonie was die dorpskole Engelse staatskole.

Die Gereformeerdes het op grond van die doopbelofte ernstig in die onderwys belang gestel. Hulle was gekant teen die liberale staatskole. Tog het hulle dit ook nie as die uiteindelike taak van die kerk beskou (soos die Roomse) om kerkskole te stig nie. Die ouers moet op grond van hulle doopbelofte sorg vir die onderwys van hulle kinders. Die onderwyser tree in die plek van die ouer. Daarom moet die skool die gees en karakter van die huis adem. Gereformeerde Afrikaanse kinders moet dan in Christelik-nasionale skole onderrig word. In die Kaapkolonie is die skole in daardie tyd ook gebruik om die volk te verengels. Op die Victoria College (Stellenbosch) was alles feitlik uitsluitend Engels. Na die Driejarige Oorlog het lord Milner dieselfde beleid in Transvaal toegepas.

Onder leiding van die Gereformeerde Kerk is daar reeds in die vorige eeu en na die Oorlog, veral op die plase, vrye Christelike skole deur die ouers opgerig. Hierdie skole was gereformeerd, en die voertaal was Hollands. Dit was egter 'n proses van opstaan en val. Geldelike ondersteuning het ontbreek. Van die bekendste van hierdie skole was die C.N.O.-skool op Steynsburg en die Gimnasium op Potchefstroom.

Die gebrek aan geld het hierdie skole gaandeweg staatskole gemaak. Die normaalskool op Steynsburg, wat kostelike kragte vir die laer onderwys in Kaapland gelewer het, het ook deur 'n gebrek aan vérsiende offervaardigheid in 1949 gesluit.

Hoeveel ryker sou ons volk en kerk gewees het as ons vandag nog C.N.O.-skole gehad het wat die karakter en atmosfeer van die Christelike gereformeerde huis in sy hele wese geadem het!

In hierdie opsig wag daar miskien 'n groot taak op 'n jong en oortuigde gereformeerde nageslag!

***4. Slotsom.***

Die Here het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geseën, ver bo bidde en denke! As ons terugkyk op die geskiedenis van 'n eeu, is ons oorstelp vanweë die uitbreiding in getalle, kerke en invloed. 'n Eertydse kerkgemeenskappie het gegroei tot 'n invloedryke kerkverband in Suid-Afrika.

Die Gereformeerde Kerk kan egter alleen sy roeping en taak bly volbring as hy hom gedurig toets aan en hervorm na die Woord van God. 'n Lidmaat moet hom gedurig bekeer. So moet 'n gereformeerde kerk en 'n kerkverband wat gereformeerd wil wees, gedurig bly reformeer. Die leer, diens en tug van die Sinode van Dordrecht, 1618/1619, roep ons nog steeds op om alleen vir God en sy Woord te buig. Dit is ook vandag nog die roeping van die Here vir elke gereformeerde seun en dogter. So bewaar en vermeerder die Here sy kerk. Aan God alleen die eer.

***Literatuur:***
S. du Toit: *Kerkgeskiedenis,* hoofstukke 54—55. J. P. Jooste: *Die Geskiedenis van die Geref. Kerk in S.A.*, hoofstukke 6, 12, 15 en 16. G. C. P. v.d. Vyver: *Prof. D. Postma,* hoofstukke XII, XIV.

**VRAE:**
1. In watter vier stadiums verloop die geskiedenis van die Teologiese Skool?
2. Wat was die predikanteskole?
3. Hoe is die stigting van die Teologiese Skool voorberei?
4. Wanneer en waar is die Teologiese Skool gestig?
5. Waaraan sien ons die geloofsvertroue waarin dit geskied het?
6. Watter voorwaartse stap het die Sinode in 1876 gedoen?
7. Watter uitwerking het die Engelse Oorlog op die skool gehad?
8. Watter besluit het die Sinode in 1904 geneem?
9. Wie was Totius?
10. Wat is die Skrifgelowige uitgangspunt by wetenskapsbeoefening?
11. Is dit onwetenskaplik om met geloof te begin?
12. Wat was die stryd teen die gewetensklousule ?
13. Watter belangrike wet is in 1950 deur die parlement aanvaar?
14. Wat is Christelik-nasionale onderwys?
15. Waarom het die vrye Christelike skole staatskole geword?
16. Wat is die enigste weg waarlangs die Gereformeerde Kerk en elke seun en dogter die roeping van die Here kan volbring?

# DEEL III

# DIE SEKTEWESE

# Hoofstuk XXIV
# KERK EN SEKTE

***1. Inleiding.***

Op die aarde is daar 'n *strydende* kerk. Dit stry na buite teen die werke van Satan, maar dit stry ook na binne teen die sonde. Die oorwinnende (volmaakte) kerk is in die hemel by Christus. Ons kan *nooit* die strydende kerk meet aan die mense wat in die kerk is nie. Baie is geroep, maar min uitverkies (Matth. 22:14). Op aarde is nog onkruid tussen die koring (Matth. 5:12). Die meeste sektes wil al hier op aarde die "ware" gelowiges van die skyngelowiges (kerkmense) skei. Dit plaas 'n mens voor 'n groot verwarring. Ons moet dus met die Woord van God begin, omdat dit *objektief* is. Dit is nie 'n Boek wat hierdie of daardie kerk vir homself opgestel het nie. Dit staan buite en bo alle feilbare mensewerke, omdat dit deur die Heilige Gees geïnspireer is. As ons die Bybel gebruik, moet ons nie net hier of daar 'n teks gryp nie, maar ons moet met die hele Bybel as die Godsopenbaring werk. Ons moet teks met teks en Skrif met Skrif vergelyk. Dit doen die sektes nie, maar elke ketter het net sy letter.

Die Bybel leer ons dan in Handelinge 2 dat die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort is om by die kerk te woon. Dit was 'n groot wonder wat nie weer herhaal is nie. Sommige sektes wil dit gedurig herhaal sien.

Die eerste gemeente staan eers onder die direkte leiding en regering van die apostels wat Jesus aangestel het (Hand. 2 tot 6). As die werk te veel word, word diakens gekies (Hand. 6); en wanneer die apostels vertrek, word aan die ouderlinge opgedra om die gemeente te lei (Hand. 20).

In Efesiërs 2:20 word aan die apostels *'n besondere plek* naas die hoeksteen, Jesus Christus, gegee, omdat hulle die evangelie nie van die mens ontvang het nie (Gal. 1:15 e.v.). Die apostels was *buitengewone* ampsdraers om die fondament op die hoeksteen te lê. Daarna bou *gewone* ampsdraers op hierdie fondament. Daarom glo ons nie dat die Here met openbaringe aan latere mense hierdie fondament sal verander nie. Dit is 'n belangrike verweer teenoor dié sektes wat hulle op spesiale openbaringe en gesigte van die Here beroep en 'n sektestigter het wat weer 'n buitengewone apostel moet wees.

***2. Die kerk rus op volgende pilare.***

a. *Daar is 'n samehang tussen die heilige algemene Christelike kerk of Liggaam van Christus* (die kerk soos God dit ken) *en die plaaslike kerk op 'n bepaalde tyd en plek.* Afgesien van verskille en verdeeldhede in kerkorganisasie is daar in Christus 'n dieper eenheid tussen alle ware gelowiges. Daarom kan kerke wat van mekaar verskil, nog in sake soos Bybelvertaling, sondebestryding ens. met mekaar saamwerk. Die sektes is egter individualisties en hou hulle net met hulle eie beweging besig. Hulle beleid is afsondering.

b. *Die kerk rus op die geskrewe Woord van God.* Die Woord word verklaar en toegepas (verkondig) in die kerk. Die kerk kom ook deur die Woord onder leiding van die Heilige Gees tot *belydenis.* Die Bybel spreek in elke boek en elke hoofstuk oor sonde en genade, verlossing, heiligmaking en baie ander dinge. Die kerk ondersoek die Bybel en vat in sy belydenis die leer van die Bybel saam. Dit is die leer van die kerk (II Tim. 3:14 e.v.). Die Bybel bly die hoogste appèlregter. Dit sny dus alle persoonlike willekeur (individualisme) en persoonlike insigte (subjektivisme) in die wortel af. Die meeste sektes maak egter

aanspraak op 'n inwendige lig wat net hulle ontvang het.  Daarom is hulle subjektief.

c. *Die kerk rus op die sakrament:* Die Doop en Nagmaal is tekens en seëls wat op die Woord rus.  Dit verduidelik en beseël alleen die Woord van genade.  Vir baie sektes is die sakramente towermiddels wat self die wonder van verlossing bewerkstellig.

d. *Die kerk rus op die amp:* Omdat alles in die kerk ordelik *moet* geskied (I Kor. 14:40), kan nie maar elkeen wat wil of so voel, begin preek of begin tug of begin geld insamel en uitdeel nie.  Die tug moet die kerk beskerm.  Die voorgangers moet verkies word deur die gemeente en daarna in die amp bevestig word (Hand. 14:23).  Die sektestigters is gewoonlik selfaangestelde persone wat hulle beroep op 'n spesiale openbaring van die Here, waarvan hulle alleen weet.

e. *Die kerk bestaan op grond van die wil van God.*  Dit is nie die wil van Petrus of Paulus of Luther of Calvyn dat die kerk moet bestaan nie.  Die Drie-enige God vergader, beskerm, regeer en onderbou sy Kerk.  Die sektes stig self hulle groepe en het nie 'n deurlopende geskiedenis nie.

f. *Die kerk is geroepe tot volmaaktheid in Christus,* maar dit kan nie op aarde bereik word nie.  Nogtans is die gelowige heilig, omdat God hom in die bloed van Jesus aansien.  Die sondaar kan dus nie in sy eie voortreflikheid roem nie, maar alleen in die groot genade van God.  Dit maak die ware gelowige klein (soos 'n kind) en God groot!

Die kerk sê nie dat net goeie mense daaraan behoort nie, maar dit sê dat dit 'n wonderbaar goeie God is wat die gelowiges eer!  *Die strydende kerk is dus 'n vergadering van gelowiges wat in God glo, Hom elke dag op alle terreine van die lewe wil eer en dien en al hulle heil van Hom verwag.*

Die meeste sektes (en selfs godsdienstige strominge soos die Vrymesselaars) het 'n meerderwaardigheidshouding en maak daarop aanspraak dat hulle in voortreflikheid, goeie werke, ervaring of belewing baie beter as die kerkmense is.  Die meeste sektes konsentreer net op hulle samekomste (eredienste) en meen dat die genade van God net daar in hulle sektehoekie skyn.  Waar die kerk streef om die eer van God ook op sosiale, politieke en kulturele gebied te dien, ag baie sektes hierdie dinge en die gewone daaglikse lewe benede hulle waardigheid.

***3. Waarop rus die sektes dan?***

a. Die *sektes rus op die mens.* Daar is gewoonlik 'n wonderlike stigter, wie se woord naas en bo die Bybel gestel word, asof hy iets besonders was (Hand. 5:36 e.v.).  Verder spog die meeste (selfs die Vrymesselaars) met hulle eie voor treflikheid.  Hulle is soveel beter as die kerkmense.  Daarom is hulle selftevrede (individualisties) en oordeel na hartelus op grond van hulle eie inwendige lig (subjektief), selfs oor die hart van ander mense.

b. *Elke sekte het 'n plus.*  Elke sekte stel hom in wese bo die Skrif en vind uit 'n paar tekste vir hom 'n ekstra *iets.*  Soos die *Judaïste* in die tyd van Paulus gesê het *Christus plus die onderhouding van die Wet van Moses is gelyk aan die verlossing,* so sê die moderne sektes Christus plus volwassedoop en onderdompeling (Wederdopers) òf plus onderhouding van die sewende dag (Sabbatariërs) òf plus my goeie werke (die "Christen"-Vrymesselaar) is gelyk aan my verlossing. (In 'n sekere sin is 'n godsdienstige stroming soos Vrymesselary ook 'n sekte.)

Die Bybel leer *Christus plus NIKS* = verlossing. By die sektes word dit *Niks plus* hulle *IETS* = verlossing,

c. *Die sekte is* 'n *siekteverskynsel op godsdienstige gebied.* Daar kan dikwels sielkundige afwykings en sielsversteuringe aangewys word wat die sektestigter en sy volgelinge beweeg om af te skei. Soms gee die verval in die kerk aanleiding tot sektevorming. Hulle het 'n grief teen die kerk, omdat hulle minderwaardig geraak het of omdat hulle seergemaak is of omdat hulle teleurgesteld is. Sommige is hoog gespanne en dwepers en kon nie in die kerk uiting gee aan hulle abnormale gevoelens nie. Hulle gryp dus in die gejaagde lewe *na* 'n *abnormale godsdiens waar hulle opgewonde kan sing,* luidrugtig kan preek, hande kan klap, sensasionele dinge soos gebedsgenesing, talespraak en Geesontvangenis kan belewe. Hulle verkleineer dan die gewone kerklike bediening, sakramente, ampte, arbeid, belydenis, opleiding van predikante, ens. Hulle soek *buitengewone* dinge en *sensasie,*

d. *Die krag van die sekte is sy aanval op die kerk.* As daar nie 'n kerk was nie, sou daar ook geen sekte gewees het nie, 'n Mens moes verwag het dat daar eers oor een of ander punt van die belydenis gepraat en geworstel sou word voordat 'n ander kerk gestig word. So ontstaan verskillende kerke. Maar met die sektes is dit anders. Die sektariër breek sommer dadelik van die kerk weg en maak 'n lang lys van aanklagte teen die kerk. Hulle soek nie hervorming van die kerk ter wille van die waarheid nie, maar afsplintering. Hulle gryp net 'n stukkie van die ou waarheid aan of formuleer 'n nuwe dwaalleer. Hulle is anti-kerk, anti-predikant, anti-belydenis, anti-teologie.

Deur willekeurige verbinding van tekste kan hulle dan die uitverkiesing, die verbond van God, die wese van die kerk, die Drie-eenheid, die vleeswording van Jesus Christus, die kinderdoop ens. verwerp. Elke sekte het dan sy kenmerkende *iets.* Met die lys van griewe teen die kerk en hulle besondere *iets* gaan die sektestigters dan uit om volgelinge te werf. Hulle roep dan ook nie in die eerste plek: "Bekeer jou tot God" nie, maar: "Bekeer jou tot ons sekte, en jy sal gered word".

***Literatuur:***

S. P. v.d. Walt: *Dwaling en waarheid,* hfst. I. J. J. Müller: *Die Christelike sektewese.*

**VRAE:**

1. Wat is die strydende en oorwinnende kerk?
2. Wat beoog die meeste sektes met hulle organisasie?
3. Hoekom is die Bybel objektief, en hoe moet ons dit gebruik?
4. Wat leer die Bybel oor die Pinksterwonder?
5. Wat leer die Bybel oor die buitengewone en gewone ampte in die kerk?
6. Waarom kan verskillende kerke nog in sake saamwerk, maar sektes nie?
7. Hoe rus die kerk op die Bybel? Waarop beroep die meeste sektes hulle naas die Bybel?
8. Hoe rus die kerk op die sakrament? Is dit vir die sektes ook net tekens en seëls van genade?
9. Hoe rus die kerk op die amp, en waar kom *die* sektestigter vandaan?
10. Hoe kom die kerk en hoe kom sektes tot stand?
11. Hoe streef die kerk na volmaaktheid, en hoe kom hy sy roeping na?
12. Waar soek die sekte die volmaaktheid, en hoe vind hulle dit?
13. Hoe rus die sekte op die mens?

14. Hoe rus 'n sekte op sy eie *plus?*
15. Hoekom is die sekte 'n siekteverskynsel op godsdienstige gebied?
16. Wat is die krag van die sekte?
17. Hoe soek die sekte sy afsondering, en hoekom is dit nie hervorming van die kerk nie?

# Hoofstuk XXV
# SEKTES WAT DIE APOSTELAMP OORSKAT

***1. Inleiding:***

*Apostel* beteken iemand wat *gestuur* is. Die twaalf apostels behoort by die fondament van die kerk van die Nuwe Testament (Ef. 2:20), en van hulle het ons die Nuwe-Testamentiese boeke ontvang. Die simboliese getal *twaalf* het waarde vir die Ou Testament (12 stamme) en vir die Nuwe Testament (12 apostels). Na die dood van Judas Iskariot het die dissipels Matthias gekies, maar die Here het Paulus feitlik "ontydig" apostel gemaak (I Kor. 15:8; Gal. 1:16). Die roeping tot apostels het gerus op die *verskyning van die Here* en dra dus 'n besondere karakter. Dit was net *een maal* of *eenmalig.* Na die marteldood van die apostel Jakobus (of enige ander apostel) lees ons nie dat daar weer 'n opvolger gekies is nie.

Die Roomse Kerk het egter in die 8ste eeu begin met die valse leer dat Petrus die aardse stedehouer van Christus was en dat die pous nog altyd sy opvolger is. Verskillende sektes oordryf die apostelskap van hulle leiers net soos die Roomse Kerk. Die volgelinge moet maar net volg.

Die Bybel, daarenteen, roep juis die Christen op om profeet, priester en koning te wees (Heid. Kat., vr. 6, 32, 54, 55). Die apostels het die gemeente gebruik om versorgers en regeerders te kies (Hand. 6:3—6; 14:23) en die leer vas te stel (Hand. 15:4, 22). Nie die menslike ampsdraers nie maar Jesus Christus is die Hoof van sy kerk.

***2. Die Twaalf Apostelsekte of die Nuwe Apostoliese Gemeente.***

***a. Die geskiedenis.***

In 1826 het 'n ryk Engelse bankier, Drummond, mense om hom saamgetrek wat die Anglikaanse Kerk as 'n Babilon beskou het en die wederkoms van Christus spoedig verwag het. Hulle het die dienste van 'n Skotse predikant, Edward Irving, verkry. Hy het voorspel dat die wederkoms in 1864 sou plaasvind. Volgens hulle moet daar vier ampte in die kerk wees: apostels, profete, evangeliste en herder-leraars. Irving en Drummond is as *engele* beskou. Na die dood van Irving in 1834 is begin om twaalf apostels te benoem om die 144,000 verseëldes te versamel. Na heelwat verwarring omdat die wederkoms uitbly, het *Krebs* die leier geword. Hy het net soos die pous banvloeke uitgespreek. Hy is opgevolg deur *Niehaus.* Toe is die hoofkwartier na Duitsland verskuiwe, en in 1903 het Duitse immigrante die sekte onder *Klibbe* ook na Suid-Afrika gebring. Dit is nie baie talryk nie, maar tel in Suid-Afrika die tweede meeste lede in die wêreld.

***b. Die leer van, die sekte.***

***(i) Aangaande God.***

Christus is 'n mens met erfsonde, en daarom word die verlossing bewerkstellig deur die apostels en boodskappers. Hy leef eintlik in die apostels. So vergoddellik hulle die apostelamp. Die apostels stort die Heilige Gees in hulle volgelinge uit. Die tyd van die Vader is met die Ou Testament en dié van die Seun met die Hemelvaart verby. Nou is dit die tyd van die Gees, wat sigbaar word in die apostels wat nou lewe.

*Kritiek:* As Jesus vol sonde is, kan Hy nie 'n middelaar wees wat versoening bewerkstellig nie. So loën hulle die kruis en vergoddelik hulle hul selfaangestelde apostels. Hulle is in wese anti-Christelik en stel hulle in die plek van God.

***(ii) Aangaande die Skrif.***
Die Bybel was op sy tyd God se Woord, maar is nou net 'n oorkonde. Die openbaring van God kom vandag uit die mond van die apostels. Die letter maak dood, en die Gees maak lewendig.

*Kritiek:* Hulle ontleen hulle grondgedagte, die *apostelaat*, uit die Skrif, maar daarna verwerp hulle die Skrif. Hulle is *dubbelslagtig.* Die apostels van die Bybel getuig van 'n Jesus wat hulle gesien het, maar die selfaangestelde apostels getuig van hulleself. Let op die woorde van 2 Petrus 1:16, 19. Teenoor die *objektiewe* getuienis van die Woord stel die sekte die *subjektiewe* inwendige lig van elke apostel en hierop vestig hy die magsgreep oor sy volgelinge. Dit gaan nog verder as die Roomse onfeilbaarheid van die pous.

***(iii) Aangaande die sakramente.***
Die sekte aanvaar soos die Roomse Kerk dat die water by die Doop na genadewater en die brood en wyn by die Nagmaal na die liggaam en bloed van Christus verander. Net soos by Rome moet die apostels die verlossing met die sakramente bewerkstellig. Die water by die Doop bewerk die vergifnis van sonde. Na 1847 het die sekte 'n derde sakrament, naamlik die *verseëling* of *Geestesdoop* deur die handoplegging van die apostels, ingevoer. Dit stem baie ooreen met die Roomse *konfirmasie.* Hulle het ook 'n dodeverseëling of doop vir die dode op grond van 1 Korinthiërs 15:29.

*Kritiek:* Sondag 26 tot 30 van die Kategismus teken die Roomse sakramentsbeskouing as 'n vervloekte afgodery. Die opvatting grens aan *towery.* 'n Sakrament is tog 'n teken en versekering van iets anders. (vgl. Heid. Kat., vr. 66). Sodra die sakrament egter self die verlossing bewerkstellig, is dit nie meer 'n sakrament nie maar 'n towermiddel. In 1 Korinthiërs 15:29 verwys Paulus net na 'n gebruik in sekere kringe om aan te toon dat selfs daar 'n geloof in die opstanding bestaan. Hy skryf nie so 'n bygeloof voor nie.

***3. Die Mormone.***
***a. Die geshiedenis.***
Hierdie sekte se aantrekkingskrag is die wonderlike geskiedenis, die hoogstaande sedelikheid en die magtige deursettingsvermoë waarop geroem word.

Die Mormone vertel dat *Joseph Smith,* 'n arm en ongeleerde seun, in 1820 gebid het om lig en wysheid. Twee gestaltes sou aan hom verskyn het en teenoor hom die woorde van Mattheüs 3:17 gebesig het. Daar sou hy verneem het dat alle kerke vals is. In 1823 sou 'n Boodskapper van God hom na 'n plek gestuur het waar die ewige evangelie op goue plate geskryf is. Hy sou 'n profetebril ontvang het om dit te lees. Teen 1830 het hy die *Boek van Mormon* gereed gehad. In die boek word vertel hoe Amerika na die toringbou van Babel bevolk is. Dit wil nie teen die Bybel ingaan nie, maar die Bybel sogenaamd verklaar. Smith het ook nog ander openbaringe ontvang en ander boeke geskrywe. Hy het hom as 'n priester volgens die orde van Melgisedek beskou.

Hy is opgevolg deur 'n jong man *Brigham Young,* 'n goeie leier maar iemand wat 28 vroue gehad het. Vanweë die vervolging het hy in 1847 met 'n aantal volgelinge 'n groot kerkstad Salt Lake City, by die Soutseemeer van Utah aangelê. Die sekte word onderhou deur tiendes, en jaarliks gaan jongmanne daarvandaan uit om twee-twee oor die hele wêreld evangelisasiewerk te doen. Die sekte is dus ook bekend as die "Two by two's".

***b. Die leer van die Mormone.***

***(i) Aangaande die Skrif en ander openbaringe.***
Die Bybel word net so ver aanvaar as wat dit volgens die sekte *reg vertaal is.* Naas die Bybel word die drie boeke van Smith vir Goddelike openbaring gehou. Hulle geloofsbelydenis probeer om die Bybel met die openbaringe van Smith in harmonie te bring. Die groot Priester in Salt Lake City en sy opvolgers beklee 'n almagtige amp in die sekte. Hy is beklee met die mag van God en sy Woord.

*Kritiek:* Die subjektiewe, onbewese en ongekontroleerde openbaringe van die sektestigter heers oor hulle opvattings. Ons verwerp dit op dieselfde gronde as wat hierbo by die Apostelsekte aangetoon is.

***(ii) Aangaande die geloofsbelydenis.***
Die Mormone glo nie in die Drie-eenheid nie maar in die Vader en die Seun en die Heilige Gees, d.w.s. in drie gode. Hulle bely persoonlike sonde maar verwerp erfsonde. Sonde word vergewe deur gehoorsaamheid as daar maar net geloof, bekering, onderdompelingsdoop en oplegging van hande tot 'n Geestesdoop is. Hulle opvatting van die Doop en 'n doop van lewendes vir ontslapenes is ongeveer dieselfde as die van die Apostelsekte. Die gawe van die Gees deur die handoplegging van die almagtige priester skenk die vermoë om tale te praat, duiwels uit te dryf, te profeteer en gesond te maak.

*Kritiek:* 'n Mens sal omtrent alles moet sê wat die Skrif omtrent die uitverkiesing, die verbond, die bekering, die heilsorde, erfsonde, die sakramente ensovoorts leer. Dit is in werklikheid 'n selfverlossingsevangelie.

***(iii) Aangaande die kerk en ampsdraers.***
Die Mormone handhaaf ook allerlei ampte, soos apostels, profete, evangeliste, herders, hoëpriesters, sewentigers, oudstes, biskoppe, priesters, leraars en bedienaars. Omdat die kerk dit laat val het, so sê hulle, kan hy nie meer profeteer, genees en tale praat of uitlê nie. Die ampte is van hoër tot laer ingedeel.

*Kritiek:* Dit is dieselfde dwaling as die van die Apostel-sekte en die Roomse hiërargie. Die *eenmalige* wonder van die Pinksterdag word nog steeds nagestreef (vgl. 1 Kor. 14:19).

***(iv) Algemene leerstellings.***
Die Mormone verleen vryheid van godsdiens, bely gehoorsaamheid aan die landswette en dring aan op 'n opregte en kuise lewe. Hulle leer egter dat elke planeet sy eie gode het. God het nie die mens geskape nie, maar Migael het 'n gestalte aangeneem en is toe Adam genoem.

Die Mormoonse vrou kan nie salig word as sy nie getroud is nie. Hulle beskou hulle as die heilige kerk van die laaste dae.

*Slotsom:* Die Mormone is 'n anti-Christelike sekte waarin die mens vereer word. God heers nie met sy Woord oor die sekte nie. Allerlei menslike versinsels neem die plek van die waarheid in.

***Literatuur:***
S. P. v.d. Walt: *Dwaling en waarheid,* hfst. 2.

**VRAE:**

1. Wat leer die Bybel omtrent die twaalf apostels?
2. Watter Roomse dwaling het by die Twaalf Apostelsekte en Mormone navolging gevind?
3. Is die gemeente in die Bybel net volgelinge of leke?
4. Waar kom die Twaalf Apostelsekte in Suid-Afrika vandaan?
5. Hoe vergoddelik hulle die apostelamp? Waarop kom dit neer?
6. Wat leer hulle omtrent die Bybel en die woorde van hulle apostels?
7. Hoekom is hierdie opvatting dubbelslagtig en subjektief?
8. Wat leer hulle oor die sakramente?
9. Waarom is dit eintlik nie meer sakramente nie?
10. Wat sê die Mormone van hulle stigter, Joseph Smith?
11. Tot watter prestasie het Young die Mormone gelei?
12. Hoe aanvaar die Mormone die Bybel, en waarom is dit subjektief?
13. Wat glo die Mormone oor die Drie-eenheid, die vergewing van sonde en die Geestesdoop?
14. Wat glo hulle van die hoëpriester en die ampte, en met wie se opvattings kom hulle nogal ooreen?
15. Is die Mormone 'n Christelike sekte?

# Hoofstuk XXVI
# SEKTES WAT DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS OORDRYF

***1. Inleiding.***

Die gelowige moet ook in die toekomstige dinge belangstel. Soms verwaarloos sommige kerke die Bybelboeke soos Esegiël, Daniël, Thessalonicense en Openbaring, en dan kom sektes na vore wat met die toekomstige dinge spekuleer. Dit is geheimsinnig en trek baie mense aan. Die wilde teorieë oor die wederkoms en sensasie laat die mense vrye teuels aan hulle verbeelding gee. Hulle hou van senuspanning in die godsdiens.

***2. Die Sewendedagse-Adventiste of die Sabbatariërs.***

***a. Die geskiedenis.***

William Miller (1782—1849) van Amerika het uit Baptistiese agtergrond (voorstanders van grootdoop) gestam en hom beywer om die datum van Christus se wederkoms te bereken. Hy het dit op grond van die getalle in die boeke Daniël en Openbaring op 21 Maart 1843 gestel. Sy volgelinge het tevergeefs wit klere gekoop en hulle gereed gemaak. Toe is die datum na Oktober 1844 verskuiwe.

In hierdie stadium het mev. Ellen White verklaar dat sy 'n openbaring ontvang het dat Christus nie gekom het nie, omdat die kerk nie meer die Sewende dag nie, maar die eerste dag van die week as Sabbat hou. Nou gaan dit nie meer in die eerste plek om God of Christus nie, maar om die sewende dag. Die naam van elkeen wat die dag verontagsaam, sal uitgewis word uit die boek van die lewe..

Die sekte is baie aktief en gee 'n tydskrif *Die wagter (Sentinel)* uit.

***b. Die leer van die Sabbatariërs.***

Die sekte gee voor dat hulle nie 'n geloofsbelydenis het nie, maar net die Bybel aanvaar. Die boeke van Miller en White word egter as onfeilbare verklarings erken. Hulle glo die siele slaap tot die dag van die weeropstanding. Daar is nie 'n verderf nie. Die doop mag net aan volwassenes en met onderdompeling bedien word. Hulle godsdiens dra 'n sterk Ou-Testamenüese karakter. Met die onderhouding van Saterdag as Sabbat staan of val die sekte. Daar is voetewassing voor nagmaal, sekere vastye, die tiendes is offers. Daar mag nie alkohol, tabak, varkvleis ens. gebruik word nie. Godsdiens en gesondheid staan in nou verband met mekaar en daarom is baie lede vegetariërs. Met hulle finansiële krag beywer hulle hul ook om filantropiese en maatskaplike opheffingswerk te doen.

*Kritiek:* Dit is opvallend hoe maer hulle evangelie is. *Hulle gryp net* 'n paar lieflingsdenkbeelde vas. Dit word met 'n paar tekste bewys. Hulle vermink die Bybel om hulle leer te regverdig.

Die huidige kalender is iets heeltemal anders as die vroeëre kalenders. Saterdag val dus nie meer vandag op dieselfde dag as vroeër nie. Hulle sien ook nie raak dat God nie letterslawe nie, maar aanbidding in gees en waarheid begeer (Joh. 4:23). Hulle verswyg ook die dankbare eerbiediging van die opstandingsdag in die Nuwe Testament (Matth. 28:1; Joh. 20:19, 26; Hand. 20:7; Rom. 14:5; I Kor. 16:2; Openb. 1:10; Rom. 14:5). Dit gaan nie om 'n dag nie, maar om Christus. Ons sou alles kan afhandel deur na Galasiërs 5:1 te verwys. Verder vertoon hulle geloof oor die Drie-eenheid, die Skrifverwaarlosing, die doop ens.

tipiese kenmerke wat by baie sektes voorkom.

***3. Die Jehovagetuies, Russelliete of Bybelstudente.***

***a. Geskiedenis.***

'n Amerikaanse handelaar Charles Russell (1852—1916) het hom besig gehou met die wederkoms en wou uit die Bybel vasstel wat die plan van God met die wêreld is. In 1875 het hy sy eerste boek en later sewe Skrifstudies en gereeld 'n tydskrif, *Die wagtoring,* asook allerlei traktate uitgegee. Vir sy propaganda gebruik hy die mag van die geskrewe woord. Vir hom is daar niks verborge in die Bybel of Raad van God nie. Hy gee voor dat hy alles weet.

Na sy dood het regter Rutherford hom opgevolg en voortgegaan om die magtige propaganda vir die sekte te publiseer. Eers was hulle as Russelliete, toe as Bybelstudente en sedert 1931 as Jehovagetuies bekend. In werklikheid is hulle Rutherfordgetuies.

Hierdie sekte is besonder aanvallend. Hulle dring in enige huis in en dien hulle as gesante van God aan by enigiemand wat na hulle dwaashede wil luister. Hulle is felle vyande van die kerk, godsdiens en alle teoloë of predikante. Eintlik eerbiedig hulle ook geen vaderland of staatsgesag nie. Hulle behoort tot 'n ander wêreld. Daarom is hulle vyande van godsdiens, politiek en handel, wat alles by Armageddon vernietig sal word. Die hart van die evangelie: die versoening deur die Kruis van Christus, sny hulle uit. Hulle wilde spekulasies en eindelose herhalings bevat omtrent alle moontlike ketterse dwalings. Hulle gee voor dat hulle mense met hulle lewenskyk wil gelukkig maak.

***b. Die leer van die Russelliete.***

*(i) Die plan van God met die mense* sou aan Russell geopenbaar gewees het. Daar is drie tydperke in die geskiedenis: voor die sondvloed, die teenswoordige en die toekomstige wêreld. Die toekomstige wêreld het egter in 1914 met die Duisendjarige Ryk begin. Daar is drie klasse mense: (a) die Bruidskerk of "klein kuddetjie" (Jehovagetuies), wat betyds die kerk (die ontugtige vrou van Babilon en werktuig van Satan) verlaat het; (b) die mense wat hulle nog in die Duisendjarige Ryk (dit is nou) tot Jehovagetuies kan bekeer, en (c) die onbekeerdes, wat vir ewig in 'n sagte dood wegsterf.

(ii) Die *leer oor die Seun:* Christus is eerste geskape en het toe sy geestelike natuur verander om as Migael na die aarde te kom. Met sy dood is die menslike eienskappe vernietig, en God het sy liggaam laat verdwyn. As beloning het Hy die onsterflikheid ontvang.

(iii) *Die leer oor die Heilige Gees:* Dit is net 'n krag wat van God uitgaan en nie 'n Persoon in die Drie-eenheid nie. Die Drie-eenheid word as "onsin" van die "naamkerk" bestempel om die mense van Jehova af te trek. Jehova is alleen God. Tog leer hulle dat die Bruidskerk (Jehovagetuies) eendag saam met God sal heers en dus ook gode sal wees.

(iv) *Die leer oor die Skrif:* Die verklarings van die sekteleiers, Russell en Rutherford, word as onfeilbaar beskou.

Hulle haal lang gedeeltes uit die Bybel aan, maar alles wat 'n ander verklaarder sê, word met ergernis as iets bloot mensliks verwerp. God verklaar vir hulle sy Woord in *Die Wagtoring, en* God verdoem die kerk deur sy Getuies.

Die Skrif word net gebruik om een enkele feit tuis te bring, naamlik die aanstaande heilsryk,

die wederkoms van Christus.

Die piramide van Gizeh is vir hulle 'n bybel in klip, en aan elke trap, gang en kamer word sinnebeelde van die evangelie ontdek.

(v) *Diê leer oor die heilsweg: Sonde* is vir Russell net 'n tekortkoming. Hy sien dit nie as aanranding van God se majesteit wat straf verdien nie. Gevolglik ken hy geen skuldbesef, berou en verlossing nie. Daarmee gee hy dan ook Christus prys. Hy leer dan ook dat die Bruidskerk (Jehova-getuies) die werk van Christus moet aanvul met hulle toewyding en lyding (vgl. Heid. Kat, vraag 30). Waar die Bybel gedurig oor die *geregtigheid* en die *regverdigmaking* deur die geloof spreek, moet die Russelliete dit vermy, want hulle ontken die dood as straf en die hel as plek waar God se geregtigheid uitgeoefen word. Daarom kan hulle ook nie die ander kernwaarhede soos *barmhartigheid* en *genade* verstaan nie. Hulle kan ook met die Bybelse leer oor die *uitverkiesing* niks maak nie, want dan sou hulle ook die *verwerping* moet toestem. Dit bots *met* hulle leer van die ewige sagte dood vir die mense wat nie aan Russell glo nie. Ook *vergiffenis van sonde* bestaan vir hulle feitlik nie, want dit veronderstel rekenskap en genoegdoening van Christus.

(vi) *Die leer oor die mens:* Die Russelliete glo nie dat die mens 'n onsterflike siel besit nie. Die mens is die hoogste dier. Die siel slaap in die graf. Net die mense wat die leer van Russell aanvaar, sal uit die dode opstaan. Daar is dus 'n voorwaardelike onsterflikheid.

***c. Kritiek op die Russelliete.***
Hierdie sekte is half-Bybels, halfgodsdienstig, halfkerklik en daarom in sy halfslagtigheid so gevaarlik. As Jesus 'n skepsel was, soos hulle sê, is aanbidding van Hom skepselvergoding. As Hy nie vlees geword het soos die Bybel leer nie (Joh. 1:1—3, 14; Filipp. 2:6—11, en.), is die bodem van alle Skrifgeloof verlore. Dit is onmoontlik om die ryke Skrifopenbaring oor die Drie-eenheid, die skepping, die sondeval, die Middelaarskap van Christus, die verlossing, die kerk, die strydende en oorwinnende kerk, die opstanding en die wederkoms van Christus hier teen die dwalinge van die sekte op te werp.

Hulle krag is hulle haat teen die kerk en predikante. Hulle opvattings is bybelagtige verbeeldingsvlugte wat net onderskryf kan word deur mense wat Russell en Rutherford vergoddelik. Hierdie sekte is in sy "wese anti-Christelik en daarom so geweldig venynig in sy aanvalle op *die* kerk en suiwere godsdiens.

***Literatuur:***
S. P. v.d. Walt: *Dwaling en waarheid,* hfst. III.

**VRAE:**
1. Waarom trek sommige sektes mense met hulle leerstellings oor die wederkoms aan?
2. Wat het William Miller van Amerika geleer?
3. Watter verklaring het mev. Ellen White gegee?
4. Wat aanvaar die Sabbatariërs naas die Bybel?
5. Wat glo hulle van die dood?
6. Watter karakter dra hulle godsdiens? Hoe leef hulle dit prakties uit?
7. Hoe beoordeel u die Sabbatariërs?
8. Waar kom die Jehovagetuies vandaan, en watter propagandamiddel gebruik hulle?
9. Hoe tree hierdie "getuies" op?
10. Watter drie tydperke ken hulle in die geskiedenis?

11. Wat glo hulle van Christus?
12. Wat glo hulle van die Drie-eenheid?
13. Hoe gebruik hulle die Bybel, en wat verklaar dit vir hulle?
14. Hoekom gee hulle Christus feitlik prys?
15. Wat glo hulle van die mens en die onsterflikheid ?
16. Hoe beoordeel u die Russelliete of Jehovagetuies?

# Hoofstuk XXVII
# PERFEKSIONISTIESE SEKTES

***1. Die Perfeksionisme.***

Die Perfeksionisme (vgl. Engels: *perfect)* maak aanspraak op *volmaaktheid.* Hulle sekte is die volmaakte "kerk", en hulle lede word volmaak vervul van die Heilige Gees. Dit is eintlik 'n besondere prestasie van die sekteaanhanger, omdat hy hom so volkome kan oorgee. Hierdie Geesteskinders leef nog tussen sondaars maar het self nie meer sonde nie. In hulle eie oë is hulle ver bo die ander dinge en mense in die wêreld verhewe.

Hoewel hierdie sektes vol kritiek teen die kerk is, wil hulle self graag "kerk" genoem word. Die daaglikse lewe, die skool, die politiek ens. interesseer hulle nie.

Hulle samekomste is die enigste werkplek van die *Heilige* Gees.

Hulle erken dat die mens deur die geloof in die kruis van Christus geregverdig word, maar hulle, verskuif die nadruk dadelik van wat God doen, na die inisiatief wat die mens neem. Die Metodisme en hierdie sektes kom naby aan mekaar te staan. Hulle sê ook dat 'n mens aangeneem word wanneer jy self besluit het om jou aan die Here oor te gee. So verskuif hulle die aksent van God na die mens. Waar die Metodisme van die doop 'n blote "naam-gee" gemaak het, loën die sekte nou die kinderdoop, want 'n kindjie kan nog nie besluite neem en self aan sy verlossing werk nie. Daarom handhaaf hulle net die doop van volwassenes en vra: "Het jy jou al groot laat doop?" Genade is vir hulle nie 'n gawe wat God verniet gee nie, maar 'n antwoord van God op die versoek van 'n bekeerde mens. Alles hang dus van die mens se ervaring, belewing, gebed en toewyding af. So glo hulle dat sekere pastore so volmaak en vol van die Heilige Gees is dat God nie anders kan as om hulle gebede te gehoorsaam nie.

Met allerlei emosionele opsweping en senuweespanning word in die eredienste gepoog om hierdie aktiwiteit, ervaring, belewing en toewyding by die lidmate op te roep. Dit is 'n geesdrywery om die mense met die Gees te vervul.

***2. Die Apostoliese Geloofsending.***

***a. Sy geskiedenis***

Reeds in die dae van die Kerkhervorming was daar Anabaptistiese sektes wat die kinderdoop geloën het. Ons vind baie van Wesley se Metodisme en opwekkingsgedagtes oor die Pinksterkerk by die A.G.S. Daar is 'n voorliefde vir emosionele en angstige belewinge wat siel en liggaam aangryp. Die ideaal is om altyd weer soos die gelowiges op die Pinksterdag aangegryp te word. Die buitengewone dinge moet bewys dat die Heilige Gees teenwoordig is.

In Joël 2:23 word van die "laat reëns" gespreek wat dui op die uitstorting van die Heilige Gees. So het Spurling van Amerika in 1886 'n Spadereënbeweging begin. Die sogenaamde Pinksterbeweging het in verskillende lande ingang gevind. 'n Mens hoor dan van ekstase, uitroepe, kreune, hallelujageskreeu, en op die hoogtepunt word daar in tale gepraat. In 1908 het 'n paar Amerikaanse evangeliste Suid-Afrika besoek en verskillende mense aangegryp. Hulle kon op die lang duur nie in hulle kerk bly nie en het in 1913 hulle eie groep gestig. Hulle het onder die Maatskappywet geregistreer. Gemeenterade word in die gemeentes gekies, en hulle vaardig af na 'n Algemene Werkersraad, wat sy magte oordra na 'n

Uitvoerende Raad of Geestelike Komitee, wat die beweging regeer.

Hoewel hulle eers die kerke verwyt het dat hulle predikante opgelei is en die pastore natuurlike evangeliste is, het hulle nou ook 'n opleidingskool, 'n tweejarige kursus na Matriek, in Johannesburg.

Hierdie sekte is in Suid-Afrika onder blankes en nie-blankes besonder sterk. Dit vul sy geledere uit mense wat deur die Metodisme sag gemaak is en na 'n nuwe uiting in die kerklike lewe soek. Hulle sal nooit probeer om hulle besware te bewys en die kerk te hervorm nie. Nee, hulle skeur net af.

***b. Die leer.***
Tot 1957 het die sekte volgehou dat hulle net aan die Bybel glo. Hulle wou alle nadruk op die persoonlike vroomheid laat val. In 1957 het hulle agter na "besinning" besluit om die Nederlandse Geloofsbelydenis met sekere wysigings te aanvaar.

Hulle "Pinksterstandpunt" is by die Belydenis gevoeg. Aan die een kant is die eeue-oue Nederlandse Geloofsbelydenis vir hulle heeltemal volgens die Bybel, maar aan die ander kant wysig hulle dit op grond van "nuwe" openbaringe van die Heilige Gees aan hulle in die 20ste eeu! So glo hulle in die Bybel en in hulle subjektiewe en persoonlike openbaringe. Tog bely hulle in artt. 2 en 7 van die Belydenis die Bybel as die enigste en onfeilbare openbaring van God! Dit bewys die losheid en teenstrydigheid van die sekte en wat hulle alles doen om tog na 'n kerk te lyk.

*(i) Hoe hulle die Bybel gebruik.* Hulle verdiep hulle in geliefkoosde dele en tekste van die Bybel. So het hulle 'n "verkorte" Bybel, wat hulle glad ken. Bybelstudie word gevaarlik wanneer die kennis van hoofstukke jou 'n vreemdeling vir die geheel van die Godsopenbaring maak.

(ii) *Die verbond en die doop.* In die Ou Testament het volwassenes (soos Abraham, Ismael en diensknegte — Gen. 17:23 e.v.) die besnydenis as teken van die genadeverbond ontvang. Maar kindertjies van agt dae het ook dieselfde teken ontvang (Gen. 17:12). In Romeine 4 word Abraham die vader van die gelowiges genoem. In Kolossense 2:11 e.v. word die besnydenis aan die doop verbind. Nie die *teken* (besnydenis) nie, maar die genadeverbond is *ewig.* Waarom sou Joodse kindertjies in die Ou Testament die teken van die ewige verbond kon ontvang, maar verbondskindertjies in die Nuwe Testament net *ingeseën* moet word om later gedoop te word, soos die sekte sê?

Aan die begin is die kerk met bekeerlinge uit die Jodedom en heidendom gebou. Gevolglik is talle gevalle van volwassedoop in die Nuwe Testament beskrywe. Ons doen dit ook wanneer iemand uit die Jodedom of heidendom tot die Christendom kom. Maar waar lees ons dat hulle kindertjies toe net ingeseën is? Nee, ons lees dat hulle huisgesinne toe gedoop is (Hand. 16:15, 32 e.v.).

Die sekte beroep hulle ook graag op die volwassedoop van Jesus deur Johannes die Doper. Dit was egter toe nog 'n Joodse doop tot bekering van sonde. Die Christelike doop is eers in Matth. 28:19 ná die opstanding ingestel.

Die sekte het groot beswaar dat kindertjies net besprinkel word en nie ondergedompel word nie. Vir hulle is (soos vir Rome) die doop die afwassing van die sondes self. Sonder 'n

onderdompeling is 'n mens verlore. Ons glo dat die doop met onderdompeling of besprinkeling gedoen kan word, omdat dit heenwys na die eintlike doop, die afwassing van die sonde deur die bloed van Christus (vgl. Hebr. 10:22).

Die kinderdoop word verwerp om die aandag van wat God doen af te trek na die geloofsaktiwiteite van die mens. Vir die sekte sê die doop wat die dopeling doen; vir ons sê dit wat God uit genade sonder enige verdienste aan ons kant om Jesus wil doen.

(iii) *Die Geestesdoop:* Die sekte glo dat iemand wat volwasse ondergedompel word, die Heilige Gees ontvang. Net soos Rome glo hulle dus in wonderwerkende krag van die sakrament. Maar daarna vind die Pinksterdoop, die uitstorting van die Heilige Gees, oor enkele toegewyde persone nog gedurig plaas. Hierdie mense kan dan profeteer, gesigte sien en in 'n sinneverrukking raak. Die uitwendige *bewys* daarvan word gevind in die vreemde tale wat hulle praat. Waar in Handelinge 2 en 1 Korintiërs 14:18 van ander bekende volkstale gespreek word, praat hierdie sekte "tale" wat net "kenners" kan uitlê! Laat ons egter daarop let hoe hoog Paulus die *verstand* aanslaan (1 Kor. 14:19).

(iv) *Die erfsonde* word deur die sekte verwerp, en hulle het 'n baie oppervlakkige sondebesef, omdat hulle 1 Johannes 1:8 loën en beweer dat die Geesvervuldes sonder sonde is. Hulle volmaaktheid soek hulle in 'n anti-houding: anti-kerk, anti-predikant, anti-salaris, anti-alkohol, anti-tabak — kortom anti-alles.

(v) In hulle belydenis glo die Apostoliese Geloofsending "dat ons die Here *mag bid vir die genesing van allerhande kwale",* asof ons dit nie glo nie! Die A.G.S. gee egter aan geloofsgenesing, gebedsgenesing, wondergenesing en Goddelike genesing 'n ander sin. Waar die Skrif die weg van gebed vir elke gelowige open en die verhoring laat afhang van die doel van God met die mens (II Kor. 12:9, 10), daar verbind die sekte die gebedsgenesing aan 'n besondere Geestesgawe. Hulle het gebedspesialiste wat die gebed soos dokters ter wille van die gesondheid van die mens aanwend. Die verhoring hang van die mens se "geloof' af. Dit word die belangrike mens en God moet dié mens dien.

**3. *Die Spadereën-gemeentes van Suid-Afrika.***

Hierdie sekte is 'n fanatieker, emosioneler, geheimsinniger en groter ketterse afsplintering van die Apostoliese Geloofsending, wat te wêrelds geword het. Dit het in 1927 ontstaan toe 'n sekere mev. Fraser na langdurige vas en gebede 'n openbaring ontvang het. Sy regeer met 'n ysterhand oor haar volgelinge.

Die sekte word geken aan die blou rokke met lang moue, swart kouse en skoene wat die vroue dra as teken van hulle volmaaktheid en geregtigheid te midde van 'n sondige wêreld.

***4. Ander Perfeksionistiese sektes.***

Prof. S. P. van der Walt bespreek in *sy Dwaling en waarheid* ook die Afrika-Evangeliese Bond of A.E.B. as 'n perfeksionistiese sekte. Hierdie Metodistiese beweging wil sogenaamd "interkerklik" wees, maar vind by geen kerk aansluiting nie. Soos die Apostoliese Geloofsending wil hulle so 'n ekstra emosionele kleur by die kerklike werk voeg. Hulle maak die belewing van 'n heilige lewe volkome van die mens afhanklik.

*Die Kerk van die Nasarener* het ná 1886 in Amerika uit die Pinksterbeweging ontstaan. Dit het van die Apostoliese Geloofsending weggebreek, omdat hulle nie die ekstatiese uitwasse soos die spreek in vreemde tale kon onderskryf nie. Hulle het 'n belydenis en kerkorde en

probeer wetenskaplik oor die Skrif besin. Hulle erken openlik dat hulle navolgers van Arminius (1560—1609) en Wesley (1703—1791) is. Arminius was die leier van die Remonstrante teen wie die Dordtse Sinode die Dordtse leerreëls opgestel het. Wesley is die vader van die Metodisme.

Die Dordtse Leerreëls gee eers hulle leerstellings weer en weerlê dit dan. Die kritiek teen hierdie sekte sal daarom saamtrek op hulle oppervlakkige sondeopvatting, die kenmerkende metodistiese versoening vir almal wat maar wil, die verwerping van die verbond en uitverkiesing, die oordrywing van die plek van die mens en sy kiesvryheid, die voorwaardelike regverdigmaking, die volmaaktheid (Perfeksionisme) wat die bekeerde bereik, ens. In die Vyfde eeu het Augustinus hom al teen hierdie kettery van Pelagius verset

***Literatuur:***

S. P. v.d. Walt: *Dwaling en waarheid,* hft. IV.
L. S. Kruger: *Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika. 'n Kerk of 'n sekte?*
J. C. Kruger: *Daar staan óók geskrywe.*

**VRAE:**

1. Wat is godsdienstige perfeksionisme?
2. Waarheen verskuif hulle die nadruk, en hoekom loën hulle die kinderdoop?
3. Wat wil hierdie sektes in hulle samekomste bereik?
4. Wat is die Spadereënbeweging van Spurling?
5. Hoe het die Apostoliese Geloofsending in Suid-Afrika ontstaan?
6. Watter verandering van standpunt het hulle in 1957 ondergaan?
7. Hoe het hulle dit uitgevoer?
8. Hoe .gebruik hulle die Bybel?
9. Hoe sal u die kinderdoop regverdig? Glo ons in volwassedoop?
10. Hoekom is besprinkeling by die doop toelaatbaar?
11. Hoekom verwerp die A.G.S. die kinderdoop?
12. Wat is die Geestesdoop?
13. Hoe weet u dat die sekte 'n_ oppervlakkige sondebesef het?
14. Wat dink u van gebedsgenesing?
15. Wat weet u van die Blourokke; van die A.E.B.; van die Kerk van die Nasarener?

# Hoofstuk XXVIII
# GODSDIENSTIGE STROMINGE

Behalwe die sektes is daar ook nog godsdienstige strominge wat òf die mens se behoefte aan geheime wil bevredig òf hulle eie gedagtes oor God, die verlossing, die lewe en sterwe, ens., wil verkondig. Hulle gee dikwels voor dat hulle die kerk help om godsdienstiger te wees.

***1. Morele Herbewapening.***
***a. Die Oxfordgroep.***
Dr. Frank Buchman was 'n Lutherse predikant in Amerika wat onder invloed van die gevoelsgodsdiens gestaan het. Hy wou baie vir liefdadigheid doen. Hy het egter gebots met die bestuur van 'n weeshuis en daarna ontdek dat sy selfsug hom van God en sy naaste skei. Hy begin om "house parties" op universiteite te organiseer. In 1921 het die vonk na Oxford (Engeland) oorgeslaan. In 1928 is die beweging ook in Suid-Afrika begin — selfs met steun van een van die Afrikaanse Kerke. Teen 1938 was die beweging uitgewoed. Toe het Buchman dit as *Morele herbewapening* van stapel gestuur. Daar word groot internasionale kongresse, veral te Caux in Switserland, gehou. In 1950 het ons volksraad selfs 'n afvaardiging daarheen gestuur.

Die Oxfordgroep het min of meer die patroon van ander metodistiese bewegings soos die C.S.V. en A.E.B. Hulle wil terugkeer na die Pinkstertyd met die uitstorting van die Heilige Gees. Handelinge is die lieflingsboek, en hulle jaag om vrymoedig te getuig, sondare te red en te bekeer. Sydelings word die kerk gekritiseer: dit praat te veel en doen te min. Dit is 'n preek-en-leerkerk. Daar is te weinig werklike Christene.

***b. Morele herbewapening.***
Na die ellende van die Tweede Wêreldoorlog het Buchman gesê: "As julle nie na leiding wil luister nie, sal julle na gewere luister". Die wedloop na atoombomme moet 'n wedloop na geestelike wapens word. Dan sal 'n gelukkige menslike samelewing moontlik word.

Die ideaal is mooi, maar is Morele herbewapening 'n gesonde beweging?

(i) *Die uitgangspunt van Buchman* is ontleen aan sy eie ervaring ná sy grief teen die bestuur van die weeshuis: ons moet aan mekaar ons selfsug bely, en daarna moet ons uitgaan om ook ander daartoe te bring. Hierdie klein bietjie (minimum) neem die plek van die baie in die evangelie.

(ii) *Drie sentrale eise:* Die angste van die Wêreldoorlog moet die mens oortuig dat die mensdom Godloos, sonder God, geword het. Daarom is 'n groot geestelike rewolusie nodig om weer *Godsbestuur* ("God-control"), *Verandering* ("Change") en *Leiding* ("Guidance") te bewerkstellig. Die beweging is op dergelike slagspreuke gebou. Dit lyk soms Skriftuurlik, maar die mens wil God aan die bestuur plaas, asof God nie die wêreld regeer nie! Ons moet Hom Koning maak, asof Hy nie Koning is nie!

Die mens is vir hulle van nature goed en gaaf. Die *Verandering* kom sodra elke mens die deugde van eerlikheid, reinheid en onselfsugtigheid toepas, daarna openhartig met sy vriend gesels oor wat in sy lewe verkeerd was, dan verskoning vra en uiteindelik erken dat 'n Hoër Wil sy lewe moet beheers. Verskoning vra neem die plek van die Bybelse vergifnis op grond van skuld wat betaal is. Dit is die kenmerkende flou sondebegrip van die Metodisme.

Die mens is soos 'n radiotoestel wat daagliks die *Leiding* van die Heilige Gees ontvang. Hy moet die gedagtes wat so opkom, opteken en dan toets of dit van God kom. Dit is selfs die voorskrif vir die volke van die Ooste wat die Drie-enige God nie ken nie.

Volgens die drie stappe moet die Ooste en Weste in 'n internasionale godsdiens saamgebind word.

(iii) *Hulle metode* is om met sielkundige propaganda, Amerikaanse grootdoenery, die film en toneel hulle idee van 'n wêreldwye geestelike volkerebond te verkondig.

*Kritiek:* Hoewel die Bybel gebruik word, is die stelsel nie daaraan ontleen nie. Dit is uit die mens gebore, tipies Metodisties en amper kinderlik naïef.

***2. Die Spiritisme.***

Vorme van die Spiritisme is baie oud (vgl. Deut. 18:9— 12), en die Here het die doodstraf daaroor uitgespreek. Hulle hou hulle besig met die geeste van die afgestorwenes en *beweer dat hulle boodskappe uit die geestewêreld ontvang.* So is selfs al die weggesteekte lyke van vermoordes opgespoor. Die geheimsinnige daarvan trek in hierdie materialistiese wêreld baie mense aan, omdat dit die bestaan van sekere geesteskragte bewys.

Die moderne Spiritisme het in 1848 in Hydesville, New York, ontstaan toe die dogters Fox geslaag het om deur klopgeluide met die gees van 'n vermoorde man in aanraking te kom. Daarna is ook geprobeer om met ander geeste in aanraking te kom. Daar word altyd 'n *medium* gebruik. Soms word 'n tafel beveel om met sy poot te klop en op vrae te antwoord.

Die Spiritiste glo dat 'n mens naas sy stoflike ook 'n geestelike liggaam het wat selfs tydelik buite die stoflike liggaam kan verkeer en by die dood dit vir goed verlaat. Ná die dood kan dit hom van die liggaam van 'n medium bedien. As 'n gees verskyn, is dit 'n *séance.*

Die Spiritisme gee hulle eie verklaring van die lewe na die dood, en die meeste ontken die Bybelse leer van hel, hemel en afrekening. Die aardse lewe is riet 'n voorbereiding vir 'n geestelike ontwikkeling na die lewe. Van sonde en Jesus Christus as Middelaar weet hulle nie. God word eintlik met die geesteswêreld vereenselwig. 'n Beroep op 1 Samuel 28 regverdig nie die praktyk nie, omdat die heks 'n medium was wat Samuel vir Saul beskryf, en in vs. 6 word gesê dat God Saul nie geantwoord het nie. Dat Samuel werklik verskyn het en 'n antwoord van God gebring het, kan hier nie afgelei word nie.

Die Spiritis soek gemeenskap met die dode. Die Christen het gemeenskap met die lewende Christus. Die praktyke verwoes die senuweegestel van die mediums.

### *3. Die Vrymesselary.*

***a. Inleiding.***

Vrymesselary wil 'n geheime beweging wees. Hierdie *geheimsinnige atmosfeer* is sy eerste groot aantrekkingskrag. Tog is die geheime eintlik net simbolies. Die geheim van die *Vrymesselary* is dat dit geen geheim het nie. Omtrent alles van die Vrymesselary is bekend. Daar is egter ook die wildste stories oor hulle dade, wraak, onderlinge beskerming in die hof, ens., in omloop.

'n Tweede sterk aantrekkingskrag is die *"eer" om lid te wees.* Die beweging soek na

uitgesoekte manne in sleutel-posisies. Jy ontmoet daar "hooggeplaaste" mense as jou vertroulike broer.

'n Derde aantrekkingskrag is die *selfsug van die mens.* Die beweging is daarop uit om goed te doen — maar net vir sy eie lede, hulle kinders en hulle eie belange. Dit beloof promosie en vooruitgang aan sy lede. Hulle kan hulleself dien deur aan te sluit.

'n Vierde aantrekkingskrag vir sommige is die *internasionale "broederskap".* Jy kan 'n "broer" ontmoet in enige land en onder enige volk. Dit maak jou 'n soort "wêreldburger".

'n Nuwe lid word gewerf nadat hy voorgestel en gekeur is. 'n Paar leiers van die plaaslike tak (losie) hou dan aan hom die voordele van lidmaatskap voor. Hy moet sweer om lewenslank alles geheim te hou en aan sy broeders getrou te bly. Hulle sê dan graag: "Eenmaal 'n Vrymesselaar, altyd 'n Vrymesselaar". Enigeen kan egter bedank en so 'n dooie lid word. Die lidmaatskapsgelde is hoog, en baie word bestee aan dinees en onthale.

***b. Die geskiedenis.***

Vanweë die oorwegende Joodse invloed word graag gesê dat Hiram Abiff, die boumeester van die tempel van Salomo, die stigter was. Dit is egter net om kleur daaraan te gee.

In die Middeleeue het elke ambag in die sogenaamde gildes of vakunies sy tegniek as 'n geheim bewaar, en dit is van vader op seun oorgedra. So het net die bouwerkers geweet hoe om 'n passer, winkelhaak, skietlood, liniaal, waterpas ens. te gebruik. Die geboue waarin die gereedskap toegesluit en weggesteek was, is die *loge* genoem. Na 'n groot brand in Londen in 1666 is daar 'n massa bouwerkers saamgetrek, wat tot 1700 aan die stad gebou het. Ondertussen het sedelike verval en verwildering al sterker voorgekom sodat 'n groep Vrymesselaars gevorm is om aan die geestelike mure van die mensdom te messel. Aan die bougereedskap is toe 'n geestelike of simboliese betekenis gegee. Die Grootlosie van Engeland is in 1717 gestig. Dit het oor die lande van die wêreld verbrei. In Suid-Afrika was eers net 'n Hollandse en Skotse losie. Later is ook 'n Afrikaanse gestig. Almal saam vorm een internasionale beweging.

***c. Die leer van die Vrymesselaars.***

(i) *Hulle doel:* Ken jouself, beheers jouself, veredel jouself. Dit wil die eienskappe van die mens tot 'n hoër geestelike en sedelike peil ontwikkel sodat hy goed kan lewe. Hulle vergoddelik die menslike gees en eis volkome vryheid van gewete, denke en lewensbeskouing. Hulle bepleit dus verdraagsaamheid tussen kerke, godsdienste, beskouings ens. Elke mens kan glo wat hy wil. Hulle het 'n diepe afkeer van die belydenis van die kerk. Omdat hulle uitgaan van hulle eie deugde en gaafheid, meet hulle die swakheid van die kerk aan die gebreke wat hulle in die kerkmense opmerk. Die beweging stam uit die *humanisme* (mensverheerliking). Dit dra die kenmerke van *Rasionalisme* (die verstandsgodsdiens) en *liberalisme* (vgl. hfst. X).

*Kritiek:* Die gelowige weet dat die mens behoefte aan weeropbou nodig het. Dit kan egter vanweë die sondeval nie uit die mens self kom nie (Heid. Kat., vr. 8). Die Vrymesselaars verwerp die onmag van die mens tot die goeie en erken Jesus ook nie as 'n Borg en Verlosser nie. Hy was hoogstens 'n Vrymesselaar aan die vervalle mure van die mensdom. Hulle stel Hom op een vlak met Salomo, Plato, Buddha, Ghandi en so meer. Dit is 'n leer van verlossing en lewensvernuwing sonder Christus — so eie aan die Joodse Fariseïsme.

(ii) *Hulle geheimhouding en eedswering:* Wanneer 'n nuweling ingesweer word, word hy in jammerlike klere aangetrek: kaalvoete, sy linker broekspyp tot bo die knie opgerol, sy linkerbors kaal en geblinddoek verskyn hy. Die Meester van die losie vra hom: "Wat soek jy?" Hy antwoord dan: *"Ek soek lig".* Dit gaan hy nou nie meer in die Skrif nie, maar by die Vrymesselaars kry.

Daar is 'n altaar waar 'n Bybel en daar bo-op 'n winkelhaak en passer lê. Met sy linkerhand onder die Bybel en regterhand op die passer sweer hy dan om alles geheim te hou, voordat hy weet of die geheim goed of sleg is. Hy sweer "plegtig" trou aan hierdie sake . . . en roep die straf in . . . wat niks minder is as dat my keel van oor tot oor afgesny, my tong aan die wortel uitgeskeur en begrawe word in die sand van die see in die laagwater, waar die water twee keer in 24 uur eb en vloei as ek in die minste willens of wetens, dit sou verbreek . . . Mag God my daartoe help . . ." Met die oorgang van graad tot graad, van vakleerling tot vakman, dan meesterbouer en tot die hoogste graad van die Royal Arch (33ste), word die ede al vreesliker. 'n Geheimhouding gegrond op dergelike afskuwelike ede is godslasterlik (vgl. Heid. Kat., Sondag 37). Geheimhouding is op sigself soms nie verkeerd nie, mits dit nie gaan om die kwaad (en selfsug) te beskerm nie (Joh. 3:19—21).

In Griekeland en Egipte was daar *nog voor Jesus* misterie- of geheimegodsdienste waaraan alleen ingewydes kon deelneem. Dit het afgespeel rondom die teëstelling van lig en duisternis. Die ooreenkoms van Vrymesselary met hierdie klassieke heidense praktyke is duidelik.

(iii) *Hulle Godsbegrip:* In hulle boeke en kategismusse praat die Vrymesselaars van die *losie* as 'n *tempel*, van figure en gedagtes uit die Bybel, en hulle het 'n spesiale begrafnisseremonie. Hulle glo 'n Vrymesselaar word deur die dood oorgeplaas na die Groot Losie (hemel). Hulle het formulier-gebede en roep 'n godheid aan. Hy word genoem die *Groot Argitek van die Heelal*, sodat Jood, Mohammedaan, Boeddhis, Christen en elkeen daaronder kan verstaan wie hy wil. Die groot geheim van die beweging word in die hoogste graad in die oor gefluister. Dit heet *Jaobulon*, 'n samesmelting van *Jahweh* (die Here van die Ou Testament), *Baal* (die vergoddelikte natuurkrag in die man) en *On* (die Egiptiese Son-of Liggod). Die beweging het dus sy eie internasionale godsbegrip uitgedink om in die plek van die God van die Skrifte te stel. Dit is die eintlike simboliese geheim: hulle soek na 'n god. Dit is dus in wese afgodery en beeldediens.

(iv) *Die Bybel* het wel 'n simboliese plek in die Vrymesselaarsgodsdiens, maar dit word op een vlak met die Mohammedaanse Koran gestel. Dit dien net tot die saamsnoering in die broederskap. Daar is ook die lig van winkelhaak en passer naas die Bybel nodig. Dit is tog 'n feit dat baie Jode 'n oorheersende plek in die beweging inneem, en hulle verwerp Christus. Daarom word die Naam van Christus weggelaat. Wat beteken die Bybel dan eintlik?

(v) *Slotsom:* Die Vrymesselary is 'n samesmeltings-godsdiens met sterk Joodse, Oosterse misterie en heidense trekke wat uitgaan van die idee van selfverlossing, selfreiniging en selfverheerliking deur jouself op te werk in die grade van die beweging. Die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het reeds in 1863 op Skrifgronde (II Kor. 6:14— 18; Joh. 3:19—21) besluit dat 'n lid van 'n Gereformeerde Kerk nie ook lid van die Vrymesselaars kan wees nie. Die besluit word in die bylaes van die Kerkordeboekie gereeld afgedruk.


***4. Ander strominge.***


Daar is nog 'n menigte ander godsdienstige strominge soos die Christian Science, Rosekruisers ens.

***Literatuur:***
S. P. v.d. Walt: *Dwaling en waarheid,* hfst. V.


**VRAE:**

1. Waarom kan sekere godsdienstige strominge ook by die sektes gereken word?
2. Wie is die stigter van die Oxfordgroep en Morele herbewapening, en hoe het hy daartoe gekom?
3. Wat is hulle houding teenoor die kerk?
4. Wat is die ideaal van Morele herbewapening?
5. Wat is hulle uitgangspunt ?
6. Watter drie eise is vir die geestelike rewolusie nodig, en hoe wil hulle dit uitvoer?
7. Wat dink u Van die Buchmanisme?
8. Wat beoog Spiritisme, en hoe het die moderne Spiritisme ontstaan?
9. Wat glo hulle ten opsigte van die hiernamaalse dinge?
10. Hoe moet 'n Skrifgelowige teenoor die beweging staan?
11. Noem vier groot aantrekkingskragte van Vrymesselary.
12. Hoe werf die Vrymesselaars 'n nuwe lid?
13. Hoe het Vrymesselary ontstaan?
14. Wat is die doel van die Vrymesselaars, en watter kenmerke dra dit?
15. Hoe staan u as gelowige teenoor die uitgangspunt van die Vrymesselaars? Wat dink hulle van Christus?
16. Hoe word 'n nuwe lid ingesweer en wat moet hy in die beweging soek?
17. Wat dink u van hulle geheimhouding en ede? Hoe kom dit ooreen met die klassieke Oosterse misteriegodsdiens?
18. Wat dink u van die godsbegrip van die Vrymesselaars?
19. Wat is eintlik *die* simboliese geheim van die beweging?
20. Hoe gebruik hulle die Bybel?
21. Wat dink u as Gereformeerde van die beweging?


UITBREIDING VAN DIE CHRISTENDOM
TYDENS DIE ROMEINSE RYK
1. LET OP DAT PALESTINA IN DIE SENTRUM Lê VAN DRIE GROOT KONTINENTE
2. LET OP NA DIE BYBELSE GEMEENTES IN KLEIN ASIë
3. LET OP HOE PAULUS DIE EVANGELIE UITDRA VAN KLEIN ASIë NA EUROPA
GROOT BRITTANJE
WES - EUROPA
FRANKRYK
KASPIESE SEE
SPANJE
ITALIë
SWART SEE
MASEDONIë
ROME
PHILIPPI
KONSTANTINOPEL
TESSALONIKA
KLEIN ASIë
NICEA
TROAS
ANTIOCHIë
SICILIë
KOLOSSE
IKONIUM
ATHENE
EFESE
LISTRE
LAODICEA
TARSUS
SIRACUSE
KORINTHE
MILETE
DERBE
PATMOS
PERGE
ANTIOCHIë
AFRIKA
KARTAGO
MALTA
SALAMIS
PAFOS
DAMASKUS
KRETA
SKONE HAWE
CYPRUS
CAESAREA
MIDDELLANDSE SEE
JOPPE
PALESTINA
JERUSALEM
ALEXANDRIë



EUROPESE KERK - GESKIEDENIS
1000 - 1652
LET OP DIE INVLOEDSFEER VAN DIE OOSTERSE
EN WESTERSE KERKE EN DIE MOHAMMEDANISME.
LET OP NA DIE HERVORMING IN DIE NOORD-WESTE
ROOMSE KERK
GRIEKS-ORTODOKSE KERK
MOHAMMEDANISME
GROOT BRITTANJE
LONDON
NEDERLAND
DOKKUM
EMDEN
AMSTER DAM
KAMPEN
UTRECHT
ANTWERPE
DORDRECHT
BRUSSEL
NOYON
PARYS
NANTES
DUITSLAND
BERLYN
POLE
EISLEBEN
WITTENBERG
WARTBURG
ERFURT
WORMS
PRAAG
HEIDELBERG
BOHEME
MORAWIë
STRAATSBURG
AUGSBURG
BASEL
KONSTANS
WENEN
GENEVE
SWITSER LAND
OOSTENRYK
FRANKRYK
HONGARYE
ITALIë
MOSKOU
RUSLAND
KASPIESE SEE
SWART SEE
MADRID
SPANJE
POUSLIKE STATE
ROME
GRIEKELAND
KONSTANTINOPEL
TURKYE
ATHENE
NOORD - AFRIKA
MIDDELLANDSE SEE
JERUSALEM
ALEXANDRIë


ONTSTAANGESKIEDENIS VAN DIE
GEREFORMEERDE KERK IN S.A.
ONDERSTREEPTE PLEKKE IS EERSTE GEMEENTES
S. W. A.
TRANSVAAL
SOUTPANSBERG
WATERBERG (NYLSTROOM)
LYDENBURG
RUSTENBURG
PRETORIA
JOHANNESBURG
LOURENCO MARQUES
POTCHEFSTROOM
ORANJE VRYSTAAT
VENTERSBURG
WINBURG
KIMBERLEY
BLOEMFONTEIN
REDDERSBURG
NATAL
PIETERMARITZBURG
DURBAN
PHILIPSTOWN
BETHULIE
COLESBERG
VENTERSTAD
BURGERSDORP
MIDDELBURG
KAAPKOLONIE
GRAAFF-REINET
CRADOCK
ROODEWAL (TULBAGH)
SWARTLAND
PAARL
KAAPSTAD
STELLEN-BOSCH
SWELLENDAM
PORT-ELIZABETH